



NUWE REEKS XIV: 4 NOVEMBER 1976

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



Ernst de Jong-Alteijer



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

ELIZE BOTHA

Redaksionele medewerker:

Elsa Nolte

Skakelredaksie:

J. J. Brits — W. A. de Klerk — Andre Demedts

B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij

Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P. J. Nienaber

Z. J. Pretorius — P. D. v.d. Walt — M. M. Walters

Eveleen Castelyn

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

R4 per jaar. Los nommers: R1 per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak
deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings
van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

Inhoud

Johan van Wyk, Etienne van Heerden, Hewitt Visser, Herklaas Coetzee, Pieter Claassens	: Gedigte 1
Kintie Malan	: M.E.R. en die politiek 6
M.E.R.	: M.E.R. skryf politiek 17
Daan Malan, Freda Linde	: Gedigte 20
Clarissa Jacobi	: De woestijn 21
Joan Jordaan	: Pieter Hugo Naudé: 'n stil lewe 29
Lina Spies	: Audrey Blignault 60: fynproe-wyn en borrel-sjampanje 36
H. J. Schutte	: Speelse en eksperimentele elemente, vanuit die gesigshoek van geestig- heid, in die poësie van D. J. Opper- man (1) 41
Elsabe Steenberg	: Karakters en verhoudings in Die singende gras 51
S. Strydom	: "Het paradijs ligt in het verleden" — n.a.v. De schepen van Jan van Nijlen 58
Literêr-aktueel :	
Skrywerskongres --- Referate gebundel	65
Tydskrif vir Letterkunde — Intekengeld verhoog	65
D. F. Spangenberg, F. G. E. Nilant	: Boekbesprekings 66
Afrikaanse boeke verskyn gedurende Julie-September 1976	78

GEDIGTE

ek het martha gehoor huil
 ek het al gesien hoe genadeloos is 'n man / short-back-and-sides
 onder sy pet / 'n man wat nie weet wat hy doen nie
 ek het die mens opgekoenekt gesien
 ek het gesien hoe 'n orkes deur 'n weerlose straat gaan
 hansworse in staatspette
 ek het gesien hoe 'n mens in 'n droom uitgeskakel word
 dof word, wegkrimp in die skaduwee van 'n sel
 ek het gesien hoe rotte in 'n hoek bid soos nonne voor geweerlope
 ek het mens gevoel / afgekrapte pens-en-pootjies
 die klein tongetjie gil teen die verhemelte
 ek het gesien hoe 'n kopvel krimp en skilfer / in 'n elektriese stoel
 ek het 'n asbak van hande gesien
 afgekapte tonge van mense wat lieg
 afgekapte hande van mense wat steel
 geslagsorgane van vegters in botteltjies spirits
 dooies sing by die graf van marx
 ek ken die karkas van die mens
 ek het christus aan 'n kruis gesien
 en oor my eie lyf gekyk / ek het water geskep
 oor my linker skouer
 ek het lasarus gesien
 toe die wind waai
 deur die bome van die heilige berg
 ek het die gestalte van christus gesien soos 'n lamp beweeg
 en iewers in die strate
 in steeghoeke
 het polisie en wolfhonde
 my gejag

* * *

hulle kom met stokke vaandels en wrede sandale
 met die tuinpad langs
 wat kan hulle vêr woorde doen?
 waarom moet jy in 'n dwase oomblik
 die oor van hulle voetstappe afkap
 die swaard moet deur ribbes steek
 hy droom hulle droom
 hulle slaan hom met stokke
 bloed koek in sy hare
 hy loop op die meer
 soms hoor hulle 'n kreet
 uit sy mond
 die aarde wat die afwagting nie verduur nie
 skeur oop, hulle plant hom
 aan 'n vaandel
 alles word stil
 hulle dra hulle handewerk weg
 hulle lê die waarheid neer toegedraai in lappe

JOHANNESBURG

skape sal wei
in jou groen weivelde
tussen pype en mure
wat soos gebreekte rûe staan
in jou ruïnes sal die skaapwagter
sy fluit speel want vrede het oor jou gekom . . .
want vrede het oor jou gekom

jou motorwrakke staan
oorgroei deur gras
stukke teer steek uit onder stof
in 'n hoek lê die skedel van 'n kelner
die baadjie van 'n minnaar hang aan 'n deur
vasgeroes aan skarniere, jy het rus gevind
groot stad

in brandkaste het note verander in stof
fabriekspype blaas nie rook nie
niemand wil jou opbou nie
niemand wil jou goud myn nie
bosduiwe bou neste in jou vervalle strukture
geen toeriste besoek jou nie
jy lê in 'n vleilaagte
soos die lyk van 'n hoer
wat uitgespoel is op 'n oewer

skape sal in jou wei
sal blêr onder beskerming van jou mure
in die stormweer, en in die sonskyn
sal hulle eet aan die plante
wat groei uit gebarste stene
en die lied van die fluit
sal die dooies nie opwek nie
niemand hunker meer na jou nie
toneelspelers gemasker
agter witgepoeierde gesigte
buit jou angs nie meer uit nie
jy het nie meer angs nie . . .

jy het vrede gevind maar nie by diplomatieke konings nie
nie by geldwolwe nie . . . laat my lammers wei
nie by verdowingsmiddelsverkopers nie
nie by ekonome of by goudbase nie
nie by arbeiders nie . . . 'n hond
lê dood met ribbes wat steek deur vel
jy het vrede gevind
stootskrapers, pantserwaens en bomwerpers kon jou nie
vernietig nie
jy het vrede gevind . . .

ETIENNE VAN HEERDEN

(in dié nag was die
enkele flitse van frangipanies in blom
sober en soos uitroep uit 'n winter vorentoe)
en toe ek huis toe kom
by die bekende draffie van my wekkertjie verby
verby my Bybel se verweerde omslag
en anderkant my snel en afgeknypte buk
voor God
en my selfsugtige rympie
met amen
soos 'n handdruk ná 'n kontrak
en verby my jean oor die stoel slinger
(en vir laas jou aan my hande vind waar jy
nou vinnig sterf met die bykom van nuwe reuke)
het ek op my skouer een van jou hare gekry
soos 'n nagedagte
en dit deur my vingers getrek
om te hoor hoe dit fluit soos pyn
met die breekslag se knal
die kleinheid van die klank gehoor
dit laat val
iewers tussen my lakens
en die ligafsit aangedurf.

HEWITT VISSER

BOME

bome is belangrik
vir meubelstukke
koerantpapier
skilderagtergronde en
piekniekskaduwee

maar daar is geen boom
sonder 'n stam nie

daarom is stambome belangrik
vir versamelaars van stinkhoutmeubels
en plaaslike skilderye
vir rubriekskrywers van dagblaie en
bosveld-bier-en-braai-onthale

maar wie wil na sy bloubasverwante
sy lewe aan 'n boom verbind

HERKLAAS COETZEE

GEBED VAN 'N AFGELEEFDE DRUIWEBOER

Grote God

U weet hoe dikwels ek hulle
tussen by barlinka en hanepoot
betrap het
ek het geraas, gevloek, geslaan —
dit was darem uitvoerdruive Heer —
en soms — daarvoor dank ek U —
ook saggepraat en later
oor al dié dinge gedink
gewonder oor die mens
en die kwaad wat so diep loop
in smal geute van die brein

en nou?

gee dat by U onverwagse koms
ook ék
in U Wingerd betrap sal word
wees my dán genadig . . .
ek kom ook maar om te roof.

DOULOS THEOU

Sy hande is griffels sy vingers sjamirstene
wat die skerp sade kundig sny
sy neus loop gedurig van die laagbuk
en plant diep in die oubank van die hart
soms snuif hy dink aan Paulus en Appollos
en heuningdou tussen die oes.

VOOR DIE VAL

God, hoe was ek voor die Val?
nie van die dood gewect nie die kurwes van die kwaad
'n nastergal met geheime liefdesdrif
'n lied op die Wysie van die Lelies
'n marjolein welriekende olie van die hisop
'n egte agurkie wat dougrond bevrug het
'n Melgisedek wat ewige onskuld bewaar het . . .
'n lier wat die mooi Boom guitig geloof het.

PIETER CLAASSENS

GEHEIME VOORSKRIF

dra wit blomme as die maan opkom,
want die vleie ruik na bloed;
klou aan jou skadu as die son afrem,
die dag is baie kort;
bind jong blare om jou nek as jy slaap,
vang die son in sy vlug,
druk twee loeries in jou sak en wens —
dié lewe gaan verby

KLOPKLOPPIE

wat word van die klopkloppie
as hy nie meer sing?
wat word van hom
as sy lied opdroog?

sy oë verpoeier
sy vlerke val af,
die miere dra hom weg
na 'n donker graf

klein klopkloppie
stukkend in die stof
tyd maak ons almal
stil en dof

met liedjies
met woorde
besweer ons
die dae

dog net in ons swye
skep die dood
behae

DIE BOOM, PORTUGAL

die boom
die groen boom
die groen boom
met ore

luister aandagtig
na die fado
van die reën

en roer
en ruis
so sag
so grys

dat groen
die grysste
grouheid
word

M.E.R. EN DIE POLITIEK.

Gedurende 1975 is allerlei fasette van die lewe en werk van M.E.R. in twee publikasies asook in etlike letterkundige, kulturele en populêre tydskrifte deeglik en omvattend in oënskou genem, terwyl sy ook al vroeër deur universiteite en die Suid-Afrikaanse Akademie met eregrade en pryse vir haar letterkundige werk en maatskaplike navorsing vereer is. Een faset van haar lewe wat egter nog nie behoorlik geboekstaaf is nie is haar rol en belangstelling in die politiek — 'n belangstelling wat wel duidelik uitkom in haar outobiografie, maar 'n rol wat veral deur haar eie beskeidenheid diep weggesteek is. Vir die navorser wat nie bevoorreg was om haar persoonlik te ken nie is daar gelukkig nog allerlei bronne waar haar spore gevind kan word, en wat vir die nageslag bewaar is.

In *My Beskeie Deel* vertel M.E.R. ons een en ander van die stigting in Kaapstad in Maart 1923 van die Nasionale Vroueparty waarvan die bestaan vandag so te sê totaal onbekend of vergete is. Sy bespreek hierdie geskiedenis in bietjie meer as 'n bladsy van haar boek en verwys dan na 'n "Kieswet" wat die werk van die N.V.P. feitlik onmoontlik gemaak het en insinueer dat dit die oorsaak was van die vroeë einde van 'n beweging wat met skone vooruitsigte begin het (M.E.R., 1972, bl. 226). Hiermee skep sy die indruk dat die N.V.P. maar ongeveer twee jaar bestaan het en aan gebrek aan belangstelling dood is. In hierdie artikel wat die tydperk 1923 tot 1933 dek sal gepoog word om hierdie bewering te weerlê deur die bestaan te bewys van 'n lewenskragtige vereniging, bestuur deur 'n groep geesdriftige vroue, waarvan M.E.R. 'n belangrike lid was; 'n vereniging wat tot 1930 steeds gegroei het in aktiwiteit en ledetal en alles behalwe deur gebrek aan belangstelling dood is; 'n vereniging waarvan daar 25 jaar later nog tekens was al het hy in 1930 amptelik opgehou om te bestaan.

Gelukkig dat in 1976, na 50 jaar twee sleutelfigure van die Nasionale Vroueparty nog in lewe is om by lig op te steek, en hoewel bejaard, beide nog helder van verstand en geheue is. Die twee is mev. Enid van der Lingen van Duncanstraat, Pretoria en mev. Alet van der Merwe van Durbanville. Mev. Van der Merwe was in die tyd van die N.V.P. bekend as mev. D. J. J. de Villiers, en in *M.E.R.* 100 gee haar seun Tol de Villiers 'n indruk van die baie besondere verhouding tussen hulle familie en M.E.R. en dat politiek altyd 'n belangrike onderwerp van gesprek was.

Mev. Enid van der Lingen ('n nooi uit die bekende Wilcocks-familie) was as tesouriere en sekretaresse 'n ware steunpilaar in die organisasie en administrasie van die Nasionale Vroueparty van Kaapland, maar haar grootste bydrae was sekerlik dié van redaktrise van die N.V.P. se eie kwartaalblad *Die Burgeres* wat in 1927 in die lewe geroep is. Toe sy by die laaste kongres in 1930 bedank het omdat sy na Pretoria moes verhuis is van haar gesê dat sy die spil was waarom die hele organisasie gedraai het, en M.E.R. skryf

in *Die Burgeres*, Februarie 1931: "Mev. Van der Lingen het met ruime maat gemeet toe sy haar helder oordeel, haar skrandere verstand, haar veelsydige kennis van mense en dinge ten diens gestel het van die vrouens van haar volk." Sy besit nog 'n volledige reeks van *Die Burgeres* van 1927 tot 1930.

Mev. Alet de Villiers is tydens die N.V.P.-kongres van 1925 op die Hoofbestuur gekies en het mev. Van der Lingen in 1930 as redaktrise van *Die Burgeres* opgevolg. Op aanbeveling van M.E.R. was sy vanaf die samesmelting van die Nasionale Vroueparty en die Manneparty in 1930, assistent vir die organiserende sekretaris van die Nasionale Party in Kaapland, mnr. F. C. Erasmus, en het jare lank 'n noue verbintenis met die politiek gehad. Mev. De Villiers vergelyk mev. Van der Lingen en M.E.R. so: "Enid was 'n uitstekende administratrise en daarby 'n stadsvrouw. Ta'Miem het weer die plattelandse vrou en haar behoeftes beter geken en verstaan as enige iemand anders. Sy het 'n geweldige invloed op ons gehad, en ons N.V.P. gehelp om sake baie meer indringend te ondersoek as ander vroue-organisasies."

Die Burgeres

Hoewel mev. Enid van der Lingen as redaktrise seker die grootste aandeel aan die werk van *Die Burgeres* gehad het, het M.E.R. en ander hoofbestuurslede gereeld ook bydraes geskryf. In die eerste uitgawe van *Die Burgeres*, April 1927, sê die redaktrise: "Die blad sal 'n politieke blad wees, en ons vertrou dat dit 'n weerspieëling sal wees van die wyse waarop vroue oor sake van politieke aard dink. Dit is nou eenmaal so dat sake van opvoeding, volksgesondheid, maatskaplike welvaart, deur die politieke masjinerie behartig word, en daarom sal daar in ons kolomme artikels verskyn oor opvoeding, volksgesondheid en maatskaplike kwessies. Alle sake wat van so 'n aard is dat hulle verkeerd gemaak is, of reggemaak kan word deur die wetgewende liggame, die Parlement of die Provinsiale Raad, kan in hierdie kolomme bespreek word, maar mode artikels, of kook- en koekreseppies hoort tuis by ons non-politieke tydgenote. Ons sal ook vertel wat ons susters in ander lande doen op politieke en maatskaplike gebied." *Die Burgeres* het intekenare van oor die hele land gehad en daar het selfs soms bydraes uit die ander Provinsies gekom. Mev. De Villiers vertel: "Die mans het selfs gesê dat as hulle 'n wet mooi wil verstaan dan kan hulle dit net maar in *Die Burgeres* gaan lees."

Kongresse

'n Waardevolle bron van inligting oor die N.V.P. van Kaapland en M.E.R. se aandeel kan gevind word in die kongres- en hoofbestuursnotules wat saam met ander Nasionale Partystukke bewaar word by die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein. Volgens hierdie gegewens was M.E.R. saam met dr. Lydia van Niekerk verantwoordelik vir die reëlings van die eerste kongres in 1923 in Kaapstad toe sy ook op die Hoofbestuur gekies is en lid van die

“Werkendekomitee” (dagbestuur) geword het. Van 1923 tot 1930 het sy alle kongresse bygewoon en eers vanaf 1928, toe sy rondreisende sekretaresse vir die A.C.V.V. geword het, was sy net van enkele hoofbestuursvergaderings afwesig. Die notules van hierdie vergaderings bewys haar waarde as aktiewe lid waar sy byvoorbeeld ’n brief moes opstel aan die Departement van Arbeid oor werkerskaffing aan skoolverlaters, of verslag gee as verteenwoordiger op die Federale Raad, of van skakeling met die Manneparty of wanneer sy voorstelle van beskrywingspunte oor opvoedings- en gesondheidsake moes maak.

Interessant is dit ook om te sien hoe die werksaamhede en entoesiasme van die Nasionale Vroueparty deur die jare toegeneem het. Van die huiwerige begin by die eerste kongres skryf M.E.R. op 15 Desember 1923 in *Die Burger*: “Heer Gij weet dat diegene die zich op een glibberige baan begeven geschoei moeten zijn. Schoei Gij onze voeten.” Dit was die gebed van ds. Roome by die opening van ons Kongres. Dit was woorde wat weerklank gevind het in die vroue wat daar bymekaar was, wat van ver gekom het om te sien wat daar is vir hulle om te doen. En ek dink ek mag sê dat hierdie woord en die gevoel wat dit verwek het die deurslag gegee het aan ons eerste Kaaplandse Nasionale Vroueparty-kongres want dit was duidelik dat almal met ’n gevoel van versigtigheid besiel was.” Nege maande na stigting was daar toe reeds 55 takke en die 53 afgevaardigdes is in drie besprekingsgroepe verdeel met die onderwerpe: Opvoeding en Onderwys; Armoed en Werkloosheid onder Afrikaners; Vrouestemreg.

Met die Algemene Verkiesing in 1924 kon die vroue alreeds baie waardevolle hulp aan die Manneparty verleen o.a. met geldinsameling en registrasie van kiesers, en dit ondanks die beskouing van baie, ook parlamentslede, dat politiek te vuil is vir die vrou. Na die vierde kongres gehou op Graaff-Reinet skryf M.E.R. op 1 Desember 1926 in *Die Burger*. “Die geskiedenis van die Nasionale Vroueparty van die Kaapprovinsie het die bewys gelewer dat, hoe kostelik en gewaardeerd sy hulp aan die Manneparty ook al is, dit nie sy hoofdoel is nie. In die tweede plaas het dit bewys dat ons Nasionale vroue se deelname aan die politiek hulle nie besoedel nie, want vir hulle is politiek Volkslewe (in die woorde van genl. Hertzog). Hulle het bevestig wat dikwels gesê was, nl. dat daar in ons volkslewe werk is wat die vrou beter kan behartig as die man en op daardie werk het die N.V.P. hom toegelê met die idealisme en die toewyding wat ’n karaktertrek is van die egte Afrikaanse vrou.”

Die versigtigheid van 1923 het plek gemaak vir selfvertroue. M.E.R. skryf in die eerste uitgawe van *Die Burgeres*, April 1927, oor “Ons Kongresse”, vergelyk dit met die kongresse van die A.C.V.V., Helpmekaar en Vroue-Sendingbond, en sê: “En tog is die Nasionale Vroueparty-kongres die lewendigste en mees opbouend van al die vroue kongresse. Vroue wat almal bygewoon het merk dit. Wat sou hiervan die rede wees? By al die N.V.P.-kongresse neem die bespreking van uitgewes en organisasiewerk min tyd op; almal is bly as daarvan afgestap kan word; en die kongreswerk waarin die lede opgaan is die

bespreking van maatskaplike toestande. En dit lyk vir my, omdat deur die N.V.P. die oorsake van wantoestand meer deeglik ondersoek word as deur die verenigings wat die nood kan lenig, daarom is die kongresse so lewendig en so pakkend. Die vrouens voel hulle is nie daar om die gewone werk te kry nie, van basaars hou en geld maak en liefdadigheid uitoefen, maar om aan hulleself te arbei, om te leer, om na te gaan, om raad te gee waar hulle kan." Dit sê sy in 1927, twee jaar na die indiening van die "Kieswet" wat politieke partye verbied om liefdadigheidswerk te doen, en die N.V.P. belet het om die gesondheidsdienste te lewer waarvoor M.E.R. haar beywer het. (In die Transvaal het hierdie wet veroorsaak dat die Transvaalse Vroue-Nasionaleparty hulle moes onttrek van die bestuur van die Moedersbond in Pretoria, wat deur hulle inisiatief opgerig is in medewerking met die Vroue-Federasie. Dit was vir hulle 'n groot teleurstelling.)

Samesmelting met Manneparty

Die laaste kongres van die N.V.P. van Kaapland is gehou op Somerset-Oos in Oktober 1930 tegelyk met 'n kongres van die Manneparty wat in 'n ander saal gehou was, maar met die doel om metodes van samewerking of samesmelting te bespreek. Dit was nodig omdat gnl. Hertzog as partyleier daarop aangedring het dat waar vroue nou stemgeregtig is die Nasionale Party net uit een organisasie moet bestaan. In hierdie stadium het die Vroueparty uit 179 takke bestaan, met 'n ledetal van agtduisend, en had 'n lywige kongresagenda van oor die honderd beskrywingspunte: twee oor landbou, een oor verdediging, oor binnelandse sake twintig, oor justisie 19, ens., ens. Dit is duidelik baie ver verwyderd van 'n vereniging wat aan gebrek aan belangstelling gekwyn het. By hierdie geleentheid was M.E.R. se vernamste aandeel haar lidmaatskap van 'n konstitusionele komitee wat die basis van samewerking en samesmelting van die twee groepe moes uitwerk. 'n Gesamentlike rapport van die twee komitees van die kongresse is deur C. J. Langenhoven en M. E. Rothmann onderteken: Daar sou 'n gesamentlike hoofbestuur, kongres, kiesafdelings- en distriksbesture wees maar takke kon afsonderlik bly of saamsmelt na gelang van plaaslike behoeftes. En dit is van hierdie afsonderlike manne- en vrouetakke wat ons in 1953 in die Nasionale Party se uitgawe *Die Triomf van Nasionalisme* in Kaapland nog tekens kry, en die lang voortbestaan van afsonderlike vrouetakke is 'n bewys van die volgehoue invloed van die Nasionale Vroueparty.

Jammer dat M.E.R. nêrens 'n uitspraak oor hierdie samesmelting gee nie; die naaste daaraan is in *Die Burger*, 14 September 1933: "Ek sal nie in die saak ingaan of ons wyslik gehandel het om die vroue en manneparty aaneen te smelt nie — dit is 'n afgehandelde saak, en ons het destyds gemeen daar is nie 'n ander plan nie." Mev. Alet van der Merwe is vandag baie meer uitgesproke as sy sê: "Solank die Vroueparty alleen was was ons 'n krag — maar deur die samesmelting is ons 'ontman'." En mev. Mabel Jansen, een van die belangrikste politieke figure in die Noorde, sê in 1974: "Toe ons die identiteit van ons eie Party opgegee het, het ons feitlik ons geboortereg verkoop, ons seggenskap in die politiek. Die suiwere, onvervalsde opinie van 'n vrou geld nie as sy nie 'n kanaal het waardeur dit kan gaan nie."

Waardering vir M.E.R.

Dat die N.V.P. beseft het wat M.E.R. vir hulle werd was, blyk uit die Kongresnotule van 1926 toe 'n mosie van waardering vir die werk wat mev. Rothmann vir die opbou van die vroue en hul organisasie doen, staande en met toejuiging aanvaar is. En die "gift" van £20 wat hulle haar aangebied het was vir daardie dae 'n ongeëwenaarde gebaar van liefde en waardering.

Toe sy uit die Hoofbestuur bedank het staan daar in *Die Burgeres* van Desember 1930: "Mev. Rothmann kan nie uittree uit enige organisasie sonder om 'n groot leegte agter te laat nie. Sy was en is nog in die besondere geleentheid om ons vroue oor die lengte en breedte van ons land te leer ken soos niemand anders hulle kan leer ken nie en daarby het sy 'n simpatie en liefde vir haar volk so groot dat dit byna 'n swakheid is. Geen wonder dus dat sy so goed geweet het wat die vroue wil hê en hoe hulle dit wil hê; en al wat sy ons gegee het het berus op die deeglikste ondersoek en studie, sodat ons op haar informasie absoluut kon reken. M.E.R., ons sal jou mis!"

Vroueredaktrise van *Die Burger*

"Toe *Die Burger* daartoe oorgegaan het om 'n vroumens aan te stel om vir die vrouelesers te skrywe, moes genoemde aangestelde natuurlik eers haar instruksies kry van die redakteur. Hy het haar alles uitgevra en ingelig en o.a. sê hy: 'En mevrou, tog nie politiek nie.' 'Nee,' sê sy, 'daaraan sal ek my hand tog nie sit nie. Dis te moeilik, en 'n mens gee en kry te veel aanstoot.' Toe gaan die vrouens heen en hulle stig 'n politieke party, en nou moet daar oor die politieke party geskryf word. Kan ons nog in die vrouekolomme buite die politiek bly? En hoe sal ons maak nou dat dit eleksietyd is? Vir my lyk dit bietjie dwaas, alhoewel baie menslik, om gedurig te sê jy het niks met die politiek te doen nie, en dit darem nie te laat staan nie."

So skryf M.E.R. in *Die Burger* van 14 April 1924. Maar nog voor die stigting van die N.V.P. in 1923 het sy haar belangstelling in politiek al laat blyk toe sy vertel van die Women's Enfranchisement League, 'n taamlik sterk organisasie van hoofsaaklik Engelssprekende vroue wat vir vrouestemreg werk en politieke en maatskaplike toestande bestudeer veral met betrekking tot vrouens en kinders. Hoewel sy dit nie vertel het nie, was daar etlike bekende Afrikaanse dames ook by soos dr. Lydia van Niekerk, dr. Petronella van Heerden en mev. Enid van der Lingen.

Sy vertel meer van die werk van hierdie organisasie in "Briewe van 'n verplante Boervrou" in *Die Burger* van 20 Maart 1923:

„Julle weet hoe julle gepla het oor 'Suffragettes'. In die Kaap, het ek altyd gehoor, stap die vrouens rond met kierietjies en sigare en wil net maak en breek. Dit is die 'Suffragettes' wat brand stig en hulle teen die landswette verset. Dis waar, hier is wat so stap met kierietjies en sigare, selfs in mansklere maar hulle is nie die 'suffragettes' nie. Die teen die wet versetters is stiller mense, bestendig van leefwyse, beskeie van voorkoms, skrande, verstandig en volhardend. Weet julle van die 'Anti-tax Society'? Nee, wat weet ons ook daarbuite van belasting, behalwe as die mans kom kla oor die baie wiede op die plaas?"

Mej. E. M. Woods is 'n dame wat deur bekwame werk vir haar 'n goeie posisie gemaak het, en nou, in die loop van sake, moet sy inkomstebelasting betaal. Sy het geweier om dit te doen. Sy is Engels, en sy het as haar rede gegee 'n ou Engelse gesegde wat die mans as leuse gebruik het vir honderde jare om hul sin te kry. 'Taxation without representation is tyranny'. Sy was toe by die hof aangekla en moes voor die hof verskyn. Mej. Woods is 'n stil, besadigde vroulike, jy sal so iets nie van haar verwag as jy na die oog moet oordeel. Sy gee toe haar redes — 'Belasting sonder verteenwoordiging is dwingelandy'. 'Dit mag wees', sê die magistraat, 'maar ek moet die wet toepas. Daardie belasting moet betaal word: Skuldig, met koste'. 'Dit mag ook wees', sê mej. Woods. 'Maar dit verander nie die geregtigheid nie — ek betaal dit nie.'

Nou, toe moes die Regering beslag neem op haar besittings. Nou Maandag om halfdrie sou haar goed verkoop word. Toe ek haar gaan sien word ek genooi om na die operasie te kom kyk. Ek was met die een en ander gaande, en was nie haastig nie, want ek weet mos 'n vendusie begin nooit op sy uur nie. Toe kom ek twintig voor drie by die woning in plaas van half drie; loop die kamer in: daar staan ses of agt dames, almal vrouens van stand in die Kaap, baie opgeruimd en opgewonde. 'Te laat,' roep hulle. 'Dis alles verby.' 'Wat?' Ek soek na afslaer, na uitgestalde meubels, na klokke. Niks. Hulle lag lekker: 'Ja, op die minuut het die jonge man die klavier begin opveil; die arme ding het gelyk of hy ekskuus wou vra omdat hy die aarde bewoon — ons het gebie tot £21, hy slaan toe en maak dat hy weg kom. Al die koste kan nou gedek word.' 'En wie koop die klavier?' 'Ons, ons almal.' 'Ja, maar watter liggaam?' — 'O, ons is die Anti-Tax-Society, nou pas gestig. Almal lede van die Vroue Stemregvereniging — maar ons handel nie in daardie vereniging se naam nie. Ons is apart; ons wil nie belasting betaal voor ons kan stem nie. Daarom koop ons mej. Woods se klavier vir haar' — en die spreekster lag weer lekker vir die arme afslaer.

Nou, dit is die naaste aan 'Suffragettes' wat ek al gesien het. Ek moet sê hulle lyk aangenamê mense. As julle eendag Kaaptoe kom en julle wil sien, sal julle hulle nie onder die ander dames uit ken nie."

Kritiek van Langenhoven

'n Interessante heen en weer skrywery tussen Langenhoven en M.E.R. het in *Die Burger* plaasgevind oor die kwessie van vroue en die politiek, waar hy op Maandag 10 Mei 1926 in "Aan Stille Waters" die vroue kritiseer en sy hom weer in haar Vrouerubriek terug antwoord. Langenhoven skryf van die vroue wat wakker geword het en dat sy nou . . . "met die res van ons deelneem aan die dulle afdraende vaart. Haar gebare is net so wild, haar stem net so luidrugtig as ons 'n. Sy hardloop ook saam en sy skree saam. Ook in Suid-Afrika laat sy haar terdê gelde. Ons het 'n menigvuldigheid van openbare vroueverenigings, politieke, godsdienstige, maatskaplike, mensliewende, allerlei ander. Hulle hou vergaderings, konferensies, kongresse, hulle passeer besluite, maak toesprake, skryf koerant artikels, werf stemme, kollekteer gelde, stuur deputasies, teken petisies, maak propaganda, skop lawaai op . . ."

In Vrouesake, Saterdag 15 Mei 1926. onder die titel "Swaar om te dra" skryf M.E.R.:

"Om jou beste aan jou mense te gee, en om dan deur een van hulle sleg gesê te word omdat iets in jou manier van gee nie sy goedkeuring wegdra nie — dit is regtig swaar om te dra . . . En nou sê mnr. Langenhoven die vrouens sleg. Is dit verstandig om stil te bly daarvoor? Seker is dit makliker om stil te bly as om te praat, en ook op 'n manier veiliger, maar ek dink darem dit is nie goed om stil te bly nie, want vrouens neem dit in baie gevalle maar aan dat hulle die slegsê verdien, en hulle verdien dit mos nie!

Dit is waar dat ons kongresse hou oor dinge wat vir ons baie beteken — of is ons te dom om te weet wat vir ons baie beteken? Ons kollekteer gelde, skryf in koerante, maak propaganda, maar ek het nog nooit gehoor dat ons enig-sins ons volk daarmee in die skande steek. Geen plek waar ons kongres gehou het ons op ons luidrugtigheid en lawaai-opskop moes wys nie; ons kollekteer gelde om aan ons mense te bestee, maar sonder geraas.

Ons maak aanspraak op burgerlike gelykheid. Persoonlik doen ek dit omdat ek dink dat die vrou die gelyke is, en dat die ontsegging van gelyke regte deur die man feitlik 'n bewering van haar minderwaardigheid is, waarteen dit my plig is om op te kom, net soos ek nou hier doen. Maar ons het nog nooit in verband met die aanspraak die harde woorde, die taal van minagting, van hierdie artikel in "Stille Waters" verdien nie."

Die volgende Maandag kry Langenhoven die laaste woord aan "Die Tugmeesteres": "Nee, ek wil glad nie met die vroumense twis maak nie — selfs nie met die weinige twismakeriges onder hulle nie. Vereers het ek hulle te lief en ten tweede is ek bang vir hulle . . . Die vrou het nou eenmaal vorentoe gebeur — as dit vorentoe is — en ons oue en ouderwetse mans, moet maar verlief neem en verlief bly, almiskie. Net soos sosialisme en kommunisme en al die nuwe ismes is die feminisme 'n wêreldbeweging. Die aarde draai en jy kan geen remskoen kry wat hom sal breek nie. Seergeliefde dan, aanloklike, aanbiddelike, onweerstaanbare — asseblief tog, ek erken my minderheid, ek wil nie twis nie. Gee vir my — of so nie vir my persoonlik nie, dan vir een van ons — 'n glimlag en 'n soen. Jy sal altyd maar 'n vrou bly al val jy ook tot watter hoogte van Politiek."

Die Swartman

Waar die leser vandag die politieke toneel van die twintiger jare 'n bietjie onwerklik vind, kom hy dan skielik met 'n skok van herkenning by 'n bekende situasie wat hy nie met 1927 assosieer nie en lees byna iets profeties in M.E.R. se beskrywing van 'n A.N.C.-vergadering op die Parade, Kaapstad (*Die Burger*, 24 Desember 1927):

"Op een van die bordjies staan 'Remember Dingaansday, the end of African Independence'. Op 'n ander: 'Africans, Religion has not helped you, help yourselves!' Op nog een: 'Remember the bombing of the Bondelswarts!' — en daar was nog meer.

Die twee sprekers sou op enige plek die aandag getref het en hier staan hulle op die verhoog en hou die gehoor vasgenael aan wat hulle sê. Die eintlike spreker is liggeel van gelaatskleur. Hy praat goeie Engels, en het geen gebrek aan woorde nie, nog aan heftige armgebaar en klem op wat hy te sê het. Langs hom staan 'n lang besonder swart kaffer en vertolk net so vinnig as wat die ander praat in kaffertaal. Daar staan nog 'n aantal langs hom, meesal Bantoesigte, sommige mooi, selfs vernaam, almal skander gesigte. Ja kyk, sê ek vir my maat, almal skander gesigte. Een, die beste lyk na die gesig van 'n dromer. Ek wonder wat droom hulle?

Ons luister, maar dit is alles 'n verbitterde uitstorting teen die witman. Teen die 'King, who sits there and oppresses everyone.' "Nee wag", sê my maat, 'as dit maar die King is wat hulle so omkrap dan is dit nog nie so erg nie'.

Ook tradisiebouers! O, hierdie smeltkroes van 'n Suid-Afrika, met witman, kaffer, moor en Indiaan, wat word uit jou gebore? As ek so na al die dinge kyk, dan wonder ek. Glo maar ordentlik leef, van dag tot dag, en ons werk doen, en sorg dat ons niemand te kort doen nie. Dit is al deel wat ons vrouens kan doen."

En op 21 Augustus 1933 skryf sy oor "Die Swart Medeburger":

“Ons of ons nageslag sal tog 'n plan van saamleef moet kry met die swart volk, wat bevredigend sal wees; hulle, net soos ons is burgers van Suid-Afrika en het Suid-Afrika lief en kleef hom aan; net soos ons het hulle nêrens anders 'n vaderland nie. Wat ook van stryd of worsteling, met of sonder geweld, die toekoms tussen wit en swart mag baar, moet ons hoop en verlang dat wat mooi en gesond en konstruktief is, bewaar sal bly as ons gesamentlike skat, die bydrae van Afrika aan die geestelike skatte van die wêreld.”

Vrouestemreg

In *My Beskeie Deel* vertel M.E.R. dat die Nasionale Partyleiers berekenings gemaak het en gevind het dat die byvoeging van die vroue die Nasionale Party se stemkrag sou verhoop, en dat dit die aanleiding was tot die stigting van die N.V.P. (M.E.R., 1972, p. 255). Hier het dit nie net gegaan om die gewone kompetisie tussen politieke partye nie, maar meer belangrik nog as teëwig teen die nie-blanke stem in Kaapland waarvan 'n enkele uiterste geval uit die 1924-Verkieping as voorbeeld kan dien, naamlik die kiesafdeling Port Elizabeth-Noord met 1 000 blankes uit 'n totaal van 4 000 stemgeregtigdes.

Sedert die begin van die eeu is daar baie gepraat en geskryf oor vrouestemreg en M.E.R. het in haar rubriek dikwels kolomme vol gehad hieroor. Aan die begin noem sy haarself “een wat nie so vuur-en-vlam vir vrouestemreg is nie” maar toe die uitwerking van die “Kieswet” duidelik word en sy besef dat hulle nie met welsynswerk sal kan voortgaan nie, skryf sy in *Die Burgeres* van Julie 1927 dat die tyd gekom het dat die vrouens hulle moet uitspreek ten gunste van vrouestemreg, al waarsku sy daarby dat dit geen wondere sal verrig nie.

Binne die N.V.P. was hierdie saak ook baie versigtig behandel omdat daar nie eensgesindheid was nie; die stadsvroue was oor die algemeen daarvoor maar die plattelandse vroue het dit óf nie juis nodig geag nie óf was heftig daarteen. Op die 1927-Kongres te Malmesbury het dr. Petronella van Heerden egter 'n sterk pleidooi ten gunste van vrouestemreg gelewer wat dan ook eenparig aangeneem is, alleen met dié voorbehoud: “sodra die ontwikkeling van die Naturellekwessie dit moontlik maak.”

Mev. M. E. Rothmann het in April 1928, kort na hierdie kongres, die Vroue-Kiesreg-Liga in Kaapstad toegesprek oor: “The Afrikaner attitude towards woman's suffrage” en onder meer dit gesê van bogenoemde belangrike gebeurtenis:

“U weet, veronderstel ek, dat die onlangse kongres van die N.V.P., Kaapland, eenparig ten gunste van die vrouestemreg gestem het. Vir u skyn dit dat ons uiters langsam tot hierdie besluit gekom het; u het stemreg al twintig jaar gepropageer en u het onder u gehad 'n vrou soos Olive Schreiner en u het vroue soos mev. Solly en mej. Solomon en andere wie se name ons bekend is. Maar vir ons is dit 'n groot stap vorentoe.

Toe die N.V.P. gestig is, was dit met die oënskynlike doel om die vroue georganiseer te hê in geval stemreg verleen word. Ek sê oënskynlike rede. Die party is gestig op aandrang van die mans en een van hul vernaamste redes was om die vroue se hulp te kry vir die insameling van fondse. Maar hoewel die vroue fluks daarmee gehelp het, was dit nie hul hoofdoel nie. Ons wou weet waarom daar 50 000 armblankes is, ons wou die meisies uit hierdie gesinne opvoed, ons het gestudeer en skemas oorhandig aan die owerheid . . . ons het

aan die werk gegaan. Ons het niks oor stemreg gesê nie, hoewel al die vroueleiers ten gunste van stemreg was . . . Maar toe gebeur daar twee dinge. Daar het 'n pynlike geval van kindermoord voorgekom, die ongelukkige jong moeder is swaar gestraf; die vroue het gevoel dat die straf in die omstandighede te groot was; toe vra hulle die kongres om aan te dring op vrouejurielede vir sulke gevalle. 'Wel,' sê die presidente, mev. Malan, 'ek vrees ons kan hierdie saak nie eens bespreek nie, want julle weet immers dat alleen stemgeregtigdes op 'n jurie kan dien.'

Die plattelandse voorsteller, 'n vurige teenstander van die vrouestemreg, was verslae. Die meeste van haar ondersteuners was verslae. Maar hulle is praktiese en verstandige vroue en hulle het hulle gedagte laat gaan . . . En toe kom dr. Malan se nuwe kieswet, wat ons verbied om boeke aan plaasskole te gee, om geld vir die opleiding van verpleegsters te gee. Ons was erg onthuts. En dit was dr. Malan se wetsontwerp; hierdie slag het van die hand van 'n vriend gekom. Al ons praktiese pogings vir opbouing is beëindig. Ek weet nie hoe dit u geaffekteer het nie; vir ons was dit 'n pynlike skok . . . dit het gelyk asof ons al ons kragte moet inspan bloot om geld vir die manneparty, en inderdaad, daarvoor was ons nie te vinde nie. So is ons toe genoodsaak om onself as 'n **politieke** party te beskou, as vroue en burgeresse. Ons het gesien dat ons ons lendene sal moet omgord en gaan stem . . . En so het die N.V.P. langsaam en sonder ophef tot die punt gekom om ten gunste van kiesreg te kom. Die geesdrif waarmee ons eenparige besluit ten gunste van stemreg geneem is, was te danke aan dr. Van Heerden se geïnspireerde toespraak wat op die regte oomblik tot elke vrou se hart gespreek het."

Baie jare later, toe die vraag "Het die vrou ons wetgewing beïnvloed?" aan M.E.R. gestel is, skryf sy in *Die Huisgenoot* van 18 Mei 1951: "Die vrou kan die politiek beïnvloed — so het die Afrikanervrou altans gemeen toe die mans ons gevra het om daaraan deel te neem — deur hulle stem en deur hulle werk as Parlementslede. Wat die stem betref, kan ons vandag ná die proefneming oor die jare sê dat die vrou die stemkrag vergroot het, niks meer nie. Dit was ook wat die mans beoog het; hulle het gereken dat hierdie vergroting die partystemkrag aansienlik sou verhoog. Die vroue het egter gemeen dat hulle die politiek werklik kon beïnvloed ten bate van bv. sosiale wetgewing. Die mans se berekening, soos vandag blyk, was heeltemal reg; die van die vrou heeltemal verkeerd."²

Koalisie en Samesmelting 1933

M.E.R. vertel in *My Beskeie Deel* hoe sy op uitnodiging van dr. Malan ondervoorsitster van die Nasionale Party-Kongres geword het, maar sê niks van haar politieke artikels wat kort voor die kongres in *Die Burger* verskyn het nie. (M.E.R., 1972. p. 217). Dit wil voorkom asof sy deur dr. Geyer, die redakteur, gevra was om teen samesmelting te skryf en dat hy die artikels so belangrik geag het dat hulle prominent langs die hoofartikel geplaas is.

Nêrens in al haar skrywes voor hierdie tyd vind ons M.E.R. so 'n sterk politieke standpunt inneem as hier in 1933 nie. Waar sy voorheen 'n opinie gegee het, was dit as dié van maar een vrou, of sy het 'n saak ter oorweging aan die vroue opgedra. Hier vind ons 'n oortuiging van wat reg en wat verkeerd is soos nêrens anders nie.

Op 4 September 1933 stel sy die vrae en sê:

"Hoever kan ons die voorstanders van samesmelting glo? Bedrieg hulle nie hulself nie?"

Ek was in Pretoria net ná die kongres van die Transvaalse Nasionale Party (toe op samesmelting besluit is) en het die een en ander teengekom. Ek het baie sterk onder die indruk gekom dat die mense wat gewerk het vir die besluit tot samesmelting nie gelukkig voel nie. Hulle het 'n sprong gemaak tussen die Sappe en Unioniste in en hul voete is nou vas tussen daardie soort koerante en sienswyses in. Hulle het gespring met die verwagting dat die Nasionale van die ander provinsies sal agterna spring, sodat almal saam op een plek kan staan. En nou dat hulle klaar gespring het, en daar van ons is wat nog nie agterna spring nie, en ook nie tekens gee van 'n plan om te spring nie — Nou? Wat nou?

Vir my het dit gelyk hulle is bang; bang om met die nuwe broeders alleen gelaat te word. Waarvoor sou hulle tog so bang wees? Want hulle spring dan ter wille van daardie broederskap en liefde. Natuurlik is hulle bang. Ek sou goed bang wees as ek sou staan waar hulle nou staan. Ek sou bang wees dat die Mammon my goed en my kinders se goed sal opvreet. Na my lang lewens-ondervinding van die Mammon se bestaan — van die republieke se dae af — kan ek mos nie glo dat hy dood is nie of dat daar nou niks as eensgesindheid bestaan, en 'n algemene verlange om ons taal, ons nasionale eer en welvaart te bevorder nie. Om nie op die regte plek bang te wees nie lyk maar baie na dwaasheid . . .

Ons pad is reguit en oop voor ons. Ons hoef geen hoofbrekens uit te hou nie, behalwe die hoofbrekens wat ons miskien mag hê oor moontlike verlies van poste en invloed. As ons sulke hoofbrekens kan opsy stoot as minderwaardig, dan sê ons net: 'Ons wil en sal nie saamsmelt nie' en daarmee uit. En dan bly ons daarby; al kry ander dan die ereposte en salarisse — daaraan is ons mos al gewoond."

En op 25 September 1933 skryf sy:

"Anderweek gaan ons Kongres hou. Na Port Elizabeth sal ons gaan om 'nee' te sê. 'n Vriendin wat afgevaardig is, sê: "Dit is nie vir my vandag die Nasionale Party se bestaan wat op die spel is nie, dit is 'Suid-Afrika'.

Sy het gelyk. Ons gaan om nee te sê want ons kan nie saamsmelt met elemente wat verderf in die pot bring nie. Dieselfde geldmagte wat twee-en-dertig jaar gelede oorlog gemaak het teen die Afrikaanse Republieke, is nou weer daarop uit om te annekseer; ek kan nie anders as oortuig voel dat die doel nog vandag dieselfde is by hulle as toe. Ons moet 'Nee' sê.

En ons moet dit duidelik en ondubbelsinnig sê, soos dit gesê word in die menigte briewe wat van alle kante na **Die Burger** instroom. Ons moet nie 'ja' sê en 'nee' in die hart dra nie. Ons 'nee' moet so wees dat die hele land presies weet wat dit beteken en waop ons dit sê; daar moet nie misverstand wees wat weke van uitlê nodig het nie.

Die stap wat ons by die Kongres anderweek gaan doen, is vir ons duidelik en padlangs. En as ons dit met opregtheid meen, sal die volgende stap, dit is ek seker, net so duidelik en padlangs wees. Die volgende stap kry altyd rigting van hierdie een."

Onttrekking

Wat is dan die rede vir M.E.R. se onttrekking uit die aktiewe politiek nadat sy soveel jare diep betrokke daarby was en blykbaar nog altyd belang gestel het? Eerstens is dit natuurlik so dat sy die A.C.V.V.-werk baie meer haar eie rigting gevoel het en daarin bevrediging gevind het. En tweedens het sy nie van die strategie en intrige binne die politieke party gehou nie, soos sy in *Die Burger* van 21 Februarie 1928 sê: "Party-regering is nie 'n aanloklike ding nie; jy moet ter wille van die party darem by so baie draaie langs loop; ons vroue sal daar niks van hou nie."

Maar dit was nie net M.E.R. wat belang verloor het nie, dit het met meeste ander leiers van die N.V.P. gebeur na die samesmelting van die vroue- en manneparty. Al het die belangstelling in die politiek waarin hulle in die N.V.P. geskool was, nooit verflou nie, het hulle hul in die werk van ander vroue-organisasies kon uitleef op 'n manier wat hulle nie binne die gesamentlike Nasionale Party kon doen nie.

Waarskynlik is die beste verklaring vir hierdie verskynsel te vind in wat M.E.R. in *Die Burger* van 15 Januarie 1934 onder die titel "Taktiek" skryf: "Vrouens kan die politiek nie as 'n stryd beskou nie. Mans is in hul wese stryders, vanaf die bestaan van die mens. Waar hulle 'n kant kies en daar 'n teenkant is, daar dink hulle in terme van stryd, van aanval en afweer, van taktiek. En vir die vrou is politiek nie in die eerste plek stryd nie, dit is 'n aankantmaking, dit moet in orde gestel word. En daarvoor is geen uitoorlê nodig nie." En daarby kom dat die 1933-Koalisie en die tydperk wat daarop gevolg het nuwe verdelings en 'n nuwe stryd onder die Afrikaner gebring het.

M.E.R. se belangstelling in die politiek het tot aan die einde van haar lewe gebly — soos ook by al die ander N.V.P.-lede. Mnr. Tol de Villiers vertel dat die aanstelling van dr. Erika Theron as voorsitster van die Kommissie van Onderzoek na Kleurlingaangeleenthede vir M.E.R. groot plesier gegee het. Sy het aan hom gesê: "John Vorster het sommer in my estimasie gestyg omdat hy die moed gehad het om 'n vrou aan te stel as voorsitter. Sy sal tog nou die mans sover kry om iets te *doen* oor die Kleurbeleid en nie net te praat nie."

-
1. (Uit "Hoe ons mondig geword het" van mev. A. E. de Villiers, *Die Huisgenoot*, 14 Januarie 1944.)
 2. Uit: M. P. A. Malan — *Die Nasionale Party van Suid-Afrika 1914-1964: sy stryd en sy prestasies*.

P.117: "Genl. Hertzog het in 1928 die belofte gemaak dat hy, as die Nasionale Regering weer aan die bewind kom en hy aan die hoof van die Regering is, hom persoonlik verbind om dan wetgewing in te dien wat aan vroue die stemreg sal gee. Aan hierdie belofte het genl. Hertzog hom gehou en daarom is so 'n wetsontwerp deur hom persoonlik op 6 Maart 1930 by die Volksraad ingedien."

P.121: "Die derde lesing is op 11 April 1930 aangeneem met 74 stemme teen 34 stemme. Agtien Nasionalistes het teen die maatregel gestem. Hierdie persone het beginselbesware teen die verlening van stemreg aan die vroue gehad."

Dit was 'n vrye stemming in die Parlement, d.w.s. die lede was nie deur hul partye gebind om te stem nie. Mej. Sarah Goldblatt het my vertel dat hoewel Langenhoven eintlik teen vrouestemreg was hy tog later daarvoor gewerk en gestem het. (K.M.)

BIBLIOGRAFIE

- GOOSEN, D. P., *Triomf van Nasionalisme*. Johannesburg 1953.
AUCAMP, Hennie e.a., *M.E.R. 100*. Tafelberg, Kaapstad 1975.
ROTHMANN, M. E., *My Beskeie Deel*. Tafelberg, Kaapstad 1972.
ROTHMANN, M. E., "Vrouesake", *Die Burger*, Kaapstad 1923-1933.
Nasionale Vroueklub van die Parlement, *Die Vrou en die Politiek*, Kaapstad 1975.

DE VILLIERS, A. E., "Hoe ons mondig geword het", *Die Huisgenoot*, 31.12.43, 7.1.44, 14.1.44, 21.1.44.

VAN DER MERWE, Alet, "Politiek is nie Lekker nie", *Sarie Marais*, 2 September 1964.

ROTHMANN, M. E., "Het die Vrou ons Wetgewing Beïnvloed?" *Die Huisgenoot*, 18 Mei 1951.

Nasionale Vroue Party, *Die Burgeres* [1927-1931] (Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein).

Nasionale Vroue Party, Hoofbestuurs- en Kongresnotules 1923-1930 (Instituut vir eietydse Geskiedenis, Bloemfontein).

M.E.R. SKRYF POLITIEK.

Uit *Die Burgeres*, November 1928, pp. 70-71: "Haat ons die Engelse?"

Nou die dag sê 'n vriendin vir my: "Hoor, jy haat tog die Engelse! Jy sal dit verniet probeer wegsteek, al skryf jy ook oor bosse of bome of blomme, netnou kom daar iets voor wat dit aanwys."

Sy is iemand wat my in seker opsig besonder goed ken. Ek het haar nie antwoord gegee nie; sy het my baie sleg laat voel. 'n Mens kan soms half skrik as jy skielik jou eie gesig in 'n onverwagte spieël sien met 'n uitdrukking daarop wat jy nooit gedink het om daar te sien nie; as jy kon, sou jy ontken dat dit jou gesig is of jou uitdrukking. So, maar erger, het ek gevoel toe die vriendin so praat.

Nie lank daarna nie kry ek 'n brief van iemand anders (wat bogenoemde vriendin nie ken nie), en in die brief staan daar onder meer: "Gewoonlik stuur jou gevoelens jou op die regte pad, maar hier moet ek jou standpunt kritiseer. Ek vind die volgende uitings neergeskryf in jou brief: 'Die nare ou Jack! By my ou haat, gebore toe ek hom gesien waai het in die Transvaal, na aftrek van die Vierkleur in 1900, het ek nog hierdie nuwe hekel in hom oor sy aстранheid!'"

(Dit is nou my woorde wat die korrespondent aanhaal; en dit is waar; ek het dit so geskryf.) Dan gaan die brief verder:

"Wil jy graag hê dat ek hierdie gevoel met jou moet deel? Ek twyfel of jy bevestigend sal antwoord hierop, want dit is nie 'n gedagte wat jy tot ideaal vir ons volk kan verhef nie . . . Haat is buitendien 'n bloot negatiewe standpunt, en tensy ons nasionaliteitsbegrip op 'n positiewe grondslag berus kan daar niks groots uit gebore word nie."

Ek het nou regtig sleg begin voel, en soos 'n mens en selfs ook 'n wurm maak as hy baie sleg voel, het ek begin omdraai op die oorsaak van my pyn, en het probeer om my los te redeneer; maar dit het my maar ten dele geluk. Nou wil ek graag hê dat daar ander vrouens saam met my soortgelyke gevoelens ondersoek. Miskien kan ons tot helderheid kom oor ons eie gemoedstoestand; miskien help dit ons om uit te suiver wat skadelik is daarin. Ek gaan nie myne alleen ondersoek nie, want ek het baie mede-sondaars!

Haat ek, en baie saam met my, regtig die Engelse?

Beïnvloed die haat ons gedragslyn teenoor hulle?

Werk hierdie gedragslyn skadelik op die geluk en vooruitgang van

die volk van Suid-Afrika?

Maklik is dit nie om eerlik te antwoord op hierdie vrae nie. En tog wil ek dit probeer, nie om so danig my eie gevoelens te ontleed nie, maar omdat ek meen dat daar baie vrouens is wat ook, reg of verkeerd, beskuldig word van haat teenoor die Engelse. Ons vrouens het invloed op die volkslewe; ons sal in die toekoms nog meer invloed uitoefen. Dit is dus goed dat ons die invloed so onskadelik hou as ons kan.

Vrouens handel en praat baie na hulle voel — ons is gevoelsmense, sê die mans. Ek weet nie of enige menslike wesens los kom van wat hulle voel nie, maar wat die vrouens betref erken ek dat ons baie daardeur beïnvloed word. Ek sien ook nie dat ons iets aan hierdie geaardheid van ons kan verander nie; des te meer rede om ons gevoelens te veredel dat ons nie deur hulle verkeerd gestuur word nie. Kom dit so dat ons al hoe meer invloed gaan uitoefen op ons volkslewe, dan — dan moet ons die bronne skoon hou!

Om antwoorde op my vrae te gee dink ek die beste plan is om van agter af te begin. *Ja, ons moet bepaald skadelik werk op die volks-welsyn as ons 'n gedragslyn volg wat deur haat beïnvloed word.*

Dit lyk onbetwisbaar. Haat is gif. Dit is waar dat dit negatief is, maar dit is so negatief dat dit amper 'n positiewe krag het, want dit breek af. Afbreek is soms baie nodig, maar alleen met die doel van herbou of verbetering; en haat se doel, soos gif se doel, is om te vernietig.

Het ons nou as vrouens, het ek en jy en al die Afrikanervrouens, wat as teenstanders van Engelse invloede uitgeken word, het ons 'n skadelike invloed op die volk van Suid-Afrika gehad? Ek glo nie enigeen wat met die geskiedenis bekend is sal hierop somar ja sê nie. Ons invloed kon seker op baie plekke beter gewees het, maar soos menslike invloede gaan was dit nie in die algemeen skadelik nie. Nou ja, as dit nie skadelik was nie, dan was ons gedragslyn ook nie deur egte haat beïnvloed nie. Dan kom ons by vraag No. 1 uit, en kry die antwoord daarop: „Ons haat *nie* die Engelse nie.”

Dit is 'n antwoord wat met die vrouens se geaardheid ooreenkom. Ek dink nie ons is egte haters nie; ons kan hatelik genoeg wees, maar nie sulke tot-die-bloed-toe haters nie. Wat is dan die gevoel wat so diep in my wortel geskiet het dat andere gedurig bewyse daarvan sien? Dat ek dit self in my ergernis as haat vertolk?

Dit is nie haat nie; dit is *vrees*. Ek is bang vir die Engelse. Bang hulle sal my goed afvat. Hulle sal my taal afvat, my eerbied vir my volkstradiesies afvat, my onafhanklikeheidsgevoel afvat — o, hulle sal my hele identiteit afvat; ek sal nie meer 'n Afrikaner wees nie; ek sal somar niks wees nie!

Ons het rede genoeg in ons 130 jaar van omgang met hulle, om te dink hulle wil al daardie dinge van ons afvat. Maar onse lang vashou daaraan het vir ons — en vir die Engelse — so ver gebring dat ons die vrees nou gerus kan opsy lê. Ek sê nie — o, ek sê glad nie dat ons nie nog moet vashou en oppas nie! Maar bang hoef ons nie

meer te wees nie. Vrees is ook 'n negatiewe standpunt, en ons vrouens moet daarvan afstap en op selfvertroue werk, wat positief is. Dit wil ek doen. Ek het geleer:

(1) Dat niemand my taal kan afvat nie tensy ek dit nie meer wil praat nie.

(2) Dat niemand my eerbied vir my tradisies kan afvat nie tensy ek hulle self wil vergeet of verloën.

(3) Dat niemand my onafhanklikheidsgevoel kan afvat nie tensy ek dit self wil afgee.

(4) Dat ek dan alleen niks kan word as ek nie verlang om iets te wees nie.

Dit is waar: ek hoef, ek behoort nie bang te wees nie; ek kan maar wegkyk van die gewemel wat bangmaak, op na die berge van my hulp, waar geloof, hoop en liefde woon. Dan moet die vrees, wat so na haat lyk, verdwyn. Dan sal ek gewys word na 'n toekoms wanneer die Engelse so ver gevorder sal wees dat hulle agting het vir my taal, my tradisies, my onafhanklikheidsgevoel as iets gesonds en goeds — soos ek vir hulle s'n sal hê; dan het ons saam vir Suid-Afrika lief.

DAAN MALAN

BOEMELAAR

dertig sent ge-blaas op bier
vis en chips koerantpapier
stompie in die sloot ontdek
arm-salig tot ek vrek

SAIGON

sien jy ook die skifsels in die wolke?
voel jy ook die yster in die wind?
proe jy ook die bloed in die water?
hoor jy ook die roggel in die stilte?
ruik jy ook die lyke in die hoofstraat?
onthou jy ook die kersiebloeisels in die lente?

FREDA LINDE

AAN PENNY "ZEN"

Jy sé met dodelike logika:
weg met keuse, stryd, verdriet;
alles keer weer tot die niet —
daar's g'n sin in stry en streef.

Jou logika is dodelik.
Ek wil onlogies leef.

DE WOESTIJN

De auto naderde de stad. In de verte tekende het vlakke silhouet van de Tafelberg zich af tegen de blauwe hemel.

“Het zal nooit meer hetzelfde zijn!” zei Laura. “Nooit meer.”

“Waarom zeg je dat?”

“Omdat ik het zo aanvoel.”

“Je bent gek!”

Haar man zei niet: “Je bent mal!” Of: “Malle meid!” Hij had het woord “dwaas” kunnen gebruiken. Maar hij deed het niet. Hij zei “gek”.

Er knapte iets in Laura, er ging iets kapot. Het springen van een snaar. Het was geen volledige breuk. Alleen maar een klein, voor het open oog onzichtbaar barstje. Ze had het gevoel dat ze een kostbare porseleinen schaal in haar handen hield. Een schaal, die voorgoed was geschonden omdat iemand er iets op had laten vallen. Een weliswaar onzichtbare beschadiging, maar toch een beschadiging. Men zou het later kunnen horen, wanneer men tegen de schaal tikte. Een doffe klank in het oor van de kenner. Ze was op de terugtocht van haar huwelijksreis. Ze had de twee heerlijkste weken van haar leven achter de rug. En de trouwdag was werkelijk de mooiste dag van haar leven geweest. Eerst de trouwdag en daarna de huwelijksreis. Voordat ze op reis gingen had ze maagklagchten gehad.

Ze was verpleegster en had tot op de ochtend van haar trouwdag gewerkt, omdat de verpleegster, die haar zou vervangen, niet op tijd was aangekomen. Het was allemaal een beetje teveel voor haar geweest. De beslommeringen in verband met de trouwdag. Haar trouwjapon. Het inpakken van haar kleren en haar verdere bezittingen. Ze had niemand gehad om haar een beetje te helpen. Haar moeder was oud en hulpbehoevend. Broers of zusters had ze niet. Haar beste vriendin was op reis naar Europa. Haar aanstaande man had het ook vreselijk druk op de bank waar hij werkte. Ze waren getrouwd. Allebei overwerkt en moe. Maar de huwelijksreis was heerlijk geweest. Haar maagklachten waren verdwenen. Haar man was vol liefde en toewijding geweest. Ze kenden elkaar al jaren. Ze waren getrouwd en ze hadden vakantie. Ze wandelden door bossen en zwommen in zee. Ze lagen naakt in die zon op verlaten stranden. Ze koesterde zich in de warmte en het heerlijke gevoel, dat ze niet langer hoefde te werken. Ze voelde zich voor het eerst sedert jaren werkelijk vrij. Ongebonden. Zonder verplichtingen. 's Avonds, na het diner, speelden ze kinderachtige spelletjes in de zitkamers of op de terrassen van hotels. Eén keer, toen ze in een hotel overnachtten waar muziek was, hadden ze gedanst. Een dans. Zonder hartstocht als een bezadigd echtpaar. In een ander hotel had een kamermeisje haar herkend. Ze was patiënte geweest in een ziekenhuis waar Laura had gewerkt. Ze had haar begroet, vol vreugde en verbazing.

“Zuster kan me volkomen vertrouwen! Ik zal er met niemand over spreken!”

Ze had het meisje duidelijk gemaakt, dat ze er gerust over kon spreken. Ze was getrouwd. Dit was haar man, haar wettige echgenoot. Maar aan de uitdrukking op het gezicht van het meisje had ze gezien, dat ze haar niet helemaal geloofde. Ze was ook niet zo jong meer. Even in de dertig. Door de maagklachten van de afgelopen maanden zag ze er ook niet zo goed uit. In Zuid-Afrika trouwden de meeste meisjes jong. Haar man was al eerder getrouwd geweest. Zijn eerste vrouw was na een kort, kinderloos huwelijk overleden. Om haar te troosten kocht hij rozen bij een kwekerij langs de weg. Drie- en dertig rode rozen. Ze stonden in het hotel op haar toilettafel. Ze verborg haar gezicht in de rozen. Sloot haar ogen. De geur bedwelmde haar. De geur en het gevoel van toewijding. Iemand, die zich om haar bekommerde. De hele dag lang.

“Wat zullen we vandaag doen? Wat wil je liever? Hier blijven? Doorrijden? Zeg jij het maar!”

Ze waste z'n sokken en overhemden samen met haar eigen ondergoed. Dit gaf haar een fundamenteel gevoel van getrouwd zijn. Van veiligheid en geborgenheid. Meer dan het hele nachten samen slapen of de smalle, gouden ring aan haar vinger.

Terug in de stad, woonden ze in een rustig pension. Ze hadden kort voor hun trouwen een flat gehuurd in een nieuw gebouw, maar alles was nog niet helemaal klaar. Laura genoot van de rust. Het nietsdoen. Geen zorgen hebben. Geen verantwoordelijkheid. Ze had zolang voor anderen gewerkt. Vanaf de dag, dat ze van school kwam tot op de ochtend van haar trouwen. Ze stond laat op en ging 'n middags weer naar bed. Ze had nog nooit zo vast en zolang geslapen.

“Als een kat,” dacht ze soms, “als een kat.”

Maar op een dag was het flatgebouw klaar. Haar man kwam het haar vertellen op een warme zomermiddag. Ze lag te slapen op z'n bed.

“Kom, laten we de flat gaan schoonmaken! Ik heb er genoeg van om hier te wonen. Ik wil er maandag intrekken.”

Ze protesteerde. Ze was slaperig. Ze wou verder slapen. Urenlang. Dagenlang. Het was warm. De flat kon nog wel een paar dagen wachten. Tot het wat koeler was. De eigenaar van het pension had haar beloofd om iemand te vinden, die de boel voor haar zou schoonmaken. Er was geen haast bij. De gordijnen waren nog niet klaar. Ze hadden nog geen meubels. Maar haar man stond op z'n stuk. Ze trok een oude jurk aan en ging mee naar de flat. Ze vocht met het door de bouwers achtergelaten vuil. De meubelen kwamen en de gordijnen. Ze trokken in de flat.

Ze kookte, deed boodschappen en hield de flat schoon. Ze was gelukkig. Wel niet zo gelukkig als gedurende de eerste weken van haar huwelijk, maar toch gelukkig. Ze werd zwanger. Een tijdlang moest ze het bed houden. Ze sliep weer veel maar niet meer zo rustig. Het kind werd na een moeilijke en langdurige bevalling geboren. Het was een jongetje, dat veel huilde. Alles werd anders. Ze voelde zich ziek. Ze was vertwijfeld. Ze deed zelf niets dan huilen.

“Zet de wieg alsjeblieft in de ander kamer!”

“Je moet er maar aan wennen!”

Haar man was zelf vermoeid, geirriteerd. Hij had problemen op de bank. Een tekort aan personeel. Maar hij hielp haar met het kind. Hij verschoonde het. Gaf het de fles. Deed boodschappen. Hij wreef haar rug. Ze werd langzamerhand weer sterker. Het kind huilde minder. Het begon te lachen. Het werd mollig. Een heel mooi kind. Haar man verafgoedde het. Hij bracht er speelgoed voor mee. Ook bloemen en grammofoonplaten voor haarzelf. Hij kreeg lang verlof. Ze woonden maandelang ergens aan zee en ze hervond iets van haar vroegere geluk in die rust van het buitenleven. Terug in de stad ontdekte ze, dat ze weer swanger was. Ze kreeg een tweeling. Een meisje en een jongen, die niet zoveel huilden.

“In het ziekenhuis werd ik afgelost,” dacht ze vaak.

“In het ziekenhuis hoefde ik maar vijf dagen per week te werken en had ik een maand vakantie per jaar. Nu heb ik nooit meer vrij.” Haar leven leek een onafzienbare zee van verantwoordelijkheid. Alleen de weken van haar huwelijksreis en de tijd aan zee staken er als rustpunten uit. Als ze uitging moest ze eerst de drie kinderen aankleden voordat ze aan zichzelf begon. Als ze eindelijk allemaal klaar waren was ze uitgeput. Ze had wel een werkster voor halve dagen. En haar man hielp haar veel. Hij hield van de kinderen. Hij was een goede vader. Een goede man. Daarvan was ze zich ten volle bewust.

Soms gingen ze 's avonds samen uit naar een toneelstuk, een concert of bioscoop. De werkster bleef dan slapen. Naar party's gingen ze zelden. Haar man hield er niet van en het gaf maar verplichtingen. Het was teveel werk om mensen terug te vragen. Maar op een dag ontvingen ze plotseling twee uitnodigingen. Twee party's op één avond. Een vriendin van haar, die in de buurt woonde, gaf een party ter ere van een schrijver uit Johannesburg. Jeugdvrienden van haar man gaven een party voor een vriend, die over was uit New York. Hij was indertijd getuige geweest bij hun huwelijk. Nu was hij zelf pas getrouwd en in Kaapstad om z'n vrouw aan familie en vrienden voor te stellen.

Laura kocht een nieuwe jurk. Ze ging naar de kapper. Deed zorgvuldig haar nagels. Twee party's op één avond! Ze voelde zich een vrouw van de wereld.

“Hoe zie ik eruit?”

“Niet slecht. Er zit lippenstift op je tanden!”

Ze liep naar de spiegel. Verwijderde de lippenstift zorgvuldig met een tissue.

“Is het nu beter?”

“Ja, dat is beter.”

“Mamma, wat ben je mooi!” zei haar zoontje, terwijl ze hem instopte. Hij streelde met z'n nattige vingertjes over de stof van haar japon. Ze kuste hem op z'n krullen.

Op de party bij haar vriendin was het erg vol. De vrienden en haar man hadden het moeilijk en werkten allebei. Iemand reikte haar een drink aan. Ze wist niet precies wat het was. Goedkope wijn. Te zoet. Nog rauw. Te eten was er niet veel. Pinda's, oud en olieachtig; verkruimelde aardappelschijfjes. Ze vond met moeite een zitplaats op die leuning van een stoel waar al iemand anders in zat. Haar man was in de blauwe wazigheid van sigarettenrook en het geroezemoes van haar weggespoeld naar het andere einde van de kamer. Hij zocht haar ogen. Keek haar aan als een drenkeling. Ze zag, dat hij graag weg wou gaan.

Weg uit de rook. Weg van de mannen met baarden en sandalen. Weg van de vrouwen in batikjurken. Weg van de goedkope wijn. Hij dronk nooit. Hij rookte niet. Weg van de kaarsen in flessen, de pinda's, de aardappelschijfjes, de vuile muren, de kinderen in groezelige pyjama's, die als muizen tussen de benen van de gasten kriolden. Ze dronk als een zoet kind haar glas leeg. Vond de gastvrouw in het gedrang.

“Het spijt ons, maar we moeten weg! We mochten nog naar een ander party!”

Buiten slaakte haar man een zucht van verlichting. Ze veronschuldigde zich. Het was haar vriendin. Haar idee geweest om er heen te gaan. Ze reed langzaam naar een ander stadsdeel. Naar de oude vrienden van haar man. Ze woonden in een nieuw flatgebouw. Het was er niet zo vol. Ze kreeg weer een drink. Geïmporteerde whisky. Ze had een stoel voor zich alleen. Haar man verdween in een groep jeugdvrienden als in een draaikolk. Af en toe hoorde ze hem lachen. Zien kon ze hem niet. De pas getrouwde vriend stond met z'n arm om de schouders van z'n vrouw geslagen. Ze haalden jugherinneringen op. Herinneringen waarvan ze geen deel uitmaakte omdat ze in en ander land was opgegroeid. Ze keek naar die schilderingen aan de muren. Stillevens van sub-tropische vruchten. Dorre landschappen met vervallen hutten.

Rieten matten met collecties van primitieve Bantoe muziekinstrumente, sieraden, pijpen, instrumenten van een toverdokter. Boekenkasten. Planken met uitgeholde kalebassen, oud koper, oude flessen. Kelims. Het appartement van welgestelde, jonge Zuidafrikaanse intellectuelen. Honderd jonge Zuidafrikaanse intellectuelen. Honderd precies dezelfde interieurs. Om het even waar. In Johannesburg, Durban, Bloemfontein, Kaapstad. Iemand hield haar twee schotels voor met koude kip en sla. Ze had geen eetlust. Ze accepteerde nog een whisky. De vriend van haar man stond nu met z'n arm om het middel van z'n vrouw geslagen. Laura keek er naar en dacht aan haar eigen huwelijksreis. De rozen en de verlaten stranden. De wandelingen door de bossen. De zorgeloze tijd.

“Het zal nooit meer hetzelfde zijn!”

“Je bent gek!”

Ze voelde opeens een heftige behoefte om te huilen. Lang en uitbundig uithuilen. Ze vocht tegen de opwellende tranen. Ze kon hier onmogelijk gaan zitten huilen. Ze was op een party met koude kip en sla, en dure geïmporteerde whisky. Ze droeg een nieuwe jurk met een imitatie bloem op de lapel. Een gardenia van witte stof.

“Hoe zie ik er uit?”

“Niet slecht. Er zit lippenstift op je tanden.”

Ze kon zicht niet meer herinneren hoelang het geleden was, dat haar man spontaan een arm om haar schouders, haar middel had geslagen. In een plotseling opwelling van liefde. Kameraadschap. Ze probeer zich goed te houden aan iets anders te denken. De kinderen thuis. De schilderijen aan de muren. Ze zocht een toevlucht in een vervallen hut in een dor landschap. Opwellende tranen dwongen haar tot actie. Ze stond op. Uithuilen op die w.c. Alleen tussen koele tegels. Met haar voorhoofd tegen een tegel leunen. De koele hand van haar moeder op haar gloeiende voorhoofd, vroeger wanneer ze ziek was. Ze liep naar de hal. Opende een deur. Slaapkamer. Een breed bed waarop stapels mantels. Ze opende een tweede deur. Kinderkamer. In het schemerdonker twee slapende kinderen. Bedjes met potjes eronder. Rose plastic. Ze deed de deur weer dicht. Zachjes. Voorzichtig. Opende een volgende. Keuken. Een Bantoe bediende stond glazen af te wassen. Ze vroeg naar de badkamer. De vrouw maakte een gebaar in die richting van een van de slaapkamers. Laura opende de deur. Badkamer. Geen w.c. Alleen een bad, een doucecel, een vaste wastafel. Zeep, tubes uitgeknepen tandpasta, handdoeken, een wasmachine, een wasmand, plastic vissen, eenden, bussen talkpoeder, pakken zeepoeder. Een metalen bootje, dat opgewonden kon worden.

Laura had op de rand van het bad kunnen gaan zitten tussen de plastic dieren en het bootje. Maar ze was in beweging. Ze was zelf een opgewonden stuk speelgoed geworden. De whisky, de goedkope wijn, de opwellende tranen en haar onbegrepen verdriet dreven haar verder. Naar een volgende deur. Ze stond plotseling op de gang, die langs de appartementen liep. In haar dronkenschap leken alle deuren gelijk. Ze had de buitendeur opengedaan. Ze stond buiten. Als een reiziger, die slaapdronken in een trein naar de w.c. zoekt en naar buiten valt. De trein dendert verder. Verdwijnt in de nacht. Alle contact met medereizigers wordt verbroken. Vervangen door de stilte van de nacht. De sterren.

Laura keek over de balustrade naar beneden. Negen verdiepingen lager lagen een tuin en een parkeerplaats. Speelgoedautotjes op het asfalt. Even voorover buigen en alles was voorbij. Het altijd en eeuwig bezig zijn. De party. Een onherbergzaam eiland, waar ze alleen had gezeten op een uit Denemarken geïmporteerde stoel tussen Bantoe-maskers en sieraden. Het zal nooit meer hetzelfde zijn. Nooit, nooit, nooit, nooit. Nooit een arm om haar schouders. Haar middel. Ze hield van haar kinderen. Soms hield ze ook van haar man. Wanneer ze niet zo moe was. Niet dronken. Ze richtte zich op. Liep verder. Ze stond voor een volgende deur. De lift. De frisse lucht verdreef haar

tranen. Regenwolken, weggeveegd, teruggedreven door de wind. Ze drukte op een knop. Stapte in. Gleed naar beneden. De stuwkracht dreef haar voort. Ze dacht niet meer aan haar man. De party.

De drang tot ontsnappen, bevrijding, was sterker. Ze liep door de tuin. Over de parkeerplaats. Stak een weg over. Een bus stopte bij een halte. Ze stapte automatisch in. De bus zette zich in beweging.

“Deze bus gaat maar tot de remise! Bij de remise moet iedereen overstappen!” riep de conducteur.

Bij de remise stapte ze uit. Er waren geen andere passagiers meer. De bus verdween om een hoek. Ze wachtte op een bus naar de stad. Behalve zichzelf stond er nog een man bij de halte. Een donkere man. Misschien een Indiër. Hij was goed gekleed. Een donkere man in de donkere nacht. De remise lag in een wijk waar slechts fabrieken waren. De halte lag bij een klein park, waar overdag werkers hun brood opaten. Berovingen waren er aan de orde van de dag. Ze werd bang. Iemand zou haar tas uit haar handen kunnen trekken. Haar naar het park kunnen slepen. Verkrachten. Doodsteken. De man zei iets tegen haar. Angst snoerde haar keel toe. Misschien wilde hij alleen maar iets vriendelijks zeggen. Dat de bus naar de stad lang op zich liet wachten. Of dat ze niet zo alleen midden in de nacht op straat moest lopen. Ze liep een eindje de ander kant uit. Weg van de man. Met goede bedoelingen. Of kwade bedoelingen. Onbekende intenties. De nachtlucht deed haar huiveren. Wrong door haar kleren als het lemmet van een mes.

Net toen ze besloot om maar naar de stad te gaan lopen, kwam er een bus aan, die stopte. Ze stapte in. De donkere man liet haar voorgaan, een medelijdend lachje om de lippen. Ze vond een plaats beneden. Hij liep door naar boven, naar de afdeling voor niet-blanken. In de stad was de laatste naar de wijk waar ze woonde al vertrokken. Een stel dronken zeelieden riep haar iets na. Na enig zoeken vond ze een taxi. Thuisgekomen zocht ze het telefoonnummer van de vrienden van haar man op. Ze gaf het aan de werkster. Vroeg haar om haar man op te bellen.

“Zeg hem, dat ik thuis ben. Dat ik niet lekker voelde.”

Haar eigen omgeving ontнуchterd haar. De slapende kinderen. De woning vol sporen van een haastig vertrek: onopgevouwen kranten, rondslingerende kleren. De werkster keek haar niet-begrijpend aan. Wachtte slaapdronken op het binnenkomen van haar man. Van “master”. Laura herhaalde de opdracht en liep naar de slaapkamer. Ze kleede zich uit, liet de nieuwe japon op de grond vallen. De koele lakens omhulden haar als een doodskleed. Ze dacht terug aan Duitsland. Aan de oorlog. Na de oorlog had ze zich voorgenomen om nooit meer ergens bang voor te zijn. Nooit meer angst. Voorbij concentratiekampen. Voorbij Gestapo. Voorbij rusteloze nachten van wachten op doordringend belgerinkel in het holst van de nacht. Nu was ze bang. Bang voor haar eigen man.

“Ik heb alle gevoel voor proporties verloren,” dacht ze, haar hoofd onder de dekens begraving.

Ze had terug kunnen keren toen ze op de buitengang stond. Toen ze in de lift naar beneden gleed. Toen ze door de tuin liep. Ze had het niet gedaan. De alcohol had haar mechanisch in beweging gezet. De drijfveer van verdriet en eenzaamheid had z'n beloop gehad. Ze was niet langer eenzaam of verdrietig. Een dodelijke angst verdrong alle andere emoties. Angst voor de gevolgen van haar daad. Ze had kunnen wachten in de kamer tussen de Bantoe-muziekinstrumenten en de schilderijen. Zoals men in een wachtkamer wacht. Bij een tandarts. Op een station. Wachten op Godot. Wachten op haar man. Ze hoorde hem thuiskomen. De sleutel in de deur. Z'n krakende voetstappen in de hal, de zitkamer. Zacht praten met de werkster. Het piepen van de slaapkamerdeur. Hij liet zich zwijgend op de rand van het bed zakken. Ze lag bewegingloos. Bevroren van angst. Een tot stilstand gekomen rivier. Haar man trok z'n schoenen uit. Liet ze een voor een dof op die grond vallen. Voor een moment vulde het alledaagse geluid haar met een vonkje hoop. Hoop, dat hij blij was om haar veilig thuis te vinden. Levend en wel in bed. Niet een bloederige massa op het asfalt van de parkeerplaats. Of een zielloos lichaam in het park bij de remise. Niet beroofd. Niet doodgestoken. Niet verkracht.

"Waarom heb je me dit aangedaan?" vroeg hij met een stem, hees van ingehouden woede.

"Ik voelde me niet lekker. Ik was dronken. Niemand heeft de hele avond boe of bah tegen me gezegd."

Ze zei er niet bij, dat ze had moeten huilen. Zei niets over haar vergeefse zoektocht naar de w.c.

"Straks slaat hij me dood," dacht ze. "Straks slaat hij me dood."

"Als je je niet lekker voelde had je het kunnen zeggen. Dan had ik je wel even naar huis gebracht. Je bent weggelopen omdat je niet in het middelpunt van de belangstelling stond. Er waren genoeg mensen, die je kende. Waar je een gesprek mee had kunnen aanknopen. Maar je was niet het middelpunt waar alles om draaide. Daar kon je niet tegen!"

Laura was bescheiden en van nature bijna ziekelijk verlegen. In winkels liet men haar vaak wachten; hielp men klanten die later waren binnengekomen eerst. Niet uit onbeleefdheid, maar omdat men haar over het hoofd zag. De enige keer in haar leven, dat ze werkelijk het middelpunt van iets was geweest, was op haar trouwdag. Ze leefde teruggetrokken in een schelp van beschroomdheid. Ze sprak hem niet tegen. Z'n woorden troffen haar als zweepslagen. Hij kleepte zich uit in het donker. Kroop in het bed naast het hare. Ze hielde geluidloos in het donkere hol van haar bed, de handen over haar gezicht.

Wat later hoorde ze haar man snurken. Wekenlang sprak hij niet tegen haar. Alleen tegen de kinderen. De herinnering aan de party hing als een giftige damp in de woning. Soms dacht ze aan een scheiding. Op een dag kon ze het niet langer verdragen. Vroeg

hem om vergewing. Ter wille van de kinderen. De rotte sfeer in huis.

“Ik heb er spijt van. Ik zal het nooit weer doen. Het zal nooit meer gebeuren.”

Een kind, dat zich heeft misdragen.

“Nou, dat zal ik dan maar aannemen. Dat hoop ik dan maar.”

Hij kuste haar niet. Hij nam haar niet in z'n armen. Hij streekte haar niet even over haar haren. Hij sloeg z'n arm niet om haar schouders, haar middel.

“Ik leef in een woestijn,” dacht Laura. “Maar zelfs in een woestijn kun je altijd nog een handvol zand oppakken en het langzaam, tussen je vinger door, laten wegglijden. Als een liefkozing . . .”

* Clarissa Jacobi, tans in Kaapstad woonagtig, is die skryfster van die volgende boeke: *Een echte Kavalsky* (1966), *De donkere bril* (1968), *De weg naar Guguletu* (1972), *De mantel van Viola* (1972), *A real Kavalsky and other stories* (1972). Kortverhale van haar het verskyn in o.a. *De Vlaamse Gids*, *Nieuw Vlaams Tijdschrift*, *Dietsche Warande en Belfort*, *Vandaag*, *Nieuw Israëlietisch Weekblad*.

PIETER HUGO NAUDÉ:
'N STIL LEWE.

Opslagboompies in 'n digte woud het lug en ruimte nodig om bo hul onmiddellike omgewing uit te kom. Soortgelyk is die geval van jong kinders in grootmenseselskap. Fisies is hulle nog onderlangs tussen voete, enkels en kniekoëpe, maar die bolyf en gelaatstrekke bly vir hulle 'n raaisel: hoe lyk die mense daarbo, wat doen hulle, hoe is hulle? Dit is van die allereerste belang. Vir ons as kinders was die jaartal 1918 belangrik hoewel ons skaars bewus was van die nasleep van die Eerste Wêreldoorlog, die Groot Griep, die ekonomiese rampe en die werkloosheid. Dit was buite ons beweegruimte; maar wat vir ons van groot belang geword het, was ons nader kennismaking met familieleden buite die huiskring wat algaande ook vir ons gestalte begin kry het.

Afgesien van ons moeder se familie was daar ook aan vaderskant ons oom Pieter en Aunt Julie, 'n Engelse tante. In daardie jaar, 1918, was hulle al drie jaar getroud en het hulle die huis bewoon wat hy self beplan en laat bou het. Almal het dit geken as 'The Studio' en sy bynaam was 'Artist'. Ek en my broer is dikwels uitgenooi om daar te kom speel en was altyd welkom hoewel ons nooit hul drumpel platgetrap het nie. Wat my betref, was Julie vireers die hooffiguur by wie ek Saterdagmôres gaan kuier het. Die broers het al saam met Pieter uitstappies geniet.

Dit was vir my heerlike vooruitsigte om Saterdag vroeg die straat alleen af te stap van ons huis af, skuins oor Kerkplein tot by die poskantoor se hoek, verby die Lutherse kerk en Garies se winkel, dan nog 'n entjie verder af tot by hulle huis.

Die tuinhek staan oop, die tuin is stil en koel met die Plumbago grensheining in volle drag. Die growwe stam van die groot palmboom op die grasperk is netjies afgeskaaf waar die onderste takke verwyder is, en die groot blare bo ritsel vriendelik. Naby die hek by die goudvisdammetjie met sy waterlelies en watergrasse, staan die klein dadelboompie met swart soet dadels wat ons mag eet. Hier is jy veilig en die straatverkeer is dof in die agtergrond. Die vensters van die dubbelverdieping huis glinster in die son, die voordeur staan oop en op die stoep is daar 'n emmer rose, varsgepluk vir die huis. Die prieel oor die buitetrapp na die groot ateljee is oortrek met bloureen en 'Traveller's Joy' wat met volle soetigheid die bye vastrek; en in die bedding onder teen die wit grofgepleisterde stoepmuur blom die klein blou nemesias uit Darling se veld.

By die oop voordeur nooi die blink vloer jou binne en jy gly eintlik oor die ryk kleure van die ou sagte donker tapyt. Hier op 'n stoel is Julie se bruin fluweelkussinkie, met dennenaalde opgestop vir die geur en om haar lekker te laat slaap; daar op die tafeltjie langs die groot steel lê Pieter se bril en die boek wat hy die aand tevore in die sagte lamplig gelees het. Deur die ruite flits sonlig en skaduwee om die beurt oor die ronde mahonietafel soos die luggie die blare van die druiweprieel langsaam roer.

Die eetkamertjie tussen die woonkamer en die kombuis het 'n glas buitendeur wat 'n andersins donker vertrek verhelder. In die hoek tussen die twee binnemure staan die eettafel met sy groen baai-oortreksel en die banke wat teen die muur ingebou is. Die hoek-kassie bokant die banke is ook donker behalwe as 'n verdwaalde sonstraal die rose-patroon op die fyn porseleinkoppies, agter die glasdeurtjies, weer laat opflikker. Op die drumpel van die kombuis ruik dit die ene vars brood wat Pieter self bak. Hy is seker nog besig om die tuin agter nat te spuit of die nodige vir die dag se kokery uit te haal of om sy argeliere teen die son te beskerm. Julie sal in die spens wees waar sy haar klein flessies vrugteselei of konfyt verseël en die etikette opplak. Voor gesondheidskos 'n kultus geword het, het hulle uit eie beweging gesond en matig geëet en veral van wat hulle self kon kweek en voorberei; en Julie kon van die eenvoudigste kossoorte smaaklike disse voorberei.

Jy ontmoet hulle byna tegelyk waar sy jou kom groet en hy van buite af binnekom met die dag se groente en vrugte uit die tuin.

Die hele oggend is joune. Jy gaan eers huis toe wanneer die markklok om twaalfuur lui. Buite waar die gras al hoog is, op 'n mat, is die houtbedjie met die Basoeto-pop al reggesit. Die pop het nog sy nagklere aan en lê in 'n bed met lakens, kussings en slope en 'n bont kombersie. Daar is ook klere om vir die pop aan te trek terwyl die beddegoed gelug word. Nadat die bed opgemaak is, kan die spelery begin en aanhou tot die grootmense hul oggendtake staak om tee te drink by die leikliptafel onder die druiwepriël naby jou speelplek. Jy kry jou eie skinkbord. Daar is twee van die klein rooskoppies uit die hoekkassie, een vir jou en een vir die pop; daar is ook fyn silwer teelepels, regte suiker, melk, warm tee in 'n pot onder 'n teemussie, en 'n teesiffie. Daar is dun snytjies botter en brood met bessiekonfynt en 'n bakkie junket. Na die teepouse gaan ons kombuis toe om op te was. Jy was self jou teegoed. Hulle vertrou jou en jy breek gelukkig niks nie.

Die jaar 1918 was verder vir my belangrik omdat ek toe nege jaar oud geword het en omdat Pieter my ouers gevra het of hy my portret mag skilder. Dit was 'n nuwe andersoortige ervaring, en dis eintlik toe dat hy vir my gestalte begin kry het. Eers was hy net Pa se broer en een van die ooms by wie jy lekker kuier; maar met die sittings wat toe gereël is vir Saterdag en sommige skoolvakansiedae het ons nader aan mekaar beweeg. Daar was minder speelyd maar dit was toe meer interessant.

Die groot ateljee op solder het omtrent die hele oppervlakte van die huis gedek en groot vensters weerskante het die nodige lig verskaf. Aan die voorkant kon jy uitkyk straat se kant toe en agter het jy afgekyk op die lang priël met vrugtebome en groente weerskante. Jy voel afgesonderd soos op 'n skip met soveel lig en ruimte om jou; selfs die wolkies wat verbysweef laat jou voel of jy saam wegdryf. Dit het nogal gehelp om die lang sit op 'n regop stoel op die verhogie om te kry.

Daar was natuurlik tye om op te staan en die bene te rek; en namate die portret begin vorm kry, het ek meer betrokke geraak met die man wat dit skilder. Hyself was teruggetrokke van aard en omdat hulle nie self kinders gehad het nie, het hy miskien ook nie mooi geweet hoe om met 'n negejarige meisiekind te gesels nie. Ek was vireers oorbluf om te sien hoe hy met verf en kwas vir my te voorskyn laat kom; dieselfde hare en blou strik wat pas by die blou matrooskraag oor die wit hemp, albei oë, die neus, ken en wangbene. Maar gaandeweg het ons albei minder onseker en strak in mekaar se geselskap geraak en hier was dit hoofsaaklik Julie wat die ongemaklikheid oorbrug het. Daarom was die gebruiklike teepouses meer as welkom as sy die trap opkom met die skinkbord en ons drie saam kon ontspan. Nie lank daarna nie is ek toe ook genooi om saam met hom en die broers veld toe te gaan; nie langer 'n probleem nie maar een van die bondel.

Toe die portret byna voltooi was, het Pieter eendag gesê: "As jy eendag trou, kry jy dit as trougeskenk." Nouja, op daardie tydstip vergeet 'n mens sulke dinge want trou is nog 'n onwerklikheid. Die portret het later op verskeie uitstallings beland maar het altyd weer huis toe gekom. Ander portrette het hy op aanvraag of uit eie keuse voltooi en aan die betrokke instansies verkoop. Hy was by uitstek portretskilder en het hom hoofsaaklik daarvoor in Europa bekwaam hoewel hy ander invloede ook absorbeer het en later in sy eie land met toewyding ook landskappe en ander tonele geskilder het. Vyftien jaar later toe ek op troue gestaan het, oorhandig Pieter, soos hy belowe het, die portret toegedraai in 'n stuk bruinpapier onder sy arm. Ek beskou dit nog as my waardevolste besitting.

Toe ek dit ontvang, kon ek nie na die verloop van jare, uit eie geheue vasstel of die kind in die portret 'n juiste beeld van my was nie en of hy raakgesien het wat andere daarin gelees het nie. Eers toe my eie kinders en selfs van die kleinkinders op daardie stadium soortgelyke gelaatstrekke toon, kon ek aanvaar dat dit 'n getroue vertolking moes wees van die onskuld wat kinders op daardie ouderdom aanvaar. Vir my is dit ook waardevol omdat ek dit oral kon saamneem waar ek huis opgesit het nadat ek my tuisdorp vir goed verlaat het. Dit was vir my 'n bestaansekerheid uit die verlede. Hierdie pand uit my kinderjare het sterk bystand verleen deur my te herinner aan die waardes wat ek daar geleer het en my ewewig help besorg sodat ek op dreef kon kom en voortbeweeg met min noemenswaardige letsels.

Die begrip en bystand wat ons as kinders by Pieter en Julie ervaar het, was ook beskikbaar vir ander jongmense. Hulle was lank aktief betrokke met die dorpskinders in die Padvinderbeweging en het waardevolle bydrae gelewer. Talle jong kunstenaars het by Pieter kom kers opsteek. Dié het dikwels oorgebly en is nooit weg sonder raad en sterkte nie, dikwels geldelike bystand ook, hoewel hulle dit self nie breed gehad het nie. Pieter het sterk geglo dat 'n kunstenaar 'n byberoep moet hê om hom geldelik te steun, veral as hy nog 'n jong beginner is. Hyself moes die beskikbare middele opgebruik vir sy studies en dit het lank geduur voor hy erkenning gekry het.

Hoeveel skilderye het hy nie goedkoop verkoop om die pot aan die kook te hou nie. Daarby was hy gulhartig en het hy maklik van sy werk verniet weggegee, soos ons koek vir die bure sou wegbring. Hy was té krities en onseker oor sy eie werk. Eenkant in sy ateljee het hy 'n afskorting opgerig wat hy die 'Chamber of Horrors' genoem het en alles waarmee hy ontevrede was, het daar beland. Hy het dikwels gesê daardie doeke moes eendag verbrand word maar van sy beste werk is later daar uitgehaal. Julie was die een wat kop gehou het. Sag en liefdevol soos sy was, het sy sterk dissipline gehandhaaf. Haar welsynswerk waar sy gehelp het om 'n kliniek vir die kleurling-gemeenskap in stand te hou en haar eertydse ervaring as verpleegster het haar die belangrikheid van duidelike riglyne laat besef: sy en Pieter maak hul lewe van die skilderye en daarom moet die skilderye so goed as moontlik verkoop word. Dit bly vir my 'n tere herinnering dat Pieter en Julie, toe ek student was en met lenings en beurse studeer het, stilweg 'n som geld opsygesit het en my ingeroep het om te verduidelik dat dit gebruik moes word om my studies te voltooi terwyl hulle nog lewe. Hulle het besluit om die seuns van Pieter se broers hul erfgename te maak maar dit was wat hulle vir my wou doen.

Van ons beste herinnerings is die uitstappies wat ons saam geniet het. Ek dink aan die warm somersaande waar ons saam met die grootmense langs die Hexrivier gaan eet het en hoe die onbesoedelde waters vinnig oor die ronde wit klippe verby die klam plantegroei gespoel het. Ek onthou die aandkos met slaai en vrugte en veral die rustige gesels tot die vroeë sterre uitkom. Ander dae weer het net ons kinders saam met Pieter vir 'n dag in die veld gaan uitkamp. Terwyl hy verder die veld instap of tussen die bergklowe klim om te skets of te skilder, het ons agtergebly en 'n pieknickete voorberei. Die seuns maak die vuur op 'n veilige plek en sodra die kole reg is vir die vleisbraai sit ons die swart keteltjie ook op om die koffiewater te kook. Wanneer hy terugkom, bring hy gewoonlik loof saam — tolbossies, slangbos en veldplante vir sy tuin. Die loof is vir die geel klipkan tuis wat hy self rangkik op die boekrak in die woonkamer, net insteek en regtrek en klaar.

Na so 'n uitstappie sal ons miskien later in die jaar op 'n wintersaand om die kaggel in die ateljee bymekaar kom. Dikwels sing ons lekker saam om die klavier terwyl Pieter self van sy ou studenteliedjies speel. Dit tref my hoe versekerd sy breë vingers die note raakvat en onder die singery, terwyl my oë dwaal oor die voltooide skilderye aan die mure, bewonder ek ook die sterk skoonheid wat daardie vingers met 'n fyn penseel skep. Stippeltjies skarlaken verf word Jerusalem-papawers; elders word hulle weer 'n rooi hennetjie met haar kuikens wat skrop om die oop deur van 'n arbeidershuisie; breër penseelstrepe regaf en dwars skep 'n plaaswerf met arbeiders om die parskuip terwyl sterk ligkollie tussen die bome die illusie oproep van 'n warm somersmiddag om twaalfuur wanneer die plaasklok gelui het en die werkers onder die hoë koeltes kan uitspan.

As ons klaar gesing het, haal Pieter die swart keteltjie te voorskyn vir koffie om die vuur. Dan gesels ons weer oor die kleurvolle herfs wat verby is en ons bekyk sy voltooide skildery wat op daardie dag in die veld begin is. Ons geniet van meet af saam die ryk vallei waar die laat herfsson op die plaaswonings en wingerde gelê het, die mistige blou van die diep kloue en die hoë spitsberge agter met die eerste sneeu van die jaar.

Sulke uitstappies was vir hom noodsaaklik om die afsondering en die nuwe perspektief wat dit hom besorg het. Op die langer uitstappies het die seuns dikwels saamgegaan; 'n naweek by die see, 'n week na die Knysnabosse of 'n vakansie Namakwaland toe vir die blomme. Die karavaan wat vir hierdie doel ingerig was, was vir hulle 'n aardigheid. Dit was die seuns se taak om kamp op te slaan en die maaltye voor te berei en selfs, as hulle by die see was, vis te vang vir die aandete.

By die kus was dit vir Pieter 'n uitdaging om die slapende dorpie vroeg in die môre te skilder as die see glad soos 'n plaasdam lê; of weer, as die buierige branders met hoogwater teen mekaar bots en oor die rotse opskiet, was dit sy taak om die wisselende kleure en beweging vas te lê. By die Knysnabosse was dit die reusebome en hoë varings wat indruk gemaak het met hul koel skaduwees en subtiële bloue en groene wat geheimsinnige dieptes voorstel; of die stil bruin waters tussen die bosse wat met diep koeltes en skaars sonlig bekoor het. By wyse van kontras was Namakwaland se blomme 'n bonte kleureprag met 'n see van skel oranje en rooi, geel en pastel wat oor die uitgestrekte bulte skuim en skitter. Van hierdie veldblomme het hy saad bymekaar gemaak en selfs nuwe kruisings in sy tuin gekweek. Met die terugtog huis toe kon hy nie nalaat om by die klipperige rante van die Karoo stil te hou nie want elke lente is die vygies daar 'n nuwe wonderwerk. Dan is die dorre kluite toe onder die vetplantblaartjies en die oop blomme 'n bontespul wat beide uitspattig en rojaal voorkom. Pieter het nooit sonder tuingereedskap veld toe gery nie en het gereeld sy tuinvurkie gebruik om van die mooiste kleure met grond en al uit te haal vir bewaring elders.

Toe die Stadsraad van sy dorp 'n monument wou oprig ter ere van die seuns van die dorp wat in die Eerste Wêreldoorlog gesneuel het, is 'Artist' genader om die Tuin van Herinnering te beplan en uit te lê op Kerkplein. Hy het baie tyd en aandag daaraan bestee en ons het die wording van die Tuin met belangstelling gevolg. Nadat die grond afgemeet en bewerk is en 'n netjiese raamwerk van Paarlse graniet opgerig is, word die plante van elders ingebring. Die meeste daarvan het Pieter self in die veld gaan uithaal en op geskikte tye oor geplant. Dit was geen ongewone gesig om hom daar in die tuin te sien nie, gebukkend of op sy hurke waar hy die inheemse plante huisves. Die vygies was veral treffend waar hulle met blomtyd vlam vat oor die akkerrandjies en tot byna sonder bly skitter.

Toe besluit die dorpsvaders om Kerkplein verder te verfraai aangesien die gedenktuin so aantreklik vertoon. Hulle sou bome om die plein plant en dit op die manier beskerm. Met groot blydschap en gesedrif skets Pieter 'n plan met bome, meesal inheems, wat met

welslae sou groei en vir baie dekades 'n sieraad vir die dorp sou wees. Hierdie plan gebore uit geesdrif, kennis en goeie smaak word voor die Raad gelê. Daar word oor die plan 'gesit' maar, 'n lang wik en weeg en bereken, word daar ten slotte gestem vir bloekombome as meer betalend en goedkoper om aan te skaf. Ek onthou nog Pieter se verontwaardiging soos hy deur sy snor blaas en sê: 'Dreadful, dreadful', sy geliefkoosde gesegde as hy sterk onthuts voel oor iets minderwaardigs. In hierdie geval het dit nie soseer gegaan om sy plan wat verwerp is nie as om die stugge kleinburgerlikheid wat openbaar is.

Afgesien van sy huis wat na sy dood aan die dorp geskenk is, is daar ook talle van sy skilderye aan die Stadsraad geskenk. Dat hierdie skildery eers vyf-en-dertig jaar na sy dood op 'n geskikte plek gehang is, openbaar miskien iets van die kleinburgerlikheid van die verlede, en 'n gebrek aan erkentlikheid teenoor 'n begaafde seun van die dorp en distrik wat die meeste van sy lewe tussen die mense van sy dorp deurgebring het.

Hoe onthou ek nog vir Pieter en Julie na al hierdie jare? Vlughtige indrukke sluit in sy snor, sy breë sterk hande, die Harris Tweed baadjies, die lekker veldskoene vir die berg, die Libertysydasse wat Julie so netjies vir hom gemaak het. En van Julie onthou ek haar sagte vingers en rustige stem, haar gladde netjiese lang rompe met bloese van fyn katoen of sy. Ek dink ook aan die boeke wat sy vir my gelees en gegee het. Toe ons in die Primêre Skool nog moes worstel met *de-* en *het-* woordjies en versies moes opsê soos "Het Zwalustnest" en "Jantjie sagt de Pruimen hangen" en die Hollandse Bybel gelees het omdat ons eie vertaling nog nie gereed was nie, het Julie vir my my eerste Engelse Bybel gegee, 'n praguitgawe met sagte leeromslag en duidelike aanwysings. Ook het ek later haar 'Stories of Jesus' ontvang wat Pieter vir haar met sketse geïllustreer het. As die weer guur was met die kuiertjies aan hulle huis het Julie, toe ek nog nie vlot kon lees nie, in haar leeskamertjie bokant die buitetrappet langs die groot ateljee vir my stories gelees. Daar het ek kennis gemaak met Kingsley se *Waterbabies*, Anderson se *Ugly Duckling* en *The Emperor's Clothes*, Perrault se *Cinderella* wat die glasskoentjies na die bal gedra het, Maeterlinck se *Bluebird* en soortgelyke stories.

Julie was sterk van gees maar nooit baie gesond nie. Maar selfs toe sy later ernstig siek word, wou sy nog vir Pieter beskerm. Een aand, nie lank voor haar dood nie, het hy nadat al die besoekers weg is, alleen by haar bed gesit terwyl sy insluimer. Daardie aand was hy ook 'op 'n eensame plek apart'. Hy skryf toe 'n briefie aan ons en sê onder andere: 'Why didn't Julie tell me how seriously ill she was?'

Maar later, toe hy alleen moes agterbly, het hy dapper sy eensaamheid beveg en almal het hom getrou bygestaan. En toe hy 'n paar jaar daarna begrawe word, het dieselfde vriende en familie wat hom met Julie se siekte bygestaan het, ook aan hom die laaste eer bewys.

Ek het nie by die graf van hom afskeid geneem nie. Toe ons teruggaan na sy huis het ek deur die tuin gedwaal tussen die mense wat daar rondstaan. Deur die kamers binne soek ek tevergeefs, dis leeg, verlate, swaarstil. Ek loop agter om die huis na die buitekamertjie onder die trap waar sy tuingereedskap gebêre is. Die deur stoot swaar oop, die skarniere is lanklaas geolie. Ek stap binne en die deur swaai vanself toe. In die beklemmende stowwerige stilte hou ek sy graaf met albei hande styf vas. Die koue metaal onder is blink weggeslyp maar die houtsteel voel vir my nog warm. Die hark leun huipeloos eenkant teen die venstertjie, dof van die spinnerakke. Op die rak lê sy tuinskêr waarmee hy sy rose en langsteel angeliere vroeg soggens nat van die dou afgesny het en in die plat mandjie na ons weggebring het. Ek tel die tuinvurkie op wat altyd saam veld toe gegaan het. En op daardie kille, mistroostige dag is dit nie meer nodig om onherroeplik van hom afskeid te neem nie: ek sien weer die bros vygies wat na 'n goeie reënjaar uit die dooie winterstof 'n juweelgloed oor die klipgrond sprei.

AUDREY BLIGNAULT 60:
FYNPROE-WYN EN BORREL-SJAMPANJE.

Dis 'n avontuur waaraan 'n mens jou waag om te praat oor die werk van Audrey Blignault. Die waagstuk lê in die bekendheid en gewildheid van hierdie skryfster se kortkuns; ek wil my verstout om te sê dat sy by die vroulike lesers van Afrikaans beslis die mees geliefde outeur in ons taalgebied is.

As mens die literêre kunswerk wil definieer, moet jy in die eerste plek konstateer dat daarbinne 'n *verbeeldingswêreld* geskep word. Die roman, die kortverhaal, die gedig is almal produkte van die verbeelding, die fantasie — daardie wonderlike gawe wat die mens ontvang het om oor die grense van die gewone, alledaagse, beperkende werklikheid heen te beweeg. Ernst van Heerden praat dan ook van die letterkunde as “die ander werklikheid”. Maar nou is dit so dat hierdie “ander werklikheid”, die wêreld-in-woorde nie absoluut geskei is van die lewe van elke dag en die gewone wêreld nie. Die vonk van die verbeelding word geslaan uit 'n stukkie menslike werklikheid — 'n ervaring, 'n emosie, 'n gedagte. Wanneer die skrywer egter daaraan uiting wil gee, neem die pen op papier oor, dikteer die woord aan hom om te skryf buite die oorspronklike ervaring, emosie en/of gedagte om: daar kom 'n plus by, dit word 'n “meer as my lewe en my wêreld”. Tog is dit nou eenmaal so dat die leser altyd geïnteresseerd is in die “ek” agter die literêre kunswerk, die mens agter die boek. Maar die skrywer verskuil hom meesal baie deeglik in sy kunswerk, hy speel wegkruipertjie met sy lesers, hy laat hom nie ken nie. Hy kry dit egter nie altyd ewe goed reg nie en sy posisie in dié verband hang ten nouste saam met die genre wat hy beoefen. In die roman en die drama bly die skrywer in 'n sekere sin die beste versteek. (Hy kan andersyds in hierdie twee genres ook weer die kenbaarste word.) Dit sou baie moeilik wees om vas te stel wie van die baie karakters wat in die roman en drama optree — dink, praat, bemin, haat, moor — nou spesifiek die skrywer is! Kyk mens vergelykenderwys na die gedig, dan is die bewussyn van 'n spesifieke, individuele, ja kenbare ek daaragter onmiddellik baie sterker. Die digter word veel makliker die gedig as wat die romanskrywer die roman en die dramaturg die drama word. Maar dit is ook weer so dat die gedig subtielste medium is en weens sy streng beperkende vorm die digter toelaat om in sy verswyging alles te sê!

REVELATION

We make ourselves a place apart
Behind light words that tease and flout,
But oh, the agitated heart
Till someone really find us out.
'Tis pity if the ease require
(Or so we say) that in the end
We speak the literal to inspire
The understanding of a friend.
But so with all, from babes that play
At hide-and-peek to God afar,
So all who hide too well away
Must speak and tell us where they are.

— Robert Frost

En met dié lang omweg nou uiteindelik die essay: die genre wat Audrey Blignault beoefen. Ten eerste: die essay behoort tot die prosa en die lengte is min of meer dié van 'n kortverhaal, maar dit verskil van die kortverhaal deurdat dit veel minder 'n "storie vertel" en ook nie volledig binne 'n verbeeldingswêreld afspeel nie. Veel meer nog as die gedig is die essay ek-gesentreerd, want dit kies die ek as sy natuurlike spreker, terwyl die gedig ook die derdepersoonsvorm kan gebruik. Boonop: die ek van die essay laat hom gemaklik terugvoer na die ek van die gewone werklikheid en so word die verbeeldingspel opgehef. (Die "ek-illusie" en die verbeeldingswêreld bly by die gedig volledig behoue.)

Hoe sterk die ek wat haar in Audrey Blignault se essays "Amanda" noem, geïdentifiseer is met Audrey Bettie, gebore Swart, te Bredasdorp, het ek by geleentheid op Stellenbosch beleef waar die skryfster opgetree het voor 'n studentegehoor en die student wat die bedankingswoord moes doen, haar spyt uitgespreek het dat Audrey Blignault nie in rooi haar verskyning gemaak het nie! Siedaar, wat die skryfster bely, word van die mens verwag!

"Ja, 'n rooi rok, knalrooi soos kafferboomblom, kolskoot gesny en gepas en lieflik gemaak van die ligste chiffon wat in sagte voue soos laagwaterbrander om my plooi—'n rooi rok soos ek van my kleinste droomtyd af wou gehad het: prinseslank, walswyd, feesvroliek en rooi, rooi, raaksienrooi soos 'n kanniedood op die Knersvlakte.

Nooit het ek gedink dat ek met só 'n rok sou huis toe kom van 'n reis om die wêreld nie . . ."

Maar Audrey Blignault noem haar nie verniet in haar essays "Amanda" nie. Daardeer skep sy die nodige afstand om wat sy te sê het te laat groei tot wêreld-in-woorde soos enige ander genre: op dié wyse word die gesprekstoon wat die essay kenmerk nie te engpersoonlik nie. Dit is die hoofdoel van my praatjie vanaand: om iets te laat blyk van hoe seer die beste van Audrey Blignault se werk *nie net die spontane genieting is waarvoor dit met dank deur so vele lesers aanvaar word nie*, maar wel *volwaardige literatuur*. Dit is 'n verpligting teenoor die Afrikaanse letterkunde dat haar bydrae voluit waardeersal moet word.

Van die gedig veel meer as van ander literêre genres kan mens ook sê dat dit 'n organisasie van taal is, geïsoleer van die alledaagse taalgebruik. Natuurlik is die romanskrywer ook 'n taalkunstenaar maar die roman bring ons tuis in die wêreld van mense met al die spanninge in hulle onderlinge verhoudinge; die gedig bestaan alleen by die grasia van die woord (en die versreël — die digter dink in versreëls). Ek glo mens kan dit ook sê van Audrey Bignault se essays: hulle bestaansreg as literatuur lê in die wyse waarop sy die Afrikaanse taal hanteer en in haar *vermoë tot komposisie, ordening*. Ek verwys u ter illustrasie weer na die aanhaling oor die rooi rok ("Hier's ek weer met my rooi rok voor jou deur" uit *Die verlange loop ver*); u het hier uitbuiting van die volle moontlikhede van die taal deur die gebruik van alliterasie en die aanwending van die metafoor: "knaal-rooi", "kafferboomboom", "kolskoot", "kanniedood op die Knersvlakte". Miskien vind mens die treffendste hantering van alliterasie in haar essay "Die Hiefel en die Fiefel" in *Die rooi granaat* waar dit as bindingsfaktor dien en as sodanig ook boei sonder om te bewus en dus hinderlik opsigtelik te word:

"Miskien is dit my ou gevoeligheid vir die reisesjaery wat my deesdae so wars maak van die wedloop om welvarendheid en welvoeglikheid en algemene weledelagbaarheid in ons land".

Hier staan die alliterasie in diens van die humor soos ook in "Die Die skatting van die koopprys" uit dieselfde bundel:

"As ek seggenskap had in die regering, het ek lankal 'n wet gemaak om huisvroue te beskerm teen die huis-tot-huis-besoeke van verkoopsagente met kantklede, ensiklopedieë, meganiese apparate, ondermynende tydskrifte en kassies met huismiddels vir hooikoors, hartkwaal en hardlywigheid".

In ons prosa beskou ek naas Hennie Aucamp vir Audrey Bignault sonder meer as die fynste hanteerder van die Afrikaanse woord. Ek sou nog veel meer oor haar taalgebruik kon sê: haar skerp sintuiglikheid, beeldende vermoë, die ritmiese spanning van haar sinne. In 'n artikel oor die kortverhaal noem Hennie Aucamp as een van die belangrikste redes vir skrywers se aangetrokkenheid tot die kortverhaal die noue verwantskap daarvan met die poësie. Hy haal in dié verband die woorde van die Ierse kortverhaalskrywer Frank O' Connor aan waar hy sê dat hy die kortverhaal beoefen "Because it's the nearest thing I know to lyric poetry". Die liriese aard van Audrey Bignault se kortkuns gaan moontlik terug op haar eie digterlike Ierse inslag! Haar liefde vir die poësie het sy herhaaldelik uitgespreek maar haar poëtiese aanvoeling het in die essay sy natuurlike medium gevind.

Waarom? Ek glo omdat sy daarin meer menslik besig kan wees, want die essay is die genre by uitnemendheid wat ruimte laat vir die *lewensbeskoulike* element, vir *besinning*, vir mededeling van mens tot mens. Sy sluit haar dan ook aan by die Franse essayis Michel de Montaigne, aan wie sy in haar jongste bundel *Die wind van die see af* 'n volle essay wy onder die titel "Met hom stap ek graag saam". Maar ook in ander essays figureer Montaigne, bv. in "Die skatting van die koopprys":

“Ek weet dis waar wat Montaigne gesê het: Die mens is ’n ongelooflik ydel, veranderlike en onbestendige ding, maar vir my is die parfuim agter my ore meer, baie meer as ’n tikkie ligsinnige ydelheid. Dis my skans teen toingrigheid, my saluut aan die romantiek van die lewe, my daaglikse bevestiging van die avontuur wat die mens se gang oor die aarde moet en kán wees”.

Uit hierdie kort paragrafie kan twee dinge geabstrabeer word: die mens en die vreugde, en ek glo dat ons hiermee die kern van Audrey Blignault se skrywerskap aanraak. Die titels van haar bundels gee vir ons duidelik haar *belydenis van die vreugde* te kenne. Haar eerste bundel wat in 1955 verskyn het, noem sy *In klein maat* en gee deur ’n aanhaling uit Ben Jonson voorin ’n dubbele karakterisering van haar werk; sy dui dit aan as klein in omvang, d.w.s. *kortkuns*, en as gestaltegewing aan skoonheid en lewensvreugde: “In small proportions we just beauties see; And in short measures life may perfect be”. Daarop (d.w.s. na *In klein maat*) volg: *Die vrolike lied*, *Met ligter tred*, *Die blye dae*, *Die plesierboom*, *Om die son te aanskou*, *Die verlange loop ver*, *Die rooi granaat* en *Die wind van die see af*.

Dit is so dat mens in eerste instansie na die enkelkunswerk as ’n selfstandige, selfgenoegsame woordwêreld kyk, maar langsamerhand bou ’n skrywer ook ’n oeuvre op. Audrey Blignault se oeuvre oorspan by verskyning van *Die wind van die see af* ’n lewensloop wat ’n volledigheid, ’n afheid, ’n voltooidheid openbaar. Binne hierdie oeuvre het, in terminologie van Toon van den Heever — “die afgrond roep uit tot die afgrond” — ons gekom tot die een essay wat uitroep na die ander. Waardebepaling is altyd ’n gevaarlike speletjie, maar ek sou dit tog wil waag om Audrey Blignault se essays met die mens as tema hoër te skat as die suiwer lewensbeskoulike essay. By die essays oor die mens kan ook ’n tweeledige indeling gemaak word: die meer persoonlike essay oor naasbestaendes (moeder, vader, broer, suster, man, dogter) en ook die mens wat sy buite die bloedverwantskap om wil ontdek en die meer objektiewe essay wat sterker by die kortverhaal aansluit soos die pragtige “Die prinses Ponselle” (*Die rooi granaat*) en die titel-“stuk” (ek sou hier wou sê “verhaal”) van die jongste bundel. Vir my is van die mooiste van Audrey Blignault se essays dié waarin haar moeder die hooffiguur is soos “Die onblusbare” en ook “Die skatting van die koopprys” en “Naam sonder skaam” waar sy ’n meer ondergeskikte rol vertolk, maar dieselfde humor te pas kom en Audrey Blignault haar keer op keer openbaar as iemand wat meesterlike dialoog kan skryf.

Audrey Blignault se beste werk is myns insiens meesal dit wat gekenmerk word deur die humor of wat Van Wyk Louw noem die “ligte, liggende erns”, maar daarnaas het sy ’n paar pragtige elegiese opstelle geskryf waarvan vir my die aangrypendste is “Die geur van katjiepiering” oor die dood van haar broer Leon in *Die plesierboom*, Oor die bediende Martha wat veral in die vroeëre essays ’n beminde figuur geword het, is daar “’n Afskeid” in *Die rooi granaat* en oor haar moeder “Vaarwel aan ’n tuin” in *Die wind van die see af*.

Die ontugtering van die kind — meteens in sy spel en vreugde gesteur — is die tema van die titelverhaal van *Die wind van die see af*, maar sy hanteer dit veral meesterlik in “Die prinses Ponselle”.

Ek het met hierdie kort beskouing probeer om vir u 'n meer literêre insig in Audrey Blignault se werk te gee, omdat ek voel dat die geliefdheid van die mens agter die boek en die algemene gewildheid van die werk as sodanig soms die literêre waardering daarvan kan belemmer. Maar daarby mag nie vergeet word nie dat daar gekom is tot die mens deur die werk en nie andersom nie. Audrey Blignault se alombemindheid het voortgevloei uit die vreugde wat haar werk verskaf het en nog steeds verskaf. Ek dink sy het onskatbaar veel gedoen om die gewone gemiddelde (nie-literêre) leser weer terug te bring by die *goeie Afrikaanse boek*. Binne die groot Afrikaanse literatuur het Audrey Blignault ons sjampanje-letterkunde vir ons gegee . . . en by herhaling proe ons die borrels daarvan op die tong, en is dankbaar.

* 'n Praatjie gelewer by geleentheid van die skryfster se 60e verjaardag vanjaar.

SPEELSE EN EKSPERIMENTELE ELEMENTE, VANUIT DIE GESIGSHOEK VAN GEESTIGHEID, IN DIE POËSIE VAN D. J. OPPERMAN (1)

Geestigheid dui op 'n bepaalde ervaringswyse van die werklikheid. Die waarde van geestigheid moet vasgestel word in die konteks waarin dit funksioneer. Dit veronderstel dat die ondersoeker 'n begrip sal hê van geestigheid in ontologiese opsig.

Ek begin deur kortliks te verduidelik wat die aard van die geestige ervaring is. By voorbaat wil ek egter stel dat hierdie ervaringswyse onmoontlik in die bestek van twee artikels afdoende verduidelik kan word. En tog behoort 'n studie van enkele van die kort gedigte in *Kuns-mis* en *Edms. Bpk.* ons enigszins 'n insig te gee in die aard en rykdom van hierdie soort ervaring.

Al sou ons vandag nie meer met Addison se onderskeiding van "true wit" en "false wit" kan saamstem nie, getuig sy definisie van geestigheid, in 1711, van insig en begrip in hierdie verskynsel. Hy het hiertoe gekom n.a.v. Lock wat die volgende beweer het: "For Wit lying most in the Assemblage of Ideas, and putting those together with Quickness and Variety, wherein can be found any Resemblance or Congruity, thereby to make up pleasant Pictures and agreeable Visions in the Fancy".¹ Tereg is Addison se kommentaar hierop:

"I shall only add to it, by way of Explanation, That every Resemblance of Ideas is not that which we call Wit, unless it be such an one that gives *Delight* and *Surprize* to the Reader: These two Properties seem essential to Wit, more particularly the last of them. In order therefore that the Resemblance in the Ideas be Wit, it is necessary that the Ideas should not lie too near one another in the Nature of things: for where the Likeness is obvious, it gives no Surprize."²

Belangrik by geestigheid is dus dat die ervaringe wat in verband met mekaar gebring word, *uiteenlopend* van aard moet wees; dit bring mee dat die ervaringe *met geweld* bymekaar gebring word.³ Hierdeur ontstaan die verrassing, enersyds. Maar wat Addison uit gedagte verloor het (en dis te verstane, want die verrassing is oorheersend by geestigheid), is om na te gaan wat die beduidenis is van die genots-prinsipe en hoe dit saamhang met die verrassingsprinsipe ter verkryging van die verskillende vorme van geestigheid wat aangetref kan word.

My doel van ondersoek is nie om 'n volledige verkenning van geestigheid te onderneem nie, maar net om so kort moontlik genot in ontologiese sin te verklaar. Ek sluit aan by Aristoteles wat gesê het dat genot m.b.t. die persoon wat dit ervaar, neerkom op as "kindred things natural to each other, all things akin to one and like one".⁴ Dit kan saamgevat word deur die uitdrukking "soort soek soort", wat wil sê dat die subjek (die mens) opgaan in sy objek (sy omwêreld). Hierdie "sense of identity with our surroundings, when there is nothing outside the mind of man", het Northrop Frye bevind as die grondliggende beginsel by alle literatuurvorming — al geskied dit dan ook in negatiewe sin m.b.t. hierdie beginsel, soos by die moderne absurde tradisie.⁵

En is dit nie wat by geestigheid gebeur nie: dat ondanks die andersoortigheid van die verskillende wêreld van ervaring, daar 'n ooreenkoms getref word deur die genotsprinsipe waardeur 'n *skyn van identiteit* bereik word tussen die wêreld? Dit beteken dat daar 'n punt-van-ooreenkoms gevind word, soos ook by die metafoor plaasvind — en dikwels neem geestigheid 'n metaforiese gestalte aan. Die punt van ooreenkoms wat getref word, kan plaasvind op die wyse van die woordspeling, die basiese vorm van geestigheid (Addison se sg. “false wit” — omdat dit onvertaalbaar is). Hier is geestigheid nog eenlynig. Maar dit kan gevarieerd wees deur meer as een punt van ooreenkoms te ontdek, waardeur te meer die indruk van identiteit bereik word. Dink in hierdie verband aan die uitgebreide “conceit” waarmee allerlei punte van ooreenkomste tussen twee uiteenlopende wêreld beproef word.

Met hierdie beknopte teorie oor geestigheid, ter inleiding, wil ek nou aan die hand van enkele gedigte gaan kyk wat ons van geestigheid kan leer by Opperman.

THETIS

Die duikboot is raak gehaak en oopgemaak,
toe volg die weduwees se wedersiens
van honderd-en-tagtig lywe,
silwerig pap —
'n groot blik menslike sardiens.

Die situasie van “Thetis” kan miskien die beste beskryf word as dat dit verband hou met die “nausea”, die walg. Wat gebeur by die ervaring van die “nausea”, is dat die sinvolheid wat waarde aan die mens se bestaan verleen, ontken word. Dit vervul die persoon wat die walg ervaar met 'n verskriklike angs, in so 'n mate dat 'n inertia kan intree. 'n Moontlikheid van sinvolheid wat nog oorbly in sodanige menslike situasie, is om met die angs te speel: deur die verbeelding wat 'n lag ontlok, word die bestaansangs verlê en daarom ook beheer.

Hiermee neem ek stelling in teen die beskouinge dat “Thetis” 'n gedig van “onverdeelde erns” is.⁶ In “Thetis” word daar juis 'n spel aangeknoop met die erns. Hoe dit verloop, sal ek geleidelik verduidelik aan die hand van William Hazlitt se definisie van geestigheid:

“Wit consists in two things, the perceiving the incongruity between an object and the class to which it generally belongs, and secondly, the pointing out or making this incongruity more manifest, by transposing it to a totally different class of objects in which it is preceptively found in perfection.”⁷

Die ongerymdheid in die onmiddellike situasie van “Thetis” bestaan hierin dat in plaas van die lewendige bemanning terug te sien soos steeds verwag is, word met 'n skok gesien dat almal dood is. Die situasie vind uit die oogpunt van die weduwees plaas, wat beteken dat die mensdom in die algemeen wat geskok is oor die uitkoms van 'n tegniese prestasie, eintlik van onwesentlike belang is vir die verstaan van die gedig. Ons het nie te doen met die werklike ervaring van die weduwees nie (trouens, hoe sal dit gekontroleer kan word?), maar met

'n vermeende voorstelling deur 'n alomteenwoordige spreker in die persoon van die digter. Die wyse waarop hierdie ervaring voorgestel word is 'n tipies geestige wyse: twee verskillende kontekste word in verband met mekaar gebring.⁸

Die direkte oorgangspunt vir die totstandkoming van die tweede konteks (die "groot blik menslike sardiens") vind ons in die pregnante voorlaaste vers. Die bemanning se "lywe" wat "silwerig pap" voorkom ('n voorstelling wat geregverdig is, want dis waarskynlik dat lyke wat vir meer as twee jaar in water verkeer het,⁹ hierdie snaakse vorm sal aanneem), herinner onteenseglik aan die kleur- en vormverskyning van ingemaakte sardiens. Maar agterna beskou, is hierdie vers maar net die uitkristalliseringspunt in die geestige proses, want in die voorafgaande verse is die tweede konteks reeds "voorspel". Dit lê gesetel in die eindwoorde, die nog onskuldige "oopgemaak" en veral die problematies opvallende "wedersiens" en "lywe".

Wat I. A. Richards n.a.v. 'n metafoor-teorie as die "transaction between contexts" bestempel het, kan as semantiese raamwerk vir die geestige proses van "Thetis" gebruik word.¹⁰ Let so ook op die volgende waar hy sê: "That the vehicle is not normally a mere embellishment of a tenor which is otherwise unchanged by it but that vehicle and tenor in co-operation give a meaning of more varied powers than can be ascribed to either."¹¹ Met ander woorde, en nou presies in terme van geestigheid, twee kontekste, 'n onmiddellike en verwysingskonteks, word in voortdurende beligting met mekaar gebring, waardeur 'n betekenisverryking bereik word. Die interaksionêre verhouding tussen die twee kontekste beteken dan ook dat die verwysingskonteks alreeds geïmpliseer kan wees in die onmiddellike konteks alvorens die verwysingskonteks nog tot gestalte gekom het.

In die lig hiervan is 'n begrip van "wedersiens" en "lywe" miskien nie meer so moeilik as wat dit aanvanklik voorgekom het nie. Tereg sê Nienaber dat mens binne hierdie situasie van die dood eintlik "lyke" verwag, waarvolgens "lywe" 'n eufemisme is. En as regverdiging vir hierdie gebruik voer hy aan: "Dit sou kon suggereer: 'n onwil van die waarnemers om 'n verskynsel te aanvaar soos dit in feite is, dat hulle te staan gekom het teenoor lyke."¹² Met hierdie interpretasie wil ek akkoord gaan, maar die betekenis van "lywe" moet verder deurskou word soos dit verband hou met die beseëlende metafoor. Let dan eers daarop dat daar veral een wyse is waarop 'n mens 'n blik sardiens ervaar — en dis natuurlik om die vissies te eet. As sodanig is dit onmoontlik om die vissies as "lykies" te sien, want die vissies staan in diens van die lewe. Dit klop trouens met die etimologie van "lywe" wat direk verband hou met "lewe" (soos ons dit dikwels nog aantref, as 't ware tautologies, in die uitdrukking "in lewende lywe").¹³

Dit bring my by 'n bespreking van "wedersiens" wat eweneens problematiese taalgebruik is. Met hierdie enigszins argaïese woordvorm ("weersiens" is die tans gebruiklike vorm) word 'n verhewe indruk

geskep, sodat hiernee in die verband waar dit gebruik word, gesinspeel word op die hiernamaals. Dit hang ook weer saam met die psigologiese en al te menslike ingesteldheid van die weduwees wat nog steeds nie wil of kan aanvaar dat hulle mans dood is nie. Daarom vergestalt die woord "lywe" hulle wens dat hulle mans nog leef — en kan hulle nie onmiddellik daartoe kom om die dooie liggame as "lyke" te herken nie.

So beskou, is die metafoor die geestige ekwivalent van die weduwees se wensdenkery. En hoewel hierdie slotsiening skokkend is, is dit tog versigtig voorberei, want dit spruit voort uit lewenswaardes van die onmiddellike konteks soos dit setel in die bewussyn van die weduwees. As sodanig kry ons hier nie te doen met die moedswilligheid van 'n buitestaander wat daarop uit is om vergesogte assosiasies te maak nie.¹⁴

Dis nie toevallig nie dat met "wedersiens" en "sardiens" daar net een maal gebruik gemaak word van die eindrymvorm. Met hierdie twee woorde wat uit verskillende betekenisvelde afkomstig is, word die verhewene (mede-bewerkstellig deur die statige effek van die alliterasie in die verbintenis "weduwees se wedersiens") meteen aangelê op die alledaagse. Dan is dit opmerklik amusant dat die illusie van verhewendheid juis hierdeur behou moet word: byna was die illusie verlore, want die hoedanigheid "silwerig pap", op sigself, was voldoende om die weduwees finaal te konfronteer met die onmooi werklikheid. Dat dit dan onmiddellik by wyse van assosiasie verlé word na 'n ander werklikheidsfeer waar hierdie hoedanighede 'n gunstige betekenis het, bring mee dat die hangende semantiese waardes van "wedersiens" en "lywe" behou word en 'n nuwe betekenisdimensie van "oopgemaak" ontsluit word in sover dit nou ook betrekking het op die konteks van die blik sardiens.

Met hierdie teleskopering word verskillende betekenisfeer as 't ware met mekaar vereenselwig. As 't ware, want wesenlik is dit 'n skynidentiteit wat bereik word. Hierdie skynidentiteit (waardeur die genotsprinsipe in oorleg met die verrassingsprinsipe optree) is in gebruiksgewalle van beduidende geestigheid nie maar net 'n truuk nie, want dit boei veral om die funksionele waarde daarvan. Wat "Thetis" en baie ander soortgelyke geestige ervarings betref, beteken dit dat die spanning oor 'n ongerymdheid wat bestaan in die onmiddellike konteks, deur beligting na 'n verwysingskonteks weggelei word. Hazlitt sê hiervan verder: "This I think is the cause of the delightful nature of wit, and of its relieving, instead of aggravating, the pains of defect or deformity, by pointing it out in the most glaring colours, inasmuch as by so doing, we, as it were, completely detach the peccant part and restore the sense of propriety which, in its undetected and unprobed state, it was beginning to disturb."¹⁵

Uit bogenoemde bespreking van "Thetis" het dit hopelik reeds duidelik geword dat geestigheid akrobatiese transposisie is. Hiervolgens word die aandag snel en behendig van die een posisie na die ander verplaas. Dit beteken in terme van die geestige proses dat die onmid-

dellike en verwysingswêreld mekaar oor en weer belig. Hierdie kenmerkende eienskap van geestigheid wat M. C. Swabey noem "the skylarking of wit",¹⁶ of waarvan Van Wyk Louw sê dat die digter "met ons as 't ware op twee, drie vlakke van taal gelyk (praat)",⁷ blyk des te meer in "Aaispaai".

AAISPAAI

Ek vra vir Ma wat sy verstaan
onder die woordjie ewigheid.
Sy sê: daar is geen tyd,
maar alles gaan net aan en aan.

Dit moet dan iets beteken
soos 'n Royalbakpoeierblik
met prent op prent geteken:
jy kry net blik op blik op blik.

Die situasie van hierdie gedig kan ons ons soos volg voorstel. 'n Klein kind kyk toe terwyl sy ma besig is met een of ander gebak. Soos dikwels gebeur, kom die kind met die een of ander diepsinnige vraagstelling vorendag waarvoor die ouer 'n antwoord paraat moet hê. Na die beste van die ouer se vermoë word dit verstrekk. Dit neem die kind aan en dit verstaan hy volgens sy ervaringswyse as hy 'n verdere voorstelling daarvan vorm. Hiermee ontstaan die geestigheid.

Die geestigheid vind sy aanleiding in die slotwoorde van die ma: die "aan en aan". Hier moet gelet word dat daar in die voorstelling hiervan verskillende bewussynsvlakke is. Eerstens is daar die voorstelling wat voortspruit uit iets in die aanwesige ervaring. Dit is nl. as die kind ontdek dat die "aan en aan" korrespondeer met die voortdurende herhaling van die (blik-)prentjie op die Royalbakpoeierblik. Maar die fantastiese effek van hierdie voorstelling word eers heeltemal duidelik as ons in ag neem dat hierdie voorstelling inbegrepe is by 'n afwesige ervaring van die kind.

In hierdie verband moet ons let op die titel. Dit kan nogal problematies wees. Wat het aaispaai (blikaaispaai), 'n wegkruiperspeletjie, met die inhoud van die gedig te doen? Hier is dit eweneens die slotwoorde "aan en aan" wat lei tot die voorstelling van 'n nuwe betekenisverband. Hierdie woorde herinner die kind aan die uitroep "aan!" wat telkens gemaak word in die wegkruiperspeletjie wat op 'n keerpunt in hierdie spel dui.

Die geesteshouding wat hiermee gepaard gaan, sien hy nou gebeur deur die herhaling van die prentjie op die Royalbakpoeierblik. Dit word saamgevat deur die dubbelbetekenis van "blik" waarmee die voorwerp en die onderwerp van die gesigservaring tot saambestaan gebring word. Dit is asof hy hier 'n wegkruiperspeletjie speel, as hy dan met elke nuwe blikkie uitroep: "Aaispaai", of "Ek sien jou".¹⁸ Hier het ons waarskynlik die rede waarom Opperman die "aaispaai"-woordvorm gekies het.¹⁹ Wat klankmatig saamval deur die dubbelrym, is 'n weerspieëling van subjek en objek wat mekaar ontdek, of, wat aanklank vind by mekaar.

Hierdie lugtige speletjie werp lig op die ma se antwoord, 'n antwoord wat vaag is, maar wat in hierdie sin duidelik is dat dit uitdrukking is van die algemene wens dat daar met die ewigheid geen einde aan tyd sal wees nie. Met sy fantastiese voorstelling bring die kind hierdie behoefte tot verlossende realisering. By elke nuwe prentjie wat hy raaksien, soos dit perspektiwies al verder gaan, bevestig hy homself: Aaispaai!

Iets wat uit die bespreking van bogenoemde gedigte blyk, is dat geestigheid wat boei, optree binne 'n gekompliseerde lewensverband wat gepaard gaan met sofistikasie. Hierdeur kom mens onder die indruk van die paradokse wat daar heers in die bestaan. Dit kom veral tot uitdrukking in *Edms. Bpk.* Maar hieroor meer in die volgende artikel. Ek wil nou eers die aandag vestig op die satiriese aspek van geestigheid. Freud het breedvoerig daarop gewys hoe aggressiewe neigings wat op sigself afkeurenswaardig is, verbloem gaan onder allerlei stylgrepe van die "grap".²⁰ Hierdeur word die aandag afgelei van die gemene aanval deur dit te verplaas na die effektiwiteit van die aanvalswapen. Sodoende wen dit aan literêre gehalte.

CNOringkorrel

Ek lei my kandidate in met Dekker,
maar open stadig die gesprekke,
verwagting hulle stap later
die letterdoelas in ontdekker.

So op die oog af is hierdie gedig bedoel as kompliment vir Dekker. Maar eindelik word dit "ontdekker", dus "weg" met "Dekker" wat maar een paadjie uitgetrap het in die "letterdoelas": in die "letterkunde" wat as 'n "grammadoelas", 'n onverkende streek, voorgestel word, moet die kandidate eindelijk op eie bene kan staan, wat beteken dat hulle hierin "ontdekker" sal wees. Insiggewend is dit dat die tegniek van teleskopering in "letterdoelas" sy weerspieëling vind in "CNOringkorrel" waardeur die eintlike rede vir die aanval op Dekker gegee word. Die behoudenis van die CNO-beginsel word aangetas deur 'n herinnering aan die *oer*-Christelike woorde (wat enigsins deurbreek deur die tweede lid soos dit aangelê word op die eerste lid van "CNO-ringkorrel") dat die koringkorrel eers moet sterf voordat dit kan leef: dus, finaal, weg met Dekker wat uitgaan van een bepaalde lewens- en wêreldbeskouing van die Christendom! En met hierdie afwysing breek daar welig ook iets "knorrigs" deur.

Eksperimenteellustigheid is 'n opvallende kenmerk van *Kuns-mis*. Dikwels is dit geleë in die titelgewing wat 'n verrassende betekenis-perspektief byvoeg, soos gebeur in "Aaispaai" en "CNOringkorrel". Maar selfs in 'n oop gedig soos "Profeet" met sy neutrale titel, skemer daar 'n onderdrukte bykomstige gedagte êrens deur waarmee 'n aanval verberg gaan.

PROFEET

Hy voer as trots en uitverkore enkeling
op pampier met God die groot geding,
maar uit die skeure van sy bungalow
word hy deur vlooi en weeluis oorwin.

Voorop staan dat die spreker nie juis 'n hoë dunk van die soort profeetskap het nie, soos veral blyk deur die lawwe vervorming van "papier" tot "pampier". Nou weet die kenner van die Afrikaanse literatuur dat hierdie soort profeet verwys na 'n bepaalde soort digterskap wat hoogty gevier het in die twintiger en dertiger jare van hierdie eeu: woorde soos "trots" en "geding" lê binne hierdie gebruikskader. Maar wie veral die digter is teen wie die aanval gerig word, kom eers aan die lig as mens die on-rym opbreek, om soos Blum te praat, as jy dan die volgende veelseggendheid vind wat nogal op 'n moedswilligheid kan dui: "bung-a-low"!

Maar, natuurlik, alle aggressiwiteit vind nie so subtiel plaas in *Kuns-mis* nie. Die hang af van die spreker se betrokkenheid in die situasie, soos in die geval van "Opdrag":

Volg my engel-en-die-klip-intrige
en vervloek daarna my nasionale psige,
maar alvorens jy dit doen, my Uys:
vergeet één oomblik net Eis: Krige.

In hierdie gedig is daar 'n welbewustelike strydvaardigheid as gevolg van die aanstoot wat geneem is (n.a.v. onder meer "Angel" uit die bundel *Voorraad* van Uys Krige). Die afrekening is sekuur as die slagoffer, by wyse van woordspeling, in eie strik gevang word.

Oor die algemeen geneem is die persoonlike element egter afwesig in *Kuns-mis*. Van ingrypende belang is Opperman se ontginning van die enkele kernwoord. Vergelyk weer eens "CNOoringkorrel". Dit bestaan hierin dat 'n woord ómvorm word deur dit aan te lê op 'n ánder woord, waardeur 'n ryker betekenis tevoorskyn tree. Maar het ons hier nie te doen met 'n vorm van woordmisbruik nie, of, soos Dryden dit n.a.v. die wanpraktyke van Cleveland gestel het: "Catachresis, wresting and torturing a word into another meaning"?²¹ Hierop kan geantwoord word dat dit nie die geval is by Opperman nie, want sodanige woord is by hierdie digter nie 'n truuk wat begaan word nie, maar dit word aangewend om die funksionele waarde daarvan m.b.t. die konteks waarin dit optree. En dan bring dit iets verrassends mee, soos ook blyk uit "Slapamperras":

Dit was jou wens
om in die Pakhuispas
ver van die mens
te rus by die das
en nagskade,
maar langs jou as
in die bakkrans
lê 'n leë bottel *Limonade*.

Op die eerste betekenisvlak word verwys na Leipoldt se herhaaldelike wens om êrens in die Karoo te rus, "ver van die mens". Dat sy rus egter nie so ongerep is as wat hy graag sou wou gehad het nie, word bewys deur die "leë bottel Limonade" wat daar lê, waarmee die gedig besluit. Deur die titel so 'n bietjie te verander, kry ons die volgende: "Sla(a)pamper . . .".

Maar hierdie bottel is nie toevallig daar gelaat deur 'n besoeker nie, want dat dit "in die bakkrans" gelaat is, suggereer dat dit deur 'n rondloper daar gelaat is. En nou verstaan ons die laaste lid van die titel "sla(m)pamperras": Leipoldt het 'n geesgenoot bygekry wat beteken dat hy glad nie so uniek is soos hy eens gemeen het nie (vgl. "Op my ramkietjie"). Wát dan hierdie "slampamper"-lewendhouding is, word geopenbaar deur dit te herlei tot: "slapamperras": dit wys heen na 'n latere hippie-kultuur wat op 'n "slap" lewendhouding neerkom. En dit, hierdie nuutvorming, word allengs deur die konteks self verklaar.

Die tegniek van teleskopering, deur klanke of woorde weg te laat en/of by te voeg, vind ons ook in o.m. "Paars poëtica" en "Poërotica". 'n Ander vorm van teleskopering waardeur eweneens die verrassende effek blyk, is wanneer 'n konteks op 'n literêre verwysing aangelê is. "Psiater" is hier van belang.

Kees, maak heel my gees.
Goed, Mevrouw, ek kan genees.

Kees, maak jy dit sterk?
Ja, Mevrouw, dis randse werk.

Kees, is my gees al klaar?
Ja, Mevrouw, betaal my maar.

Kees, ek het nie geld by my nie.
Dan kan jy jou gees nie kry nie.

Nag, Kees.
Kom, Mevrouw . . . minus vrees.

In hierdie gedig het Opperman op vernuftige wyse gebruik gemaak van die bekende kindervers, "Koen, maak jy my skoen". Onthou sal word dat as Juffrou sê sy kan nie betaal nie, sê Koen daarop: "Dag, Juffrou sonder skoen". In die geval van Opperman se gedig is dit Mevrouw se "gees" wat "heel" gemaak moet word. En as sy sê sy kan hom nie betaal nie, sê hy dat sy dan nie haar "gees" kan kry nie, waarmee die verrassende: "Kom, Mevrouw . . . minus vrees." Deur hierdie teleskopering, deur die verskil in uitkoms wat daar tussen die twee kontekste bestaan, word metéens duidelik wat die betekeniswaarde is van die moeilike begrip "gees".

Dit het nou duidelik geword dat die klank, woord en literêre verwysing belangrike elemente vorm in die proses van teleskopering. Dit hang alles saam met Opperman se kreatiewe vermoë: die verkenning tussen twee kontekste word nie gelaat by die ontdekking van een toevallige punt van ooreenkoms wat bestaan nie, want dit word werklik eers 'n *tour de force* as die wesenlike betekenismoment van die onmiddellike konteks weerspieël kan word in die verwysings-konteks. Hierdie "transaction between contexts" het ons o.m. sien gebeur in "Thetis". Maar waar dit in hierdie gedig dui op 'n problematiese lewenservaring, loop dit in "Ui" uit op héérlike spel.

UI

O my bruid
ek trek jou uit,
rok
en onderrok . . .
en voel ongekul
oor daardie o.

Twee kontekste word op spitsvondige wyse in verband met mekaar gebring: 'n bruid word ontlee soos 'n ui wat afgeskil word. En vir die bruidegom beteken dit al hoe meer bewonderde aanskouing wat hier tot uitdrukking kom deur die uitroep "O". Dis dié betekenismoment in die ervaring sodat hiermee begin én geëindig moet word. Die vraag ontstaan dus of hierdie kernwoord weerspieël kan word in die ui-konteks.

Die verdere aanrakingspunt wat daar deur hierdie twee kontekste gemaak word, lê in die gesigservaring. In terme van die bruid-konteks beteken dit dat bewonderende aanskouing gepaard gaan met oë wat oogreik is. Wanneer 'n mens 'n ui afskil, bestaan daar die moontlikheid dat die sap van die ui jou oë sal laat traan, met die gevolg dat jy jou oë beswaarlik kan oophou. En gebeur dit wel, voel jy jou onverhoeds gevang, is jy m.a.w. "gekul". Maar dit gebeur nie hier nie — daarom "ongekul". Die "o" wil dan sê dat die bewonderende houding waarmee begin word, volmaak voortduur tot aan die einde: dat die bruidegom nie in sy illusie, in-spel-wees, eindelijk geskok raak deur een of ander potensiële gevaar van die werklikheid wat mag opduik nie.

In die volgende artikel beoog ek om ietwat nader in te gaan op die duidingswaarde van geestigheid in die algemeen, waarmee ek wil bepaal, veral aan die hand van enkele gedigte uit *Edms. Bpk.*, wat die plek en waarde van Opperman se bydrae in hierdie verband is.

VERWYSINGS

1. Soos aangehaal deur D. Daiches: **Critical approaches to literature**; London, Longmans, 1971; bl. 254.
2. A.w., bls. 255.
3. Vergelyk die bekende uitspraak van Samuel Johnson n.a.v. "metaphysical wit": "The most heterogeneous ideas are yoked by violence together" (soos aangehaal deur Daiches, a.w., bl. 245). Hoe verder die aard van die

- bestaan van die dinge van mekaar geleë is, hoe skokkender sal die naas-mekaarstelling wees. Te verstane is dit dus dat dit met geesteskrag ("violence"?) gepaard gaan.
4. Soos aangehaal deur L. Cooper: **An Aristotelian theory of comedy**; New York, Harcourt, 1922; bl. 137.
 5. **The educated imagination**; Bloomington, Indiana University Press, 1964; bl. 29.
 6. Vergelyk C. J. M. Nienaber in **Woord en wederwoord** deur Elize Botha e.a.; Pretoria-Kaapstad, Human en Rousseau, 1974; bl. 75.
 7. **The complete works of William Hazlitt Volume 20**; London, Dent, 1934; bl. 361.
 8. Deur "Thetis" in een asem te noem met Ed. Hoornik se "Requiem" (vgl. Nienaber, a.w., bl. 75), word nie in aanmerking geneem nie dat ons hier te doen het met verskillende soorte poësie: waar die geestige siening die deurslag gee in "Thetis", staan die gevoel voorop in "Requiem".
 9. Volgens Nienaber is die duikboot op 1 Junie 1939 ter water gelaat en is dit eers in September 1941 na die oppervlakte gebring en ooggemaak (a.w., bl. 81).
 10. **The philosophy of rhetoric**; New York, Oxford University Press, 1965; bl. 94.
 11. Richards, a.w., bl. 100.
 12. Nienaber, a.w., bl. 78.
 13. Vergelyk ook J. de Vries: **Etymologisch woordenboek**; Utrecht, Aula-boeken, 1967; bl. 134.
 14. Ek dink 'n mens is geregverdig om die volgende uitspraak oor Donne (my onderstreping) van toepassing te bring op ("Thetis": ". . . most of Donne's successors are clearly trying to heighten the interest of a common-place event or preception by forcing alien associations upon it. When Donne brings heterogeneous ideas together, he shows us why or how his mind discovered their hidden likeness". (Winny, J.: **A preface to Donne**; London, Longman, 1970; bl. 111).
 15. A.w., bl. 356-357.
 16. **Comic laughter**; Archon Books, 1970; bl. 72.
 17. **Opstelle oor ons ouer digters**; Kaapstad, Human en Rousseau, 1972; bl. 109.
 18. As tweede betekenis van "aispaai" sê **WAT I** (bl. 126) die volgende: "Ek sien . . . uitroep (Eng. **I spy**) deur dié een wat by die wegkruipertjiespeel toehou, as hy 'n wegkruiper sien: Aispaai vir Willem!"
 19. Daar bestaan heelwat variante van hierdie speletjie wat ook aspaai en aispaai genoem word (vgl. **WAT I**, bl. 126). Vergelyk ook die verbinding "blikaspaai" iets wat natuurlik ook aansluiting vind by die "royalbakpoerblik".
 20. **Jokes and their relation to the unconscious**; London, Hogarth Press, 1971; bl. 16-89.
 21. Soos aangehaal deur K. K. Ruthven: **The conceit**; London, Methuen, 1969; bl. 48.

KARAKTERS EN VERHOUDINGS IN *DIE SINGENDE GRAS*

Om gehegtheid van 'n mens aan 'n dier tot storie te maak, is 'n resep wat nie sommer faal nie. Maar in *Die singende gras* van die bekende skryfster Freda Linde — 'n werk waarvoor sy die Scheepersprys ontvang het* — gaan dit hoegenaamd nie om 'n resepmatige verhaal nie. Daarvoor sorg die feit reeds dat 'n ongewone dier ter sprake kom, naamlik 'n kameel, en dat die hoofkarakter 'n kleurlingseun is. Buitendien word die leser — kind sowel as volwassene — getref deur die sober, gevoelige taalgebruik en munt die skryfster net soos in haar ander werke uit in atmosfeerskepping. Onder haar pen leef die strak skoonheid van die Suidwes-landskap, en teen dié gedetailleerde agtergrond kry die karakters gestalte en word die onderlinge verhoudings skering en inslag van die boek.

Lans staan as hoofkarakter voorop. Deur sy oë word die verhaal meestal beleef; ook wanneer van 'n alwetende verteller gebruik gemaak word, huiwer dié altyd in Lans se nabyheid om sy reaksies en waarnemings dan ook van buite te beskryf. Hier en daar tree dié verteller myns insiens wel hinderlik op om 'n vooruitblik te gee, soos wanneer Lans 'n horlosie by Frau Gisa present kry: "Later het hy daar 'n riempie aangesit, en nog jare later 'n ketting. Dit was die laaste geskenk wat Frau Gisa ooit vir hom gegee het" (p. 96). Dit versteur die inleef in die gebeure-van-die-hede en is buitendien irrelevant. In die laaste hoofstuk word op dié manier 'n heeltemal onnodig eksplisiete verduideliking gegee na aanleiding van die feit dat Lans die klein kameeltjie Isak noem: "Met dié naam het Lans, maar dit het hy eers baie later besef, die jong kameeltjie verbind met die oue, wat hy verloor het" (p. 150).

Op indirekte wyse, onopvallend vervleg met die verhaal, word inligting gegee oor Lans se voorkoms en voorgeskiedenis. Sy pa het die opmerking gemaak: "Jy lyk nes jou ma met jou groot voorkop en swart oë" (p. 26). Dit skemer deur dat dié ma oorlede is en dat sy pa rondval wat werk betref: eers is hy in Walvisbaai, later bestuur hy 'n toeristebus tussen Tsumeb en die Ruacana-waterval. Lans was in 'n sendingskool en het toe, met die hulp van eerwaarde Morgenrood, die werk by die Steinhaus-hotel gekry waar hy los werkies doen en die kameel versorg. Nêrens word sy ouderdom vermeld nie. Naby die einde van die boek meen Adelbert, by wie hy dan gaan werk, wel dat hy 'n maat kan wees vir sy seun Gustav wat byna twaalf is. Uit sy algemene optrede maak Lans tog 'n ietwat ouer indruk.

Die seun se karaktertrekke is so gekies dat dit die hele verhaal motiveer. Dit geld trouens die werk in sy geheel: elke kleinste gebeure word sorgvuldig voorberei en fyn bereken. Dink maar aan die manier waarop Lans reeds vroeg in die werk indirek met Adelbert en sy seun kennis maak wanneer hy vir Ma-Sêra pille op die dorp moet gaan koop: dit verhoed dat 'n onbekende karakter teen die einde uit die bloute sy nodige verskyning maak.

Die grootste enkele faktor wat Lans se lewe beheers en sy persoonlikheid vorm, is die feit dat hy swaar van tong is en hakkel as hy sy woord moet doen. Dit maak hom sku en inkeërnig, heeltemal afkerig van die meeste ander mense. Met volgehoue aandag word dié swakheid dwarsdeur die werk gebeeld in Lans se optrede en die dialoog waarby hy betrokke is. Dit motiveer dan ook die ander oorheersende karaktertrek wat Adelbert opsom as hy sê: "Hy is 'n natuur-kind" (p. 144). Juis omdat hy nie maklik met mense kan omgaan nie, wend die kind hom tot die natuur wat geen gesprekke van hom eis nie. Só word sy waarnemingsvermoë verskerp: "hy het fyn ore . . . En hy sien ook baie ver. Ma-Sêra sê self hy het valk-oë" (p. 7).

Die titel word geregverdig deur Lans se gedurige intense bewustheid van die landskap. Vir hom sing die gras inderdaad; met elke sintuig ervaar hy dit: "Die graspluime is sag soos pluus . . . Net bo sluit die lang pluime inmekaar soos vere; nie groen nie maar groenwit, en rooierig, en effens pers" (p. 2). Of: "Die soet, gommerige geur (van die gras) omhul hom" (p. 6).

Lans versamel graag dinge uit die natuur: "twee amper volmaakte kobravelle, die gestrepte vlerkvere van 'n gompou, kopbeentjies van meerkatte" (p. 25). Hy tel die rugwerwel van 'n skaap op — hoe minutieus word sy betragting van die beentjie beskryf! — en later gee hy sy uitgeblaasde eierdoppe aan Adelbert se seun Gustav. Van jongs af "vat hy aan alle soorte diere" (p. 41) — selfs slange skrik hom nie af nie, en hy probeer 'n trapsuutjies mak maak. Mooi is die eerbied vir alle lewe wat by Lans gesuggerer word: as hy agterkom dat die patryswyfie wat hy wil skiet broei, laat staan hy haar. Selfs die baber wat hy vang en wat vol grond lê en spartel, wek sy mededoë: hy "gaan skep water met sy bak hande en spoel die sand van die baber se kop en oë af" (p. 117).

Ook as hy vergelykings maak, is dit met dinge uit die natuur. 'n Vliegtuig assosieer hy met "'n reus van 'n insek" en "'n yslike vlieënde vis" (p. 44), en as hy by die warmhartige eerwaarde Morgenrood is, voel hy rustig: "Soos in die skaduwee van 'n hoë kameel-doringboom" (p. 76).

Dis hierdie fyn ingesteldheid op en liefde vir die natuur wat Lans se reis en sy paar dae se verblyf naby die Visrivier so uitstekend voorberei. Die reis en sy belewinge in die veld vorm daarom ook die hoogtepunt van die werk.

Al die ander karakters in die boek is belangrik in soverre hulle in 'n bepaalde verhouding tot Lans staan. Dis opvallend dat geen ander kind ter sprake kom nie, behalwe Gustav Adelbert in die laaste hoofstuk — maar Gustav is juis 'n figuur wat geen substansie kry nie. Selfs 'n agtergrondfiguur soos eerwaarde Morgenrood kom veel oortuigender uit die verf. Dat Lans origens net met volwasse karakters gekonfronteer word, is aanvaarbaar omdat hy in 'n afgeleë hotel werk.

Die name van al die karakters is met oorleg gekies om by hul persoonlikhede te pas. Veral in 'n jeugboek is so iets belangrik.

Ma-Sêra is 'n ouerige Damara wat by die hotel werk en nog, op Hein Weissfeld se aandrang, tradisionele lang rokke dra. Gisa sê van

haar: "Goud werd vir ons. Suiwer goud" (p. 47), en die verteller maak die humoristiese opmerking: "Ma-Sêra is gewoon om alles in die beste voue te lê, selfs bosluise" (p. 16). Sy is volgens eie getuienis 'n Christen; as baba is sy deur blankes aangeneem en Westers opgevoed.

Vir Lans word sy 'n substituut-moeder. Sy lees vir hom uit die Bybel, skink sy groot beker driekwart vol koffie en verklaar dat dit "half" is; sy gesels met hom en verduidelik dinge wat hy nie begryp nie, soos die verhouding tussen die Weissfelds. Tekenend is Lans se besef: "Partykeer hikkel hy nie as hy met Ma-Sêra praat nie" (p.21). In die werk is sy nodig omdat dit balans bring teenoor die ander volwassenes met wie Lans geen positiewe verhouding kan hê nie.

Haar opvoeding motiveer haar gekultiveerde manier van praat (wat tog kontrasteer met die "ok" wat dikwels tussenin gegooi word en haar eiesoortige manier van briëfskryf waar al die sinne sonder punte aaneengeryg word). Dit pla egter tog, asof die skryfster só byna angsvallig enige diskriminasie tussen die rasse wou uitskakel. Die dialoog oor die algemeen word hierdeur ietwat kleurloos en geforseerd.

Skeppman, 'n geletterde Nama wat ook vir die Weissfelds werk en agteraf — soos later blyk — met dagga smokkel, is Lans se teë-hanger in die werk. Daar is spanning tussen hulle: Lans voel minderwaardig teenoor die man "wat so glad van mond is" (p. 7), wat "net altyd weet hoe om te praat" (p. 20). Hakkelaar dus teenoor gladdebek; kind teenoor grootmens; introvert teenoor iemand wat graag mense vermaak met sy versies en kitaarspel. Tog is Skeppman wesenlik 'n lafaard en is hy byvoorbeeld dodelik bang vir die trapsuutjies wat Lans gevang het.

Daar vind drie konfrontasies tussen die twee plaas. Tydens 'n vingertrek-episode wen Lans omdat hy besondere sterk hande het, maar die oorwinning bring geen plesier nie omdat hy steeds innerlik Skeppman se mindere voel. Hy kan "die man nie veel nie" (p. 51); mettertyd begin Skeppman hom "al hoe meer irriteer" (p. 57) en hy praat nie met hom tensy dit onvermydelik is nie. Die tweede konfrontasie is indirek: Skeppman kan nie daarin slaag om op die kameel te ry nie, tot Lans se leedvermaak en ook vreugde, want dit bied hóm die kans om Jesha dan weg te neem na Adelbert se plaas. Maar dis tog eers met die derde konfrontasie, wat plaasvind nadat Lans 'n paar dae in die veld was en toe Skeppman hom daar ontdek, dat hy ook innerlik oor die ouer man triomfeer: "Lans is nie vir hom bang nie" (p. 127). Hier is dit Skeppman wat tot die dood toe bang is as Lans 'n slang gebruik om hom te verwilder. Dit dui op geestelike selfstandigwording: al ly Lans nog aan sy spraakprobleem, leer hy dit innerlik verwerk.

Skeppman het nog 'n doel in die werk. Omdat hy petrol steel en Weissfeld dit vermoed, dreig hy as hy hulle na sy kantoor geroep het: "die eerste man wat nou weer 'n onbetroubare ding doen, is ontslaan" (p. 87). Lans roep dié woorde terug as hy in die veld is en weet hy doen sy werkgewer finansiële skade aan deur die kameel te versteek. En dáárom "dink (hy) nie aan teruggaan na Steinhaus nie" (p. 122). Dit motiveer sy vasbeslotenheid om liewer by Adelbert te gaan werk nadat hy die saal daar afgelewer het.

Hein en Gisa Weissfeld word sterk getekende karakters en is belangrik omdat hulle Lans se werkgewers is. Hein is dominerend, 'n onsimpatieke mens; Gisa wel sagter en baie aantreklik maar egoïsties. Die gespanne verhouding tussen hulle speel 'n groot rol in die werk en word goed gehanteer deur gebruikmaking van suggestie; dit word op die spits gedryf deur die besoek van 'n vriendin van Gisa, waardeur Hein se fel jaloesie ontketen word. Hierdie wrywing stem Lans onrustig sodat hy met Ma-Sêra raaroor praat en sy hom gerusstel deur te vertel hoekom Gisa met die veel ouer Hein getrou het. Omdat sy deur die huwelik 'n tevrede sterfbed aan haar pa wou verseker, glo Ma-Sêra dat sy haar belofte aan 'n dode nie sal verbreek nie: "sy sal vir Weissfeld nooit laat staan nie". Deur die tussenbeetreding van die eerwaarde word die breuk tussen hulle inderdaad weer geheel.

Maar het hierdie newetema wêrelik sy plek in 'n jeugboek? Weliswaar maak dit Lans se oë oop vir die spanninge en oppervlakkighede wat die grootmensewêreld beheers, maar so direk het dit tog nie toepassing op sy lewe of op die hooftema van verbondenheid tussen mens en dier nie. 'n Mens sou kon redeneer dat in Dolf van Niekerk se *Skrik kom huis toe* ook sprake is van huweliksprobleme, maar daar lyk dit vir my veel sterker geïntegreer by die geheel: dit gaan immers om die kind wat deur die verhouding geraak word en daarop reageer. Uit die aard van sy funksie as werknemer kan Lans immers nie reageer nie — en hoef eintlik ook nie.

Lans weet: "Frau Gisa het vir hom tyd" (p. 36). Sy neem hom soms saam dorp toe en koop geskenke (hoewel sy die wit hemp eerder koop dat hy goed kan lyk as haar vriendin kom, en die horlosie het haar man in elk geval nooit gebruik nie). Hein steur hom nie veel aan Lans nie, maar nadat die kameel Skeppman verneder en man en seun saam daaroor gelag het, kom daar meer warmte: "Weissfeld het verander teenoor hom . . . Hy is gawer as voorheen" (p. 95). As hy op sy reis vertrek, sien Lans die laaste van hulle: daar is dus geen moontlikheid om die verhouding verder uit te bou of te laat groei van een van die kante nie. Dit is jammer — juis daardeur kry die hele verloop van hul verwydering en versoening nog minder betekenis.

Adelbert, eenaar van Zuflucht waar baie wilde diere beskerm word en waar Lans ten slotte ook teregkom, word iets van 'n deus ex machina in die werk. Na die pragtig uitgeboude verhaaldeure wat op gemotiveerde wyse stap vir stap verder gevoer word tot by die dood van Jesha, kom die té maklike oplossing — dat Adelbert Lans by hom neem, sy gaardheid volkome begryp, vir hom boeke leen, later ook 'n klein kameeltjie koop — as 'n teleurstelling. 'n Mens wil spekuleer: as Lans liewer kon teruggaan, die Weissfelds deur sy optrede roer tot dieper begrip . . . as hy bloot sy droom van 'n eie kameel kon behou het . . .

Die kameel as sodanig groei uit tot 'n voelbare werklikheid in die verhaal — word inderdaad self 'n geslaagde karakter sowel as die middelpunt van die gebeure. Deur middel van gesprekke word op aanvaarbare wyse kennis oorgedra oor die kameel se voorgeskiedenis: 'n eerbied vir sy lang-lang bestaan op die aarde en sy funksie as lasdier

deur baie eeue word gewek deur verwysings na sy migrasie vanaf Noord-Amerika na Asië, Arabië en Afrika “in die lekker swoel dae voordat die kontinente geskei was” (p. 33). Dié pad het hy 33 miljoen jaar gelede geloop! Jesha se eie bestaan in ’n kampie sonder enige beskutting word ’n aanklag teen haar eienaars — word ’n vorm van dieremishandeling. Tydens sy reis met haar vind Lans ’n verhongerde hond op ’n plaas, waardeur die tema van mishandeling geresoneer word — miskien tog onnodig en ongevraag.

Dwarsdeur die boek bly Jesha oortuigend *kameel* — nooit sentimenteel benader of vermenslik nie, suiwer en sober geteken as ou, lustelose dier wat gretig die groenigheid eet wat Lans bring sonder om haar noodwendig aan hom te steur. Slegs later, as hulle alleen in die veld is, groet sy hom “met ’n kreuntjie van herkenning” (p. 117). Tipies kameel is sy geduldig, maar weier om Skeppman op haar rug toe te laat omdat hy haar hardhandig hanteer. Vroeg reeds kom Lans agter dat daar ’n swelsel aan haar buik is en dat sy pyn het: so word haar dood, wat volg op ’n struikeling in die pad waardeur die sweer oopgaan en die ingewande ontsteek, goed voorberei.

Elke karakter in die werk se verhouding tot die kameel word ’n refleksie van sy lewensinstelling en persoonlikheid. Deur sy waarnemingsvermoë is Lans bewus daarvan en takseer hy inderdaad ook sy medemens op grond van dié se instelling teenoor Jesha. Daardeur word hy skerp bewus van die meeste mense se oppervlakkige waardes en versterk dit sy voorneme om later die woestyn in te gaan waar hy alleen kan wees met die natuurdinge.

Ma-Sêra hou van die kameel en kla by die Weissfelds as sy bosluise het. Daardeur verdien sy Lans se dankbaarheid, want nou kan hy haar met hulle medewete daarvan reinig.

Skeppman wil “niks met die kameel te doen hê nie” (p. 16) en daarom gebruik Weissfeld die kameel as strafmiddel: Skeppman moet Jesha wegneem na Zuflucht. Sy lafhartige benadering van die kameel lei daartoe dat hy met braaksel besmeer word en volstrek weier om verder iets met die dier te doen te hê — so kry Lans sy sin om haar self weg te bring.

Vir Gisa is die kameel ’n speelding wat haar ’n ruk vermaak en haar toe koud gelaat het. Daarby vind sy ’n analogie tussen haar lewe en dié van die kameel in sy onbarmhartige kampie: “Hy laat my te veel dink aan my eie, ingehokte bestaan” (p. 12). Vir haar vriendin met haar uiters oppervlakkige waardes is die kameel slegs “iets vir ’n foto” (p. 126), soos Lans goed verstaan — as die foto geneem is, het die kameel geen verdere nut nie.

Hein is onverskillig en sê minagtend aan Lans: “Dit help nie om lief te wees vir ’n kameel nie” (p. 13) — vir hom het iets slegs waarde as jy dit aan geld kan meet. Daarom is hy ook gewillig om die kameel te verkoop, “mits ons dieselfde prys kry wat ons destyds vir haar . . . betaal het” (p. 13). Dis juis hierdie materialistiese benadering, wat hom die mooi gras ook bloot laat waardeer omdat dit ’n goeie karakoeljaar beteken, wat Gisa verbitter.

Adelbert is simpatiek teenoor die kameel, al het hy haar self nie geken nie. Later stel hy Lans gerus: "Ek sou haar nie regtig geslag het nie" (p. 147). Dit strook met sy begeerte om die natuur en wild te bewaar: hy sou die kameel maar laat genadebrood vreet het.

Lans se eie verhouding met die kameel vorm die brandpunt. Ook hier kom die titel ter sprake: elkers bring hy vir Jesha gras om te vreet omdat sy van groenigheid hou. As hy 'n appel kry, gee hy dit sonder aarseling aan die kameel en geniet dit as sy haar daarin verlustig. Van 'n kisplankie prakseer hy 'n roskam. En hy droom dat hulle twee 'n reis na die woestyn onderneem, want "'n kameel moet 'n woestyn hê" (p. 5). Teenoor dié droomreis staan dan die werklike reis wat hulle saam aanpak — 'n reis waarvan die treurige einde nie net deur Jesha se pynlike buik voorberei word nie maar ook, subtieler, deur die trapsuutjies wat Lans vang. Volgens oorlewering is dié diertjie die boodskapper van onheil: hier verskyn hy en verdwyn dan later spoorloos, ten spyte van voorsorgmaatreëls wat Lans getref het. Hoe dit gebeur, word nie verklaar nie.

Die rustigheid en geluk wat Lans ervaar as hy by die kameel is, word mooi uitgedruk in die opmerking: "Voor die onverskillige, rustige dier sit sy tong nooit vas nie" (p. 55).

As Lans verneem dat Jesha verkoop gaan word vir haar vleis, word sy diep ontsteltenis gesuggereer deur sy optrede in die slaghuis, waar hy vir hom wou rooiworsies koop. Meteens stoot die "deurdringende warm vleisreuk" (p. 86) hom so af dat hy buitentoe vlug. Dié bedreiging wat oor Jesha se kop hang, laat hom nog "nader aan die verstote dier voel as aan die mense om hom, wat elkeen met hul eie dinge behep is" (p. 74).

'n Mooi klein leitmotiv wat deur die werk gevleg word, is dié van die Bybelse verhaal van Isak wat die Here gevra het om die meisie met wie hy moet trou, na die fontein te laat kom en haar te laat vra om hom water te gee, "en ook vir u kamele" (Genesis 24). Gedurig moet Ma-Sêra juis dié verhaal aan hom voorlees, en as hy vir Jesha kos gee, 'speel' hy die verhaal met haar en noem homself die heer wat "ook vir die kamele" sorg. Wanneer Jesha sterf, dink hy aan die bekende woorde, maar nou met 'n ander konnotasie: "Waarom staan jy buite, terwyl ek die huis reggemaak het — en ook plek vir die kamele?" (p. 121). Dit suggereer plek in 'n ewigheid wat sowel vir mense as kamele ingeruim word en dien as troos en versoening vir die dood wat pas hierna sober voorgestel word.

Ook ná haar dood sorg Lans vir haar: hy maak haar lêplek toe met doringtakke sodat wilde diere haar nie kan vreet en Adelbert — toe nog vir hom onbekend — haar nie miskien nog sal kan slag nie. Hy bly ook aan haar dink later: "hy het Jesha nie vergeet nie . . . al praat hy nooit met iemand oor haar nie" (p. 141).

Ook omdat die verhaal tot by die voorlaaste hoofstuk so 'n hegte eenheid vorm, met die dood van Jesha as hoogtepunt, stel die laaste hoofstuk teleur. Die hoofgebeure tot by Lans se verblyf in die veld speel in sowat elf dae af; in die laaste hoofstuk word vier maande

gedek op oorsigtelike wyse. Die enigste werklik relevante gebeure hier is die koms van die babakameeltjie aan die einde: die res is interessante verwysings na die diere op Zuflucht, Lans se lewe daar en sy toekomsplanne — interessant maar nie *nodig* nie. In die slothoofstuk word vir die eerste keer ook perspektiefafwykings aangeref: 'n keer word uit Adelbert se hoek sy gedagtes gegee, en 'n keer word opgemerk: “Ma-Sêra het Lans meer gemis as hy vir haar” (p. 138). Teenoor die volgehoue beelding uit en van naby Lans se oogpunt vorm dit 'n breuk.

In sy geheel geneem bly die werk, en by name Lans en Jesha teen die outentieke Suidwes-agtergrond, egter onvergeetlik.

* Op 27 November 1975 het **Die singende gras** in 'n Engelse vertaling by Oxford University Press in Londen verskyn. In Mei vanjaar het Freda Linde berig ontvang dat die Duitse uitgewersfirma Thienemanns die Duitse vertaling daarvan gaan uitgee. (Red.)

TEKS GEBRUIK VIR VERWYSINGS:

LINDE, Freda. **Die singende gras**. Tafelberg 1973.

HET PARADIJS LIGT IN HET VERLEDEN

(Na aanleiding van DE SCHEPEN — Jan van Nijlen)

- Ik hoor vanavond verre schepen fluiten
 2 En, even hopen, schoon ik niets meer wacht,
 Druk ik mijn hoofd tegen de kille ruiten
 4 En zie de haven in den blauwen nacht.
- Vertrouwd geluid, ik hoorde u reeds als kind,
 6 Soms midden in den nacht, maar meestal tegen
 Den avond bij het opgaan van den wind,
 8 Als moeder zei: "wij krijgen zeker regen!"
- Toen dacht ik reeds aan dezen die vertrekken
 10 Ver van het huis en het misprezen land,
 De begenadigden, de zachte gekken
 12 Die immer zoeken naar een vaderland
- En in mijn dromen voer ik met hen mee.
 14 Ofschoon geboren in een buurt der haven,
 Bereikte ik nooit den oever van de zee,
 16 Laat staan Tananarive of Tamatave.
- Het kind dat aan zijn lot nooit gans kon wennen,
 18 En door zijn droom nog voortleeft in den man,
 Weet nu dat een klein stukje heide en dennen
 20 Alles bevat wat de aarde geven kan.
- Maar soms, al ben ik bitter en gehard
 22 Door 't leven, overstroomt een niet te stuiten
 Vloed van verlangens mijn onwillig hart
 24 Als in den nacht de verre schepen fluiten.

Een van Jan van Nijlen se gedigte, *Aan een vriend* sluit met die volgende reëls:

"Ik kan mijn *droom* niet oorwinnen:
 Ik was, ik ben, ik blijf een *kind*."

In reëls 16 en 17 van *De schepen*:

"Het *kind* dat aan zijn lot nooit gans kon wennen,
 En door zijn *droom* nog voortleeft in den man,"

word die twee belangrikste elemente uit die e.g. gedig, nl. *droom* en *kind* weer teruggevind. In hierdie woorde is dan ook van die belangrikste temas verenig wat 'n mens in Van Nijlen se poësie vind. in die vreemde waar alle verlangens, volkome stil sal word en in veraanwesig, in sy latere werk miskien effens meer verskuil maar baie selde afwesig. Dit is 'n weemoedige, vereensaamde verlange na gebiede êrens in die vreemde waar alle verlangens volkome stil sal word en in vervulling gaan, verlangens na die sonrige suide, die tuine van Borghese, die Antwerpse Kempen met sy heide, varings en ruisende denne. Maar al hierdie verlangens na verre oorde, na die heide, die gefluit van die merel, die okkerneutbome, 'n huis met luike, die hawe, roep die landskap van die jeug in herinnering. Dit is kinderjare wat opgloei soos ou goud, jare wat die digter as gelukkig sien en dit dan ook

prys vir wat dit was maar ook vir wat dit nou is, maas die volwassenheid en die ouderdom. Die kind-wees en die droom — die een, iets wat ver in die verlede terug lê, die ander die ontwykende en die onbereikbare, maar tesame bring dit die heimwee en die gevoel aan 'n gemis. Hieruit groei Van Nijlen se kuns want kinderjare en droom word vir hom 'n skuiling, 'n toevlugsoord.

In *De schepen* word daar heelwat gegewens oor hierdie 'kind-wees' en 'droom' geherberg. Vir baie lesers mag dit 'n gedig wees, wat soos Knuvelder dit uitdruk: "direct sprekende luister en diepere dramatiese bewogenheid" mis, "maar wie ze langer op zich laat inwerken, ziet een eigenaardige beheerste schoonheid opgloeien . . ."

Met die eerste lees van *De schepen* val dit reeds op dat die gedig vry maklik in twee verdeel kan word. Moontlik is die werkwoordgebruik die eerste heenwysing na so 'n verdeling. In strofes 1, 5 en 6 wend die digter die Teenswoordige tyd aan:

1. hoor / fluiten / hopend / druk / zie
5. wennen / voortleeft / weet / bevat / geven kan
6. ben / overstroomt / fluiten

terwyl in strofes 2, 3 en 4 die Verlede tyd gebruik word:

2. hoorde / zei
3. dacht
4. voer / bereikte

Die aanwending van die twee werkwoordtye suggereer egter 'n verdere verdelingsmoontlikheid of kontras. Die Teenwoordige tyd veronderstel die nou en daarmee saam die volwassenheid om die 'man-wees' en aan die ander kant die Verlede tyd, dit wat verby is, die 'kind-wees'. Die kontrasterende stroming vloei egter nog dieper. By die volwassene is die werklikheid waarin hy hom tans bevind, ter sprake, terwyl by die 'kind-wees' die droom van die jeugjare die essensiële is. Daarom is die kinderjare en die droom ook vol verwagting en romantiese verlange terwyl die ander gedeelte waar hy as volwassene en geharde en moontlik verbitterde mens in verset kom, tog gekenmerk word deur 'n soort lotsaanvaarding en berusting. Die twee gedeeltes bring ook elk op sy eie manier 'n besinning op die geluk. By die 'kind-wees' gedeelte kom die gedagte na vore dat die geluk elders en in ver plekke te vinde is, terwyl die teenhanger die wete bring dat die geluk juis nie elders te vinde is nie, maar wel by jou is, in die eie, die bekende — juis in die dinge wat so dikwels misken en ongereken is.

Die aanvangsreëls van die gedig is treffend in dié sin dat dit soet-vloeiend en melodieus is as gevolg van die alliterasie:

Ik hoor vanavond verre schepen fluiten

Hiermee skep Van Nijlen onmiddellik 'n stemming of atmosfeer wat dan ook die hele gedig ingedra word en dit sodoende ook oorheers. Hier is reeds aanwesig die heimwee, die weemoedige en die nostalgiese verlange. Hierdie effek word nie slegs deur die vloeiendheid van die woordkeuse bereik nie, maar wel ook deur die gebruik van die jambiese versritme:

Ik hoor vanávond verre schépen flúiten

Met behulp van alliterasie en versritme word dit fluisterende, peinsende poësie met 'n onmiddellike innigheid.

Die gebruik van die eerste persoon "Ik" versterk die innigheid en dui op 'n persoonlike belydenis — asof die digter uitsluitlik van homself praat. Tog word die leser betrek en word hy deel van die ontroering, moontlik omdat die nostalgiese en die weemoedige, gevoelens is wat iedereen ken. Van Nijlen verwoord in werklikheid sy persoonlike belewing van dié dinge wat so algemeen-menslik is.

Die nostalgiese wat pas genoem is, word m.i. gedra deur veral twee woorde — 'vanavond' en 'verre' — wat beskou sou kon word as stemmingsentra vir die strofe en ook moontlik die hele gedig. Die aand is juis 'n heimweevolte stemmingstyd wanneer die werklikheid vervaag en die droom 'n toevlugsoord word. Die subtiele, verskuilde heimweegevoel wat herkenbaar is as een van die belangrikste sleutels tot Van Nijlen se poësie, kom dikwels na vore in die aand- of nagstemming wat hy oproep. Bv.

"En de avond daalde weemoedsvol en zacht" (Voorjaar langs de Schelde)

"'t Geruisch van dennen in den avondwind" (Lofzang)

"En de avond valt, de donkere dennen suizen" (De oude spiegel)

"Gij spreekt mij, bij de lamp, van oude dennen

En van de heide met haar stuivend zand." (Het land van herkomst)

In hierdie ure van verlange en nostalgie, hoor die digter die gefluit van "verre schepen". Die woord "verre" word nou 'n duidelike kwalifisering van wat in die titel eintlik afwesig was. Die woord "verre" het in werklikheid verskillende betekenisinhoudes of betekenis. Dit mag skepe wees wat op 'n (ver) afstand van die digter af vasgemeer lê, vaar of vertrek. Die skepe mag dus bloot fisies ver wees, maar "verre schepen" mag ook 'n ander soort onbereikbaarheid inhou. Dit mag skepe wees wat wegvaar vanaf die vaderland na verre en vreemde oorde of dit mag skepe wees wat in dié sin ver is dat hulle wegvaar op reise waarvan die digter gedroom het, maar reise wat hy nie kan meemaak nie. Maar, laastens — dit mag selfs 'n geluid wees wat hy nie werklik waarneem nie, maar wat uit die verre kindertyd dofweg as herinnering opklink in sy ore.

Die effek van hierdie veraf skeepsgefluit is tweeledig van aard. Eerstens is daar 'n gevoelsverandering — dit bring hoop hoewel niks meer verwag word nie. Op die oog af lyk hierdie 'hoop' teenoor die 'niks-verwag' paradoksaal. Die teenspraak is egter slegs skynbaar, want later in die gedig — trouens in die laaste ses reëls — word hierdie houding verklaar. Daar is later die vaste wete dat 'n klein stukkie heide en denne alles bevat wat die aarde kan bied — dus volkome besef van aardse geluk — maar dat 'n vloed van verlangens soms die hart so oorstrom dat die betrokke persoon, ondanks die weet, tog toeggee aan die fluistering van die verlange.

As gevolg van die inbesitname, die oorstroming deur die verlange, kom daar tweedens en naas die gevoelsverandering, die handeling: hy druk sy hoof teen die koue ruite en dan sien hy die hawe in die bloute van die nag. Die druk van die voorhoof teen die ruite skep die indruk van 'n soort magtelosheid — dit is byna soos 'n gevangene wat sy kop teen die tralies sou druk in oomblikke van uiterste vertwyfeling. Die ruite skei hom af van wat daar buite is, en hy wat binne is, is asof ingeperk. 'Kille ruiten' suggereer nie slegs ingeperktheid nie, maar 'n soort meedoënlose en gevoellose afgehoektheid — ontoegeeflike begrensing dus deur die lewe.

Maar deur die 'kille ruiten', sien hy die hawe in die *bloue nag*. Dit mag sekerlik so geïnterpreteer word dat die digter nadat hy die getoet van verre skepe gehoor het, hy werklik deur die koue ruite kyk en die hawe in die bloute van die nag werklik sien. Persoonlik betwyfel ek hierdie siening. Die hawe "in die blauwen nacht" staan m.i. in kontras met die "kille ruiten". Dit wil voorkom asof die *bloue nag* iets romanties en vermooid inhou en in kontras staan teenoor "kille ruiten". Uit sy ingeperktheid — dit wat sy lewe as volwassene is — kyk hy na iets wat hy nie werklik sien nie, maar na iets wat hy uit vroeër dae wel ken en onthou en leer liefkry het. Vanuit die enge grense van sy huidige lewe kyk hy na die droom van sy jeugjare.

In r. 15 word dit meegedeel dat hy gebore is "in een buurt der haven", daarom is die hawe in die *bloue nag* wat hy 'waarneem' deur die kille ruite, nie vir hom iets onbekends nie — dit is vir my onge-twyfelfeel deel van sy kinderervaring en kinderroom. In sekere sin is dit egter 'n ope vraag of hierdie volwassene wat in die aand die skeeps-fluite hoor, nog woonagtig is in hierdie "buurt der haven". Indien hy die hawe *werklik sien*, dan sou hierdie veronderstelling wel waar kon wees.

Later in die gedig (r. 19-20) sê die digter dat 'n klein stukkie heide en denne alles bevat wat die aarde kan bied. Die stukkie heide en denne wil nie onteenspreeklik as bewys dien dat hy nie meer in die buurt van die hawe woonagtig is nie. Dit wat hy waarneem mag 'n poëtiese produk wees waarin die verlange sig projekteer. Digby Antwerpen, die digter se geboortestad, is daar 'n streek, die Antwerpse Kempen, waar daar juis heide, varings en denne groei. Van Nijlen is in Antwerpen gebore in die Carnotstraat en in hierdie huis wat hy in verskeie gedigte, tot selfs in die laaste bundels oproep, het hy ongeveer 'n kwarteeu gewoon. Daarnaas was daar egter ook 'n ander huis wat hom geïnspireer het, nl. 'n buiteverblyf te Schilde in die Antwerpse Kempen wat sy ouers jaarliks elke somer gehuur het. Die fluite van die skepe is vir my dus deel van die kinder- of jeugervaring, daarom dat hy as volwassene somtyds in die nag die fluite nog 'hoor' en die hawe 'sien'. Vir my is die 'hoor' en 'sien' in die eerste strofe geen werklikheidsbeleving nie, dit is 'n blote illusie, 'n oproep van die droom van sy kinderdae toe hy die dinge wel kon sien en hoor.

In die tweede strofe word die digter juis teruggevoer na die kindertyd, die paradys wat in die verlede lê. En uit hierdie kindertyd tree na vore, die één element waaruit die droom gebore is — die gefluit

van verre skepe. Hierdie gefluit word 'n vertroude geluid wat hy soms "midden in den nacht" maar veral sawens gehoor het. Die gefluit word dadelik geassosieer met die ouerhuis, met die moeder en daarmee die gedagte van veiligheid en geborgenheid. Die veraf gefluit van vertrekkende skepe is 'n lokstem na die vreemde vertes en wanneer hy dit hoor, dan wil hy saam vertrek, maar terselfdertyd is daar die warmte die huislikheid, die veiligheid en wil hy maar liever bly. Droom en werklikheid is dus vroeg reeds die twee pole waartussen hy sweef — die vreemde lok maar tuis voel hy geborge en veilig. In die reislus en die nood om iewers tuis te wees het ons dan ook die twee uiterste verskyningsvorme van die heimwee.

In die woorde van die moeder: "wij krijgen zeker regen", lê daar moontlik meer opgesluit as wat op die oog af lyk. Die woorde suggereer die vooruitsig van reënweer, triestigheid en nattigheid, maar daarby is dit gewone alledaagse woorde. Juis die idee van triestigheid bring die begeerte na die vreemde oorde waar dit anders en sonniger kan wees. Die alledaagsheid van die woorde bring die teenwete van die romantiese en die anderse. Die opgaan van die wind bring natuurlik die geluid van die fluite duideliker na die land, daarom is die geluid miskien duideliker waarneembaar in die nag.

Gedurende die dag kan die gedagtes nog vertroos word, maar in die nag as die geluid van die fluite sterker gehoor word en daar die suggestie is van die triestige en die alledaagse, dan breek die droom uit, want dan dink die digter aan hulle wat vertrek, die begenadigdes. Nou word die droom ontsluit — die begeerte is na die vreemde, weg van huis en afgekeurde vaderland. Daar is 'n bepaalde vereenselwiging by die digter met hulle wat vertrek, byna 'n soort afguns. Hy, die digter is ook een wat immer soek na 'n vaderland. Hy begryp maar te goed dat hulle, die "zachte gekken", wat vertrek die geluk in die vreemde soek, maar dit in alle waarskynlikheid nooit sal vind nie.

Dit is in ieder geval die droom — die wegvaar die vreemde in. Maar dan is dit asof daar skielik weggebreek word van die kinderdrome, juis op die moment wat dit in die verbeelding vervul word:

"En in mijn dromen voer ik met hen mee"

kom daar skielik die volwassene aan die woord wat met skuinse bitterheid konstateer:

*"Ofschoon geboren in een buurt der haven,
Bereikte ik nooit den oever van de zee,
Laat staan Tananarive of Tamatave."*

Die stelling dat die oewer van die see nooit eers bereik is nie, is 'n moontlike oordrywing, maar wys aan die ander kant op die volkome onvervulbaarheid, die onmoontlikheid en tevergeefsheid van die droom en die wete dat dit so is. Daar is dus die 'opstaan' van die droom as die moeder sê: "wij krijgen zeker regen", daar is die skeepgaan in die verbeelding, daar is die moment:

*"Wen bij der schepen troosteloos getoet
Duizend verlangens in zijn hart ontbranden"* (Langs de rivier)

maar in werklikheid bly hy iemand,

"die vergeefs droomde van alle landen" (Bezoek aan het ouderhuis)

Soos gestel, bereik hy nie eers die oewer van die see nie, daarom dat Tananarive en Tamatave nog onmoontliker word.

Die gebruik van die plekname roep 'n wêreld op en laat mens dink aan die immerswerwende Slauerhoff met sy Tristan da Cunha en Sint Heleen.

Beide hierdie plekke is stede in Madagaskar: Tananarive, die huidige hoofstad wat diep in die binneland geleë is en Tamatave, 'n hawestad en die ou hoofstad van Madagaskar.

Tamatave neem die eindposisie in die reël in ter wille van die rym (haven r. 14). Die twee plekname verhoog die musikaliteit van die vers omrede van die alliterasie (t) en die assonans (a). Hierdie alliterasie en assonans word natuurlik verder versterk deur die woorde wat die plekname voorafgaan:

“Laat staan (Tananarive of Tamatave)”

Voorts pas hierdie plekname ook besonder goed in by die oorheersende jambiese versmetrum

Ik hóór vanáavond vérré schépen flúiten
Laat stáán Tanánaríve of Támatáve

Tananarive en Tamatave is ver van Nederland geleë en pas dus by “verre schepen” — skepe wat na ver en afgeleë lande en plekke afvaar. Ook pas dit by die “benegadigdes” en “zachte gekken” wat vertrek “ver van het huis.” Dit is geen wonder dat die digter wat gebore is in die hawebuurt en ironies genoeg nie die oewer van die see bereik het nie, juis plekke soos hierdie noem nie. Die eiland Madagaskar is 'n eksotiese en romantiese paradys in vergelyking met die vaderland se triestige weer. Juis omdat dit so in kontras staan teenoor die eie vaderland, is daar die verlange om dié plekke te kon bereik en hou dit ook soveel geheimsinnige bekoring in.

Vroeg reeds in die gedig word 'n mens bewus van die kinderdroom, maar hierdie drome bly vaag soos die gefluit van skepe in die nag. Met die noem van die plekname kry ons eintlik geografiese bakens. Juis in die realiteit van die afstand wat hulle geleë is van Nederland, word die aard, die intensiteit van die reisdroom en die avontuurlike drif bevestig.

Die bitterheid wat skuil in die wrang, “Laat staan Tananarive of Tamatave”, slaan weer deur in r. 17: “*Het kind dat aan zijn lot nooit gans kon wennen*”. Die gebruik van “lot” hou in dat daar by die kind en latere volwassene die onvervulde begeerte is, maar namate die droom slegs droom bly en nooit vervul word nie, word sy situasie 'n soort lot — dit wat hom nie beskore is nie, maar ook wel die minder-aangename hom wel toebedeel. Sy lewenslot is om die lokkende bekoring te ervaar van die klagende fluite van verre skepe en te droom van vreemde oorde: “. . . waar menschen

Gekleed gaan in de pracht van purper en brocaat” (Gedroomde reis) van die duursame blou van die Middellandse see waar:

“. . . schuiten met een vracht van geurige citroenen

Varen met bonte zeilen langs het blanke strand" (Gedroomde reis)
van die blou nagte van die ewenaar waar 'n maanbestraalde eiland
oprys uit die see:

"Een stillen reuzenbloem op 't dansend spel der baren"
(Gedroomde reis)

van wild-begroeide strande en onbetreë woude met donkergroen gordyne van varings en liane. Maar die effek van hierdie eksotiese droom is dat hy sig vreemdeling in eie land voel.

Hierdie droom van verre kuste word wel gedeeltelik bevredig in sy verbeelding. Die bevrediging is moontlik meer troostend tydens die kinderjare want met die volwassenheid kom begrip en vaste wete van die "lot". Maar naas die verbittering wat skuilgaan in "lot", skuil daar ook die gedagte van lotsaanvaarding.

Die droom kan nie verwerklik word nie en die aanvaarding van die wete bring die besondere insig in die lewensgeluk. Nou wéét hy:
*"dat een klein stukje heide en dennen
Alles bevat wat de aarde geven kan."*

Die geluk lê nie elders nie, nie in die vreemde vertes nie, maar dit is by jou in die klein wêreldjie om jou. Die geluk lê in die versoening met die lewensomstandighede, in die aanvaarding van die klein stukkie heide en denne. Hulle wat die geluk soek in verre oorde, die "zachte gekken", sal immer soek na 'n vaderland, steeds bly soek na 'n tuiste, 'n geluksoord, maar dit tog nooit vind nie.

Met die volwassenheid het lottsberusting gekom, maar dit laat hom met 'n tikkie bitterheid. Dit is asof hy hard geword het as gevolg van die wete dat die skone droomreis nooit afgelê sal word nie en dan verset hy hom ook teen die lokkende bekoring daarvan. Hy verwag niks meer nie, wil ook selfs nie meer hoop nie, maar tog, as hy op 'n aand die sirenes van verre skepe hoor, word die verlangens 'n vloedgolf wat sy hart oorstrom. Met beeld en enjambement word hier op besondere wyse gebeeld hoe die onwillige hart wat reeds die begrensing van wêreld en geluk aanvaar het, oorstrom word deur verlangens waarteen hy geen verweer het nie.

Die slotreël: *"Als in den nacht de verre schepen fluiten"* sluit en bind die gedig op treffende wyse. Hiermee sirkel hy terug na die aanvangsreël, by die gefluit van verre skepe en by die hawe wat in werklikheid 'n skuilplaas is vir sy drome:

"Wat lokt mij, droomer, 's avonds naar de haven

.....
*Vind daar mijn armoede onvermoede gaven,
Zoekt daar mijn weemoed dagelijks zijn buit?*

Die droom sal nooit geban kan word uit sy lewe nie. Al die verbittering daaroor, al die verset daarteen, al die aanvaarding van heide en denne sal nog nie in staat wees om die klagende sirenes se lokstem te verdof nie. Hierdie naggeluid van verre skepe sal hom immer kwel en die droom sal die hart, hoewel onwillig, in besit neem, want dit wat die lewe hom ontsê het, kan die droom hom bied.

*"Ik geef geen droomen prijs, integendeel
Zij nemen gansch mijn wezen in bezit"* (Bezoek aan Achterbosch)

LITERÊR-AKTUEEL.

SKRYWERSKONGRES: REFERATE GEBUNDEL.

'n Beperkte aantal eksemplare van die gebundelde referate wat tydens die Afrikaanse Skrywerskringkongres op 25 en 26 Maart 1976 gelewer is, is nog beskikbaar.

Die tema van die kongres was: Die Skrywer en die Gemeenskap.

Die openingsrede is deur die Minister van Nasionale Opvoeding, dr. P. G. J. Koornhof, gelewer en die referate deur prof. Johan Heyns, prof. Hennie Rossouw, mej. Berta Smit, dr. Elize Botha, mnr. Vincent van der Westhuizen en dr. P. G. du Plessis.

Die bundel beslaan 75 bladsye en kan bestel word van
Die Afrikaanse Skrywerskring
Posbus 1265
Pretoria
0001.

Die prys, wat slegs die druk- en versendingskoste dek, is R1,60 posvry, kontant met bestelling. Voeg asb. kommissie by op tjeks van buite Pretoria.

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE: INTEKENGELD VERHOOG.

Die afgelope paar jaar het druk- en verspreidingskoste so die hoogte ingeskiet — en dit styg nog steeds — dat ons, tot ons spyt, nou verplig is om van 1 Januarie 1977 af die intekengeld op die Tydskrif vir Letterkunde te verhoog na R5,00 per jaar.

Los nommers sal dan R1,25 per eksemplaar wees.

Ons dank u vir u ondersteuning in die verlede en vertrou dat u in die toekoms steeds 'n getroue beeld van die Afrikaanse letterkunde in die Tydskrif sal vind.

BOEKBESPREKINGS

D. H. Steenberg: *Sestigerproblematiek*. Pro Rege, 1975.

In die reaksie van kritici (leke én geskooldes) op Sestigerwerke het die kwessie van die aanwending van religieuse of Christelike norme by die beoordeling van prosawerke so telkens ter sprake gekom dat groter helderheid in hierdie verband dringend nodig geword het. In dié behoefte probeer voorsien D. H. Steenberg met sy studie *Sestigerproblematiek* waarvan die doel geformuleer word as 'n poging om "te kom tot die formulering van 'n literatuurbeskouing en norme wat esteties geldig en vir die Christen aanvaarbaar is", en om derhalwe ook "'n wetenskaplik gegronde antwoord te gee op die brandende vraag: In hoeverre is die aanlê van 'n religieuse norm in die literêre kritiek aanvaarbaar?".

'n Meer uitdagende literêre probleem as hierdie kan 'n mens jou skaars voorstel, en met enkele voorbehoude (waarop later ingegaan word) kan gesê word dat Steenberg oor die algemeen vorendag kom met prikkelende antwoorde, oplossings en sienings.

Dit is inderdaad 'n boeiende tafereel wat hom ontvou tussen die eerste en die laaste bladsye van hierdie studie. Ten einde 'n oplossing te probeer formuleer vir sy probleem, het Steenberg 'n wye, baie wye gebied bestryk. So vind ons 'n deeglike uiteensetting van die sienings van die vernaamste Sestigters oor hulle vernuwingspoging, oor die tydgenootlike Afrikaanse kritiek, oor waardes in die Afrikanersamelewing en oor verskeie aspekte van die roman, onder meer die lewens- of wêreldbeskouing daarin, die taak van die romansier, die roman en die gemeenskap, ens. Waar hy dit nodig vind, kritiseer hy die Sestigters se sienings. Bo en behalwe die relevansie wat hierdie samevatting en ordening van die Sestigters se kunssienings vir die sentrale probleemstelling van die studie het, is dit bloot as samevatting van andersins wyd verspreide stof reeds van groot waarde vir ons literatuurstudie.

In die hoofstuk "Polemiese appél" word aandag gegee aan kritiese uitsprake (pro en contra; deur leke én geleerdes) wat na vore gekom het tydens polemieke rondom Sestigerwerke, veral *Sewe dae by die Silbersteins*. Steeds word misopvattinge en leemtes in die kritiese beskouings oortuigend aangetoon, soos tewens ook in die hoofstuk "In die rigting van 'n Christelike literatuurbeskouing" waarin die literatuurbeskouing van literatore soos G. Dekker, J. L. Steyn, Elize Botha, P. D. van der Walt en T. T. Cloete in oënskou geneem word en wat uit literêr-wetenskaplike en literêr-historiese oogpunt ewe waardevol is as die hoofstukke oor die kunsbeskouings van die Sestigters.

Enkele sake wat in hierdie en die vorige hoofstukke telkens ter sprake gekom het en waaroor die skrywer groter helderheid probeer bring het, wil ek hier net vermeld. Hy trek tereg te velde teen die verwarrende gebruik van die term "herskepping" (van die lewe in en deur die kunswerk), en postuleer in die plek daarvan die meer bevredigende term "transformasie". Ek glo egter nie ons hoef beswaar te maak wanneer 'n skrywer (of 'n kritikus) praat van die "skepping"

(bloot in die sin van die “maak”) van ’n kunswerk nie. Tweedens toon Steenberg oortuigend aan dat dit noukeuriger en sinvoller is om te praat van die “estetiese” in die kunswerk (meer bepaald die roman) as die “skoonheid” daarin. In die derde plek wys hy tereg telkens op die noodsaaklikheid om tot ’n omvattende romanbeskouing te kom wat in sy evaluering van die enkelwerk reg sal laat geskied aan sowel die vormaspekte as die lewensbeskoulike aspekte en die “strekking” daarvan. Vierdens toon hy aan dat ’n mens nie sedelike of Christelike lewensnorme sonder meer as norme vir literatuurbeoordeling kan goedkeur nie, omdat literatuur nou eenmaal nie die lewe self is nie (par. 1.5.6.). Die aanlê van sulke norme kom bowendien veelal eerder neer op ’n beoordeling van die *uitwerking* van die roman as van die roman self. (Vgl. in hierdie verband ook die onderskeid wat tereg is in par. 2.2.1. getref word tussen die uitwerking en die funksie van die roman).

In die hoofstuk “Riglyne vir ’n Christelike transformasionele literatuurbeskouing”, wat as kernhoofstuk van die studie beskou kan word, gee die skrywer eers kortliks die beginsels van ’n Christelike literatuurbeskouing; daarna word ’n volledige stuk romanteorie gegee betreffende sake soos die wese, samestelling en funksie van die roman en die taak van die kritikus. Oor die drie basiese komponente van die roman, t.w. die “visionêre komponent” (die visie), die “epies-tegniese komponent” (verhaal en plot) en die “verbale komponent” (onder meer styl) word baie verhelderend geskryf. Uiteraard probeer Steenberg om sy Christelike kunsbeskouing soos uiteengesit in die eerste deel van die hoofstuk, in hierdie romanteorie te inkorporeer. Synde die eerste prisiële en volledige verantwoording in die Afrikaanse literatuurstudie oor al hierdie genoemde aspekte van die roman, en syende bowendien knap en insiggewend geskryf, lewer die skrywer ook met hierdie stuk romanteorie ’n besondere prestasie, dit selfs ten spyte van die feit dat hy, weens sy strewe om sy romanbeskouing op ’n Christelike, Bybelse grondslag te plaas, soms stellings maak wat literêr nie heeltemal aanvaarbaar is nie, veral wat betref die funksie van die roman en die eventuele evaluering daarvan. Hieroor later meer.

In die slothoofstuk van die studie (“Kritiese proef: *Een vir Azazel*”) word die roman *Een vir Azazel* van Etienne Leroux dan ondersoek en geëvalueer aan die hand van die romanbeskouing soos uiteengesit.

Die hoë agting wat ek vir hierdie studie het, soos blyk uit die voorgaande opmerkings, verblind my inmiddels nie vir sekere sienings van die skrywer waarmee ek nie heeltemal vrede het nie, en waarop ek vervolgens kommentaar/kritiek wil lewer. Ek beperk my hier uitsluitlik tot die twee slothoofstukke.

In sy bemoeienis om ’n *spesifiek Christelike* romanbeskouing te fundeer, kom Steenberg enkele kere vorendag met sienings of formulerings wat literatuurwetenskaplik nie heeltemal suiwer en aanvaarbaar is nie. Dit geld uiteraard hoofsaaklik die lewensbeskoulike aspekte van die roman en die uiteindelijke evaluering daarvan.

So sien hy die roman al te idealisties en eensydig-didakties as hy sê dat dit “die ontsluiting van *bestaansmoontlikhede*” (my kursivering) as funksie het (bl. 197), dat dit “moontlikhede stel in ’n ontwikkelende menslike samelewing en bestaan; dus eerder toekomsgebonde is”, en

dat dit eerder “ontginning van bestaansmoontlikheid/hede as van ’n bestaan” gee (bl. 225). Vroeër (nl. op bl. 200) het hy in dieselfde trant gesê dat die roman “ontwikkelingsmoontlikheid vir die menslike bestaan” gee. Vergelyk in hierdie verband ook sy siening dat die roman iets gemeen het met die taak van die psigoterapeut, nl. “to awaken (the reader) to a fuller consciousness of (his life task)”. Daar is onteenseglik romans wat in ’n mindere of meerdere mate, in ’n enger of in ’n wyer sin as didakties beskou kan word en wat dusdanig beantwoord aan die aangehaalde formulering van Steenberg. Dié tipe roman verteenwoordig egter maar één soort romankuns. Daar bestaan óók romans wat nie as didakties in die bogenoemde sin beskou kan word nie, maar wat basies treffende lewensopenbaring of karakteropenbaring *as sodanig* wil gee (soos bv. sekere soorte karakterromans; vgl. hieronder). Aan hierdie tipe roman laat geskied Steenberg nie reg in sy formulering in paragraaf 2.2.1. en elders nie. As hy reg wil laat geskied aan die wye spektrum, die wye verskeidenheid van romankuns, sal hy die funksie van die roman só moet omskryf dat dit minstens die vernaamste soorte romans dek.

Ook die formulering van die getransformeerde lewe of werklikheid in die roman as ’n „bestaansmodel”, kan aanleiding gee tot misverstand. ’n Roman gee vir ons ’n artistieke nabootsing mét variasie) — dus inderdaad in ’n sekere sin ’n model — van die werklike lewe. So gesien is die term „bestaansmodel” aanvaarbaar. Die woord „model” beteken egter ook „voorbeeld” of „toonbeeld, volmaakte voorbeeld van iets” (HAT), en ’n woord soos „bestaansmodel” is nie vry van al hierdie konnotasies nie. Daarby kom nog dat Steenberg inderdaad dié term in ’n idealisties-didaktiese sin gebruik in die volgende uitspraak:

Deur hierdie dinamiese — die visie/appel — kan dit (nl. die bestaansmodel) die funksie van ’n model vervul: „(to suggest) certain facts and relations in a region that is largely mysterious and baffling” (bl. 226).

Hierdie aanhaling is terloops weer eens didakties getint: ’n Romansier sou ook die „mysterious and baffling” as sodanig kon uitbeeld, en dan is hy hoegenaamd nie didakties nie.

Ook die „visie” van die kunswerk word in hierdie studie effens eensydig lewensbeskoulik en ideëel gesien as die idee, denklaag of waarheid in ’n roman, as ’n „gedramatiseerde epiese konkretisering van ’n lewensbeskouing in verband met ’n bepaalde tema” (bl. 214). In bepaalde soorte karakterromans (vgl. *Die meulenaar* van Malherbe of *Terug tot Ina Damman* van Vestdijk) is die visie of kerninsig eerder ’n aangrypende karakterinsig, karakterbeelding, karakteropenbaring *as sodanig* oor die hele roman heen sonder dat ’n bepaalde idee, waarheid, lewensbeskouing of geformuleerde of formuleerbare karakterwaarheid as grondslag van die roman onderken of uit die roman as geheel geïsoleer kan word. Waar daar dus ongetwyfeld

romankuns bestaan waarin die visie of lewensinsig eerder die vorm aanneem van lewensopenbaring as sodanig as van 'n bepaalde lewensbeskouing of waarheid of idee, daar is ook sienings van die roman as singewing aan of interpretasie/vertolking van die werklikheid (vgl. bl. 183, 200, 215) streng gesproke nie heeltemal juis nie, aangesien sulke sienings slegs vir sekere soorte romans geld en nie 'n ware beeld van die roman in sy ryke verskeidenheid gee nie.

Dit is egter veral in Steenberg se siening van die evaluasie van die grootheid van die roman, soos gegee in paragraaf 2.2.3. („Die taak van die kritikus”), dat daar 'n algehele onversoenbaarheid tussen sy Christelike kunsbeskouing en die gangbare („profane”?) literatuurbeskouing blyk te wees. Die grootste gedeelte van hierdie paragraaf bestaan uit 'n hoogs voortreflike uiteensetting van die taak van die kritikus ten opsigte van die roman, t.w. (1) 'n taak van vertolking, (2) van „identifisering” (waarin samehang, noodwendigheid, lewensgetrouheid, ensovoorts van die bestaansmodel aangetoon word), en (3) 'n taak van „evaluering” waarin die oorspronklikheid, diepte en draagwydte van die roman („ruimheid (omvang, diepte) en nuutheid”) aangetoon word. Met identifisering word hoofsaaklik minimumvereistes vir die geslaagdheid van die roman vasgestel, terwyl evaluering die maksimumwaarde van die roman bepaal. Identifisering bepaal of 'n werk kuns geword het, terwyl evaluering bepaal of dit goeie en groot kuns geword het. Hierdie uiteensetting van die taak van die kritikus kan 'n mens basies aanvaar, mits in gedagte gehou word dat identifisering, soos hier geformuleer, darem ook reeds 'n mate van evaluering inhou. (En terloops: is identifisering soos hier omskryf *alleen* voldoende om vas te stel of 'n werk kuns geword het? Het 'n mens nie die oorspronklikheidskriterium, wat hier onder evaluering ressorteer, ook daarvoor nodig nie? Kan 'n roman kuns wees as dit stereotiepe mens- of lewensbeelding gee of 'n stereotiepe plot het?).

Steenberg se siening van die evaluering van die „waarheid” van die romanvisie is egter nie sonder meer literatuurwetenskaplik aanvaarbaar nie. Wanneer 'n kritikus die diepte en draagwydte van die bestaansmodel en die visie in die roman beoordeel, is hy terselfdertyd implisiet ook besig om die „waarheid” daarvan te beoordeel. By hierdie oordeel sal hy inderdaad „sy eie waarheidskennis as norm aanlê” (bl. 236). Die Christen-kritikus se waarheidskennis, so verklaar Steenberg nou, is gegrond op die Skrif, en vir die eventuele beoordeling van die waarheid van die visie/bestaansmodel in die roman sal die Skrif dan as norm gebruik word. Indien die visie van die roman volgens dié maatstaf onwaar of vals is, sal dit nie groot kuns kan wees nie, al is die roman in ander opsigte ook hoe geslaagd.

Daar is heelwat redes waarom hierdie siening uit literêre-teoretiese oogpunt moeilik aanvaarbaar is. Ek noem slegs die volgende:

1. Om die kunswerk (of meer spesifiek die „waarheid” of visie daarin) te onderwerp aan die sanksie van die wêreld- of lewensbeskouing van 'n bepaalde godsdienst, is om dit te relativeer, te verarm en te beperk met 'n beperking wat dit sekerlik nie verdien nie. 'n

Mens sal eenvoudig die volgende uitspraak van Etienne Leroux (vroeër aangehaal deur Steenberg) moet aanvaar, nie alleen uit skrywersoogpunt nie, maar ook uit literatuurwetenskaplike oogpunt: „Daar moet algehele vryheid wees, net soos vir die pasiënt op die rusbank van die psigiater wat vry voel om te kan sê wat hy wil. In daardie mate wat die skrywer . . . die vryheid ontse word, in daardie mate sal sekere materiaal verlore gaan. Dis vir my nog altyd ondenkbaar dat die skrywer ooit aan bande gelê moet word”. ’n Uitlewering van die roman aan die finale oordeel van die norme van die heilige geskrifte van die verskeie wêreldgodsdienste, moet noodwendig meebring dat roman-evaluasie in ’n heillose relativisme ontaard.

2. Dit sou noodwendig ’n diskwalifikasie meebring van die grootheid van enige roman wat tradisionele, gevestigde (veral Christelike, Bybelse) sienings aanval of kritiseer, soos byvoorbeeld sommige romans van Etienne Leroux; vergelyk die opmerkings oor *Een vir Azazel* hieronder.

3. Heelwat teoretiese en praktiese probleme kan voorsien word by die toetsing van die „waarheid” van die romanvisie of romanmodel aan die Skrifwaarheid. Uit die opset van hierdie studie waarkragtens net een roman as kritiese proef ontleed word, word hierdie toetsing uiteraard slegs aan een roman geïllustreer. Miskien kon Steenberg dié kwessie grondiger belig het deur *kortliks* na ’n paar romans te verwys.

Ek gee hier net een voorbeeld van die soort probleem wat kan opduik: Hoe gaan ’n mens die waarheid van die visie van dié tipe roman waarna hierbo verwys is waarin nie ’n bepaalde idee of lewenswaarheid geponeer word nie, aan die Skrifwaarheid toets?

Steenberg se siening van die uiteindelijke bepaling van die waarheid/grootheid van die literêre kunstwerk (meer bepaald die roman) mag vir die Christen aanvaarbaar wees, maar dit kan beswaarlik as „esteties geldig” beskou word. Teenoor sy siening van die aangeleentheid sou ek die volgende aanvaarbaarder en interessanter mening van R. Antonissen wou stel:

Hoe ek my dan wel sou gedra teenoor (sê) ’n roman (’n goeie roman wel te verstaan) wat as instrument of wapen hanteer sou word teen dinge wat my lief is, wat dalk vir my heilig is? As gehele mens, wie se wêreldbeskouing tal van waardes insluit behalwe artistieke, sal dit my glad nie onverskillig laat nie: heelwaarskynlik sal ek fel reageer. Maar dit word dan juis die buitengewone boeikrag van so ’n situasie: dat ek terselfdertyd in opstand sou kom en sou toejuig. Ek sou heerlik in die greep verkeer van ’n meesterwerk, groot in sy eie reg, in sy eie „objektiwiteit”, wat tog deurdrenk sou wees met ’n my vreemde, my vyandige, my dalk weersinwekkende geloof. Dit sou, binne die wêreld van ’n meesterlike kunstwerk, ’n ontmoeting word tussen twee persoonlikhede, tussen geloof en geloof, ’n konfrontasie van my felheid met sy felheid, van my hartstogtelik verdedigde oortuiging met sy oortuigingsdrif. En ek wéét: so iets is ’n wonderlike ervaring, dit is groot avontuur, dit is heilsame blootstelling aan gevaar.

(*Spitsberaad*, bl. 227)

Wat betref die slothoofstuk van die studie, waarin *Een vir Azazel* as kritiese proef ontleed word, moet ten slotte vermeld word dat Steenberg die visie van die roman verkeerd intrepreteer. Die noodsaaklikheid vir die aanvaarding van 'n sondebok (as oplossing vir die mens se bestaansprobleem en die probleem van die bose, en as geestelike hernuwing) is nie die „boodskap” of visie van die roman nie. Inteendeel, die visie van die roman is 'n insig in kragteloze, uitgediende, dooie mites soos die held (kampvegter) en die sondebok — mites wat tot blote „formule” gedegeneer het, tot „verworde herhaling”. Waaruit word dit afgelei? Ons lei dit eerstens af uit die satire op en ironisering en banalisering van die mites van die held en die sondebok, soos ons dit dwarsdeur die roman vind, maar veral in die grootse stenigingstoneel met sy aangrypende ironie. Die hoogs ironiese en satiriese beskrywing van speurdersersant De Goede wat die Reus bydam met „'n perfekte veronica”, „'n bolo-vuisslag”, en 'n „vol Nelson”, en wat telkens „liggies wegdans”, ens., is 'n bespotting van die mite van die kampvegter en 'n aanduiding dat die dood (-doodmaak) van die sondebok as 'n leë, sinlose ritueel gesien word en die sondebok as 'n leë, sinlose mite. Dat Leroux met hierdie mite geen vrede het nie, blyk ook uit sy ongunstige en verdoemende beskrywing van die optrede van die massa wat die Reus stenig en wat in hulle kollektiewe eenvoud „slegs 'n digotomie ken” en „die genot van 'n maklike keuse” smaak. Uit die stenigingstoneel blyk ondubbelsinnig dat dr. Johns se hoop „dat 'n leë ritueel weer inhoud sal kry”, nie vervul is nie, en dat „die vlak waar belewenis die plek sal inneem van verworde herhaling”, eweneens nie bereik is nie.

Ironiserende, satiriserende en banaliserende sienings kom natuurlik veelvuldig voor ook in die loop van die roman, en dan seker nêrens so opvallend soos in die tekening van De Goede nie. Dit is byvoorbeeld ironies dat dié verhewe figuur (die kampvegter vir die goeie) blykbaar heeldag niks anders te doen het as om homself met isometriese oefeninge besig te hou nie. Die satiriese beskrywing van hierdie oefeninge bereik 'n hoogtepunt aan die einde van hoofstuk 4 waar beskryf word hoedat De Goede uiteindelik slegs op sy een vinger staan! 'n Mens dink onwillekeurig aan die volgende woorde van Juliana Doepels uit *Die mugu*: „Julle helde is gekondisioneer tot lagwekkende afwykings”. In die tweede plek het baie van dr. Johns se verduidelikings 'n ironiese ondertoon; vergelyk maar die al te „maklike” formulering en oplossing van baie van sy sienings/uitsprake, onder meer oor die sondebok.

Ironisering blyk ook uit die „dilettantiese deureenhaspeling” van „versnipperde mites” (R. Antonissen, *Spitsberaad*) in die gesprekke van die karakters, veral dr. Johns. Verder kan nog gewys word op die ironisering in 'n gedeelte soos die genoemde tweede helfte van hoofstuk 4, waar De Goede so besig is met sy oefening en Mrs. Silberstein so besig met hom dat hulle weinig ag slaan op dr. Johns wat intussen ernstig voortpraat oor sonde, skuld en die tragiese. Ook die toesprake in deel 13 van Quomodo, waarin onder meer verwys word na die moontlike omvorming van formule tot mite en na die sondebok-idee, word geïroniseer. Die „bekende professor” probeer „op sy manier

lig (bring) in die duisternis van die gekwelde gemoedere wat lig só nodig het". Net hierna lees ons egter die volgende: „Die spreker tuur oor die opgehefde gesigte heen in die rigting van die buitenste duisternis”.

Dat de kerninsig van *Een vir Azazel* 'n visie op uitgediende of gedegenererde mites is, blyk nie net uit die ironisering en satire nie. Daar is heelwat meer getuienis in die roman hiervoor; ek noem nog slegs die ongunstige siening van dr. Johns as „'n ingekrimpte stukkie oppervlakkige wysheid wat illusies skep en vernietig”. Aan De Goede sê hy dan ook: „Vir jou doel is 'n oppervlakkige waarheid die belangrikste”. Hiermee word implisiet verwys na die oppervlakkige waarheid van die mites wat in die boek ter sprake kom.

Waar bestaande mites (soos die held en die sondebok) hulle betekenis verloor het, daar is dit die taak van die skrywer om in homself te keer en na die lewende mite te soek. Hierdie taak, wat deur Leroux beskryf is in sy referaat „Die mens, en veral die skrywer, op soek na die lewende mite” (vgl. veral die betrokke gedeelte oor die taak van die Begrunder), word simbolies beskryf in „Deur die oog van die luiperd” wat 'n kunsteoretiese onderlaag het (vgl. die verwysing na „die oog van die luiperd waardeur die swaksinnige idioot en heiliges en digters en skrywers kyk”). Dis onmoontlik om hier nader in te gaan op die interessante ooreenkoms tussen sekere formuleringe in „Deur die oog van die luiperd” en die genoemde referaat.

Die ongunstige siening van bestaande (tradisionele) mites in *Een vir Azazel* word gerugsteun deur die getuienis van ander romans van Leroux. In *Die mugu* word byvoorbeeld pejoratief na bestaande mites verwys as „kollektiewe patroontjies”, en die leser word opgeroep om na „die ware simbole (te soek)” (bl. 103). In *Isis Isis Isis* word, met die Isis-mite as uitgangspunt, mitiese sienings van die vrou en die vroulike gekritiseer en gesatiriseer. Bestaande mites hou nie meer 'n antwoord in vir ons bestaansproblematiek nie. Die protagonis (in *Isis Isis Isis* naamlik) bly op die end slegs oor met „duisende klein vrae wat die hele wêreld oorstrom”. Vandaar die noodsaaklikheid van die soektog na „nuwe simbole wat deur die werklikheid, die eksistensie, 'n nuwe waarde kry” (*Die derde oog*, bl. 170).

'n Alte skerp kritiek op en veroordeling van Steenberg se misinterpretasie van die visie van *Een vir Azazel* sou egter heeltemal misplaas wees, omdat (a) die res van sy hoofstuk oor die roman baie interessant en insiggewend is, (b) dit geen afbreuk doen aan sy literatuurbeskouing soos uiteengesit nie, en (c) mistastinge oor die werk van Leroux in die Afrikaanse kritiek aan die orde van die dag is.

Om dan ten besluite saam te vat: Die feit dat 'n mens nie kan saamstem met sommige van die bevindings en formuleringe in die studie nie, neem nog nie weg dat dit as geheel 'n indrukwekkende studie is wat nuwe lig werp op en groter helderheid bring insake vele fasette van die onderhawige probleem nie. *Sestigerproblematiek* is nie maar net nóg 'n gepubliseerde proefskrif, nóg 'n literêre studie in Afrikaans nie. Dis 'n werk van uitsonderlike hoë gehalte wat die Afrikaanse literatuurstudie tot eer strek.

Universiteit van Suid-Afrika.

D. F. SPANGENBERG,

Harrop-Allin, Clinton: *Norman Eaton, Architect*, p.p. 128, VI-77 ill. Kaapstad, C. Struik, 1975. R15.

Norman Eaton was in die na-oorlogse jare 'n baie bekende figuur in Pretoria, 'n gewaardeerde kollega en 'n gereelde besoeker van kunsuittallings en musiekkonserte. Hy het studeer in Johannesburg en vervolgens 'n reis na Europa onderneem, waar hy kennis gemaak het met die historiese style sowel as met die moontlikhede van die moderne boukuns. 'n Mens sou verwag dat hy as vurige aanhanger van die allernuutste na Suid-Afrika sou terugkeer en hom op opsigbare moderne modernistiese geboue sou toelê. Die teendeel is waar. Eaton het 'n heel persoonlike gawe ontwikkel om vir elke werk afsonderlik noukeurig vas te stel wat die juiste doelstelling en vereistes daarvan moes wees en hoe dit in die daarvoor bestemde omgewing die beste kon inpas en tot uitvoering gebring kon word. Sy huise, wat tot eenvoudige beginsels soos silinders en reghoeke herlei kon word, is telkens tot in besonderhede by die omgewing aangepas en was as sodanig uniek. As ander uiterste het hierdie besondere benaderingsmetode hom die juiste argitek gemaak vir die pragtige restourasie van die pastorie in Graaff-Reinet.

Eaton was oop vir nuwe opvattinge en hy het noukeurig op hoogte gebly van nuwe materiale wat telkens beskikbaar geword het. Maar hy sou niks gebruik het nie, voordat hy daarvan oortuig was dat dit die beste materiaal of vorm vir 'n bepaalde doel was. Sy bankgeboue moes sowel in die vereistes van administrasie as die gerief van die publiek voorsien. Die uitvoering van sulke ideale hoef nie altyd duur te wees nie. Hy het veel gebruik gemaak van teëls en bakstene en daarmee 'n warm effek bereik. Daarenteen was Eaton nooit bereid om toe te gee terwille van kortstygige besuiniging, te kort aan doelgerigtheid of net onkunde nie. In 'n tyd waarin materiële oorwegings dikwels goeie beplanning benadeel, het dit vir 'n man soos hy met sy onwrikbaarheid, steeds moeiliker geword. Menige opdrag is naderhand toegeken aan argitekte wat minder beginselvas was en wat bereid was om toe te gee aan misplaaste bedilysug.

Harrop-Allin het met 'n oop oog die ontwikkeling van Norman Eaton beskryf en sy plek in die argitektewêreld in Suid-Afrika aangedui. Hy gee geen oordeel nie en laat liewers die feite vir hulself spreek. En hierdie feite dui daarop dat Norman Eaton 'n hoogstaande mens was met 'n grondige vakkennis en 'n uiters verfynde smaak. Dat juis so 'n persoon onwrikbaar aan sy vakkundige opvattinge vasgehou het en tot geen afwatering van beginsels bereid was nie, is die oorsaak dat hy so 'n besondere en vooraanstaande figuur in die samelewing geword het.

Wenning, Harco: *My Father*, p.p. 163, 65 ill. Howard Timmins, Kaapstad, 1976. R9,50.

Dit is die lewensgeskiedenis van een van ons mees vooraanstaande kunstenaars in die eerste helfte van hierdie eeu: Pieter Wenning. Dit is geskryf deur sy seun, wat van sy vader vertel in 'n aantal kort hoofstukke. Hoewel dit dus nie 'n samehangende oorsig is nie, wen die verhaal aan spontaneïteit wat in menige ander biografie ontbreek. Wenning was van Nederlandse afkoms. Hy het later na Suid-Afrika

gekom, rondgereis en in Pretoria, Johannesburg en Kaapstad gewoon. As gevolg van omstandighede moes die moeder en kinders in 1914 na Europa, waar hulle deur die oorlog vasgevang is.

Op die agtergrond vind ons Harco se eie jeug en beskrywings van Pretoria uit die ou dae. Hoewel die seun 'n diep eerbied en waardering vir sy vader koester, sien hy ook menslike foute raak en hy skroom nie om hulle te noem nie.

Dit is reeds lank bekend dat Harco Wenning oor uitvoerige bronne-materiaal beskik, en daar is gekla dat hy nie erg geneë was nie om dit vir navorsers ter beskikking te stel nie. Uit hierdie boek blyk dat die skrywer die juiste houding ingeneem het. Elke mens, ook beroemde skilders, is geregtig op diskresie betreffende hul persoonlike lewe. Party dokumente waaroor Harco Wenning beskik, is blykbaar van vertroulike aard en hy, as seun, is die enigste persoon wat sulke materiaal kan en behoort te hanteer.

Die boek gee blyke dat die skrywer hom uitstekend van sy selekterende taak gekwyt het. Vir die eerste keer sien ons Pieter Wenning soos hy waarskynlik was: nie 'n bedeesde en bietjie wêreldvreemde kunstenaar nie, intendeel — hy was 'n hoogs beskaafde en opmerklike aangename persoon, 'n goeie huisvader van 'n intellektuele en kunssinnige gesin, waar wye algemene belangstelling geheers het. Moontlik was hy, gedeeltelik as gevolg van lewensbeginsels, 'n minder goeie sakeman. Maar hy was 'n skilder wat in sy tyd hoogs modern en vooruitstrewend was en wat beskik het oor 'n grondige kennis van sy vak.

Die skrywer is versigtig in sy benadering van persone op die agtergrond en herhaaldelik laat hy deurskemer dat hy oor inligting beskik wat hy nie bereid is om te openbaar nie. Ons moet dit respekteer. Desondanks kom 'n persoon soos D. C. Boonzaaiër minder goed daarvan af en ons vind bevestiging van bewerings deur ander skrywers dat sy invloed op Wenning nie onverdeelde gunstig was nie en dat sy optrede allermens simpatiek aandoen.

'n Aantal werke van Wenning word teen 'n juister agtergrond geplaas. Daar is 'n beter perspektief op die rol wat medekunstenaars in die lewe van Wenning gespeel het.

Die boek is netjies uitgegee en die illustrasies is duidelik en toepaslik. Net: 'n mens sou graag afmetings en herkoms van die minder bekende werke vermeld gesien het.

Schoonraad, M.: *Walter Battiss*, pp. 64, 68 ill. (18 kleur). C. Struik, Kaapstad, 1976. R9.

Mnr. Schoonraad is die mees vooraanstaande deskundige in ons land wat betref Walter Battiss en sy werk. Battiss as persoon het 'n sterke gevoel vir sy werk, maar ook vir sy medemens en veral sy medekunstenaars. Hy het 'n aanvoeling vir die natuur en vir die lewe in sy geheel. Met hierdie karakteraanleg en sy geweldige tegniese kennis was Battiss veral in die kunsonderwys 'n besonder belangrike figuur, en op verskillende vlakke van onderrig het hy telkens weer baie belangrike werk gedoen.

Ook in die verloop van die Suid-Afrikaanse skilderkuns het Battiss 'n groot rol gespeel. Schoonraad dui aan dat dit eintlik Battiss was wat die eerste stoot tot die oprigting van die Nuwe Groep gegee het. Hy was vol idealisme en dit was naderhand 'n groot skok vir hom toe dit tot hom begin deurdring het dat party jonger kunstenaars nie met sy vooruitstrewende opvattinge saamgestem het nie en liewers in die ou trant wou aangaan.

Vanaf 1950 het Battiss baie rondgereis. 'n Ontmoeting in Frankryk met Picasso het vanselfsprekend groot indruk op hom gemaak. Nogtans is dit opmerklik dat daar in sy kuns geen invloed van die groot Spanjaard te bespeure is nie. Battiss het homself gebly: 'n tipiese seun van Suid-Afrika met 'n geweldige kennis van die land en liefde vir die veld.

Afgesien van sy skilderkuns het Battiss in vrywel alle grafiese tegnieke gewerk. Hy het 'n tiental boeke geskryf, 'n aantal geïllustreer en is verantwoordelik vir meer as honderd tydskrifartikels. Bowendien is hy 'n uitstekende fotograaf.

Dis moeilik om Battiss in 'n besondere kunstgroep in te deel. Hy bly homself: 'n eenling in die Suid-Afrikaanse kunstgeskiedenis. Maar hy het 'n lewendige aandeel gehad in strydsprekke, die stryd vir kunsbelange, meningsverskille in verband met sensuur, ens.

Die boek is een uit die reeks "Suid-Afrikaanse Kunsbiblioteek" onder redaksie van C. du Ry. Die lengte wat aan die skrywers toegeestaan is, is uiters beperk. Desondanks het Schoonraad daarin geslaag om van die omvangryke onderwerp die belangrikste sake te benadruk en 'n leesbare geheel daarvan te maak. Uit die reeks is dit een van die beste boeke. Die illustrasies is oorsigtelik en die kleurafbeeldings is opmerklik geslaagd. Daar is 'n lys van eienaars, persverklarings, kunsuitstallings waaraan Battiss deelgeneem het, en 'n bibliografie. Die beperking in ag genome is dit 'n uitstekende oorsig van Walter Battiss, sy werk, en die agtergrond waarteen dit tot stand gekom het.

Bradlow, F. R. (intr.): *J. P. R. Wallis: Thomas Baines*, pp. xx — 236, 170 ill. (8 in kleur). Kaapstad, A. A. Balkema, 1976. R25.

Hoewel Thomas Baines in die vorige eeu 'n baie bekende en populêre figuur was, het hy die lot gedeel met baie ander kunstenaars en stadigaan in vergetelheid geraak. Dit was ook maar grotendeels toevallig dat prof. J. P. R. Wallis, terwyl hy werksaam was met navorsing oor die ontdekkingsreisiger C. J. Anderson, telkens op inligtinge oor Baines afgekom het. Aangemoedig deur die bekende Africanakenner en versamelaar dr. Gubbins, het Wallis sy biografie oor Baines voltooi. Dit is in 1941 uitgegee en as gevolg van oorlogsomstandighede was dit 'n baie beknopte boek met 'n klein aantal afbeeldings.

Nou, na 35 jaar, het 'n her-uitgawe van die boek verskyn met 'n voorkoms wat dit in alle opsigte waardig is. Wallis se lewensbeskrywing van Baines is uiters grondig en noukeurig saamgestel, maar dit was tot die biografiese beperk. Inmiddels was dr. F. R. Bradlow gedurende die afgelope 17 jaar werksaam aan 'n volledige katalogus met

estetiese waardering van Baines se skilderye en grafiese werke. Die aanvanklike plan om al hierdie gegewens in een enkele boek te publiseer het onuitvoerbaar geblyk, omdat die aantal werke van Baines te oorweldigend was. Gevolglik het nou eers die biografie verskyn, terwyl die katalogus later sal volg.

Hierdie biografie is voorsien van 'n inleiding en 'n aantal voetnote, wat baie waardevol is omdat Wallis in sy oorspronklike boek geen bronverwysings opgeneem het nie. Bowendien is die boek ryklik geïllustreer na olieverfwerke op glas, potlood en waterverfsketse, akwarelle, potloodtekeninge, hout- en staalgravures en houtsnede. Hierdie illustrasies is 'n baie toepaslike aanvulling op die teks.

Baines het gewoonlik eers 'n rowwe skets gemaak op die plek van die gebeurtenis of die tafereel self. Vervolgens het hy die gegewe verder uitgewerk in 'n potlood- en waterverftekening, terwyl die kleure nog vars in sy geheue was. Hy het blykbaar nooit verder gewerk aan die oorspronklike tekening nie, in teenstelling met Bowler, wat baie aandag aan sy tekeninge gegee het. Eers baie later het Baines op grond van sy sketse en tekeninge sy olieverfskilderye gemaak. Die waterverftekeninge sal egter waarskynlik die beste deel van sy werk blyk te wees. Hulle het nog maar min aan spontaniteit verloor, terwyl Baines sy kunstenaarskap tog ten volle kon laat ontplooi. As gevolg van hierdie werkwyse tref ons dikwels dieselfde tafereel herhaaldelik aan, telkens in ander media. Dit omvat flora en fauna, dorps-tonele en taferele van ekspedisies, ossewaens, mensetipes, handel, jag en die Zambesirivier, die Victoria-waterval, skepe, militêre operasies en troepe, alles tesame van baie groot historiese en sosiale waarde.

Veral Baines se eie ekspedisies na die binneland van Suidelike Afrika en in Australië kom tot hul volle reg in hierdie boek. Baines was ongetwyfeld een van die mees vooraanstaande leiers van ekspedisies in die 19de eeu, terwyl hy 'n goeie onderhandelaar was met die binnelandse bevolking in verband met konsessies vir minerale. Daar is min getuïenisse wat so 'n uitvoerige en veelsydige indruk van Suidelike Afrika in die vorige eeu verskaf as wat uit die dagboeke en kunswerke van Baines afgelei kan word.

Dit was baie noodsaaklik dat Wallis se studie oor Baines weer binne die bereik van die lesende publiek gestel sou word. Maar dit is bepaald verheugend dat hierdie tweede uitgawe met sy groot aantal geslaagde illustrasies, toeligtings en indekse so 'n vorstelike vorm sou kry. Dit is 'n baie belangrike boek oor ons land in die vorige eeu.

Bax, D.: *Het Oudste Kaapse Zilver, 1669-1751*; pp. 208, 28 ill. Amsterdam, Noord-Hollandsche Uitgeversmaatschappij, 1974. ca. R22.

Kaapse silwer geniet vandag alom baie aandag by kenners sowel as versamelaars. 'n Groot aantal mooi silwer voorwerpe is gelukkig reeds in die versameling van verskillende museums opgeneem. Die voorwerpe wat vandag op veilings kom behaal deurgaans geweldige pryse. Versamelaarswaarde speel hierby ongetwyfeld 'n belangrike rol. Maar daar kan nie ontken word nie dat Kaapse silwer 'n tipiese eie skoonheid het.

Daar het baie silwer uit Europa na die Kaap gekom en dit het hier invloed uitgeoefen op die voorwerpe wat aan die Kaap gemaak is. Andersom is heelwat Kaapse silwer deur terugkerende amptenare en reisigers na Europa saamגעem. In die algemeen is Kaapse silwer eenvoudiger in vorm sowel as versiering in vergelyking met gelyktydige silwer in Europa.

David Heller het met twee boeke oor ons silwer (1949 en 1953) uitgebrei op N. Morrison se eerste gids (1936) en 'n grondslag gelê vir ons kennis oor die onderwerp. Hy het hom veral toegelê op die later 18de en die 19de-eeuse silwersmede en hulle produkte. Prof. Bax dui in hierdie boek aan dat ook gedurende die eerste eeu van die Kaapse nedersetting reeds 'n aantal silwersmede hier werksaam was. Die vroegste bekende was Daniel Egt uit Göreberg, wat tussen 1669 en 1671 aan nagmaalbekers volgens Nederlandse voorbeeld gewerk het vir gebruik by die kerkdienste in die Kasteel. Sekerlik was daar ander silwersmede, maar helaas het van al hul werk niks oorgebly nie. Ons weet net daarvan deur middel van argiefstukke.

Prof. Bax het 'n volledige lys opgetrek van die silwer wat in die besit van kerkrade en die Kompanjie se regeringskantore was. Hy het heelwat nuwe materiaal oor die vroegste silwersmede ontdek en hy vergelyk sy gegewens met dié van Heller en Hoge. Heller word hier en daar reggestel terwyl heelwat op sy werk aangevul kon word.

By 'n armoedige samelewing kan nouliks verwag word om veel silwer voorwerpe aan te tref. Die feit dat daar so baie silwer aan die Kaap in gebruik was wys daarop dat die lewe 'n sekere gerief gebied het. Die lewe aan die Kaap was blykbaar nie onaangenaam nie en duisende besoekers het jaarliks heelwat vertier gebring.

Prof. Bax het hom bowendien allermins beperk tot silwersmede en hul produkte tot omstreeks 1750. Hy gee baie aandag aan die omstandighede waaronder die werk tot stand gekom het. Gevolglik kry ons baie meer insig en diepte oor die onderwerp as wat tot nou toe die geval was. Dit is een van die redes waarom hierdie boek so besonder waardevol is. Op sigself verskaf dit 'n belangrike stuk beskawingsgeskiedenis van die Kaap van 'n periode waarvoor daar nie soveel as oor ander tydvakke bekend is nie. Die stroom reisigers en besoekers met hul dagboeke en reisverhale kom eers later.

Daar is 28 afbeeldings van die voorwerpe wat uitvoerig bespreek word. Die boek maak deel uit van die reeks *Verhandelinge van die Koninklike Nederlandse Akademie van Wetenskappe*, afd. Letterkunde. Met sy geweldige hoeveelheid gegewens behoort dit in die besit te wees van elke skoolbiblioteek en elkeen wat belangstel in die sosiale en kulturele agtergrond van die vroeë Kaap.

Universiteit van Pretoria.

F. G. E. NILANT

AFRIKAANSE BOEKE VERSKYN GEDURENDE JULIE - SEPTEMBER 1976.

(Opgestel deur C. J. S. C. Burger, Senior Vakkundige Beampte, N.A.L.N.)

PROSA

ANTHONY, Len.

Randburg: 'Prospecta, 1976. (Ons eie Boekklub).

BAKES, Margaret.

Klein land van die liefde. Kaapstad: H en R, 1976.

BIERMAN, Ettie.

'n Boeing vir die see. Johannesburg: Perskor, 1976. (Klub 707).

BRINK, André P.

'n Oomblik in die wind. Pretoria: Donker, Tweede druk 1976.

BURGER, Tooi.

Persië en sy mense. Kaapstad: H.A.U.M., 1976. R2,55.

COETZEE, Magriet.

Nuwe gebede van 'n vrou. Kaapstad: Tafelberg, 1976. Net soos sy voorganger, **Gebede van 'n Vrou**, is hierdie werk 'n keur uit die skryfster se gebede wat in **Die Sarie Marais** verskyn het. R2,75.

DE VILLIERS, I. L.

Te vroeg vir Moedverloor. Kaapstad: Tafelberg, 1976.

'n Versameling stukke wat in die naweekbylae van die Nasionale Pers se koerante verskyn het. R4,50.

DU PLESSIS, Hannah.

Taal van die liefde. Pretoria: Van der Walt, 1976. Keurbiblioteek.

DU TOIT, Tryna.

Die nimmer-nimmer-berge. Kaapstad: H en R., 1976. R3,95.

FRONEMAN, Melt.

Die jagter van O'djidji. Johannesburg: Perskor, 1976. (Klub 707).

FOURIE, Pierre.

Nag bring die onheil. Johannesburg: Perskor, 1976. R2,75.

'n Spannende spioenasieverhaal.

GROBBELAAR, Pieter W.

Uit ou Mi'kai se dae; illus. deur Cora Coetzee. Kaapstad: H en R, 1976.

'n Skat van Boesmanverhaaltjies en rympies. R2,50.

IMMELMAN, Doc.

Wind oor die Komas-Hochland. Kaapstad: H en R, 1976.

Die boek bevat 'n vyftal verhale wat almal in Suidwes afspeel. R4,50.

KOCK, Nelmar.

Erfgenaam vir Nuutbegin. Randburg: Siësta, 1976. (Ons eie Boekklub).

KRÜGER, Cornelia.

Onbekend op Maandagshoek. Johannesburg: Perskor, 1976. (Voortrekker-boekklub).

LAMPRECHT, I. D.

Die blinde horlosie. Kaapstad: H.A.U.M., 1976. R3,30.

Wat my toebedeel is. Krugersdorp: President, 1976. R1,90.

LANGVELDT, Daan.

Spore in die ruigtes. Randburg: Prospecta, 1976. (Pronk-boekklub).

LINGUA, Susanna M.

Lied van die Isar. Pretoria: Van der Walt, 1976.

LOUW, Pieter.

Die erfenis van Déderique du Toit. Johannesburg: Perskor, 1976. (Dagbreek boekkring).

MAREE, Naomi.

Prinses van die Reënwoud. Pretoria: Van der Walt, 1976.

MARTIN, Wille.

'Bruidskat van ivoor. Johannesburg: Perskor, 1976. (Voortrekker-Boekklub).

— Sterre in jou oë. Pretoria: Van der Walt, 1976.

— Vallei van eensaamheid. Krugersdorp: President, 1976.

— Goewernante vir Gravensteyn. Johannesburg: Perskor, 1976. (Dagbreek-boekkring).

MARX, Chris L.

'n Gang vol oë. Johannesburg: Perskor, 1976. (Klub 707). 'n Spannende speurverhaal.

— 'n Pêrel vir die Sultan. Johannesburg: Perskor, 1976. (Voortrekker-Boekklub).

- POTGIETER, Wondra.**
Met 'n ompad huis toe. Johannesburg: Perskor, 1976. (Dagbreek-boekkring).
- SCHOEMAN, P. J.**
Geliefde ou Afrika-vriende, Deel 2. Johannesburg: Perskor, 1976. Met bypassende foto's en tekeninge. R5,50.
- SPATEL, Hans.**
Dokters en pasiënte. Kaapstad: H en R, 1976. R5,50.
In die boek — 'n keur uit stukke wat in **Die Huisgenoot** verskyn het — word die uiteenlopende aspekte van 'n private praktyk en die huisarts se lewe bespreek.
- STEENBERG, Elsabe.**
Klawervyf. Pretoria: Van der Walt, 1976.
- STRYDOM, M.**
Trap sag op my drome. Pretoria. Van der Walt, 1976.
- SWART, Lize.**
Om te wen. Pretoria: Van der Walt, 1976. (Eike-Boekklub).
- VAN DER MESCHT, Ella.**
Jy en' die blomtyd. Pretoria: Van der Walt, 1976.
- VAN SCHALKWYK, Nickey.**
Dans van die Marionette. Pretoria: Van der Walt, 1976. (Treffer-boekklub).
'n Roman uit die Kaap die Goeie Hoop 1685 - 1710.
- WIID, Jurgens.**
Gister se sewe dae. Johannesburg: J en H, 1976. (Gerwe-Boeke).
- VERTAALDE ROMANS**
- BOILEAU-NARCEJAC.**
Skimme in die duister: vertaal deur E. P. du Plessis. Kaapstad: H en R, 1976.
- CHASE, James Hadley.**
Laat die lyk loop; in Afrikaans vertaal deur Valerie Francis. Selby: Olympos, (1976). R1,45.
- EDSON, J. T.**
Dis 'n goeie dag om te sterf; in Afrikaans vertaal deur Piet Roodt. Selby: Olympos. (1976). R1,45
- GRIMAUD, Michel.**
More is ek vry!; uit Frans vertaal deur E. P. du Plessis. Kaapstad: Tafelberg, 1976.
'n Vader staan magteloos wanneer sy seun probeer om sin in die lewe te soek by die hippies van Parys. R3,76.
- KONSALIK, Heinz G.**
Liefde is sterker as die dood; uit Duits vertaal deur Ludwig Visser. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R4,75.
- L'AMOUR, Louis.**
Dis maklik om te sterf!; in Afrikaans vertaal deur H. K. Venter. Selby: Olympos, (1976). R1,45.
- POESIE**
- BOERNEEF**
Sesde Hoepel. Kaapstad: Tafelberg, 1976.
83 ongepubliseerde gedigte saamgestel deur F. I. J. van Rensburg.
- LEIPOLDT, C. Louis.**
Vyftig gedigte van . . . 'n keur deur W. E. G. Louw. Kaapstad: Tafelberg, 1976.
- LOUW, W. E. G.**
Vensters op die vrees. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R4,50.
- OLIVIER, Fanie,**
Paradysrigting van die wind. Johannesburg: Perskor, 1976. R5,25.
- RALL, Henk.**
Donker van mere. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R5,25.
- SCHOLTZ, Merwe.**
Grimas. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R4,50.
- STUDIES OOR DIE POESIE**
- CLOETE, T. T.**
Op die woord af: opstelle oor die poësie van N. P. van Wyk Louw. 2de uitgawe. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R5,95.
Kaapstad: Tafelberg, 1976. R5,95.

DRAMATEKSTE (TONEEL, RADIO EN TELEVISIE)

VAN NIEKERK, Dolf.

Die Nagloper. Kaapstad: H en R, 1976. R4,25.

Twee tekste vir televisie — die titelverhaal en **Die Lykbesorgers**.

STUDIES OOR DIE DRAMA EN TONEEL

SPIES, J. P.

Klein begin in die drama: stukke uitgesoek en van begeleidendes vrae voorsien . . . Pretoria: De Jager — H.A.U.M., 1976. R3,20.

BIOGRAFIE

DE WET, Wouter.

Onse Mimi. Johannesburg: Perskor, 1976.

Die suksesverhaal van die sangeres, Mimi Coertse. R9,75.

ANDER WERKE VAN BELANG

DE KLERK, W. J. en Ponelis, F. A., **redakteurs**.

Gedenkbundel H. J. J. M. van der Merwe. Pretoria: Van Schaik, 1976.

DE LIMA, J. Spasso.

Gesiedenis van de Kaap de Goede Hoop. Kaapstad: S.A. Biblioteek, 1975. (South African Library: reprint series 5). Faksimile-uitgawe.

GEYSER, O. en Prins, L. C. A.

Die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis in beeld. Bloemfontein: UOVS, INEG, 1976.

PAMA, C.

Die vlae van ons land. Kaapstad: Tafelberg, 1976.

In leketaal beskryf een van ons voorste wapenkundiges die verskillende vlae van ons land selfs die nuwe tuislande se vlae word in volle kleur geïllustreer. R3,95.

ROTHMAN, Frederick L.

Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1901; met inleiding en aantekeninge deur M.E.R. 2de uitgawe. Kaapstad: Tafelberg, 1976. R4,85.

STRYDOM, C. J. Scheepers, **samesteller**.

Afrikaners in die vreemde. Kaapstad: Tafelberg, 1976. (Die Afrikaner en sy kultuur, Deel 5). R15,00.

VILJOEN, P. J. J.

"Tot ander kant uit" Die pad van die trekboer in die geskiedenis van suidelike Afrika. Pretoria: Klub 10 000, 1976.

Hierdie boek is eintlik 'n geslagslys van 'n tak van die familie Viljoen en behandel in die besonder die afstammeling van Hercules David Jacobus Viljoen. R6,00.

AURORA